



UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0253479



111012047101220000019

1. ALLE EKSEMPLAAR MAG
2. OMSTANDIGHEDE
3. ALLEK VERWYDER

EUROPEES-HISTORIESE VORMTAALELEMENTE
IN DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDE KERKARGITEKTUUR VAN DIE
GROOT-KAROO

deur

LYDIA MAGDALENA DE WAAL

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die
graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte
(Departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste).
aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat,

Bloemfontein

Studieleier: Prof. dr. A.A.F. Teurlinckx

Medestudieleier: Prof. L. Roodt

Bloemfontein,

Januarie 1978.


T-26. na 6814 Waa
253479

HEE... LAARLAG ONDER
GEE... AN GHEDE UIT DIE
BIBLI... WORD NIE

"Vir vele beteken Karoo onherbergzaamheid en ongenaakbaarheid. En dit is seker waar dat die natuur hier soms baie hard kan wees teenoor die mens. Maar daar is seker ook min dele in ons land waar 'n mens nog die gulhartigheid en gasvryheid waarvoor ons volkie bekend is, in dieselfde ruime mate aantref as juis hier. Dit is asof ons Liewe Heer aan sy maaksel die vriendelikeheid wat in die aarde ontbreek, wou vergoed deur aan hulle warme harte te gee, sodat hulle mekaar kan opbeur. En daarom beteken Karoo vir ons wat hier woon, soveel meer as net die harde natuur en daarom het ons die Karoo so hartstogtelik lief."

(Uit: Ons Gemeentelike Feesalbum,

Merweville, p.140)



GRAAFF-REINET

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK		<u>Bladsy</u>
	ERKENNINGS	1
1	INLEIDING EN MOTIVERING	2
2	DIE KERK: DEFINISIE, DOEL EN FUNKSIE	5
2:1	Die term "kerk"	5
2:2	Oorsig oor die ontwikkeling van kerk- argitektuur	6
2:3	Beplanning en oprigting van 'n kerkgebou ..	8
2:4	Die doel van die kerkgebou	10
3	HISTORIESE SKETS VAN DIE NEDERDUITS- GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA	12
3:1	Ontstaan	12
3:2	Interne organisasie	17
4	DIE GEBIED	19
4:1	Die term "karoo"	19
4:2	Die Karoo: Groot-, Bo- en Klein-Karoo	20
4:2:1	Die Groot-Karoo	20
4:2:2	Die Bo-Karoo	22
4:2:3	Kaapse Middelland	22
4:2:4	Die Klein-Karoo	23
4:3	Anneksasie van die gebied	23
5	DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDE KERK IN DIE KAROO	25
5:1	Gemeente- en dorpstigting	25
5:2	Die sogenaamde Boerekerk	38
6	EUROPEES-HISTORIESE KERKBOUSTYLE	40
6:1	Inleiding	40
6:2	Vroeg-Christelik	41
6:3	Die Middeleeue	43
6:3:1	Romaans	43
6:3:2	Gotiek	45
6:4	Renaissance en Barok	50
6:5	Kerkhervorming en Protestantse kerkargitek= tuur	52
6:6	Die Negentiende eeu	57

7	DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDE MOEDERKERKE IN	
	DIE GROOT-KAROO: KUNSHISTORIES BESKOU ..	62
7:1	Inleiding	62
7:2	Die Nederduits-Gereformeerde kerke	65
	Beaufort-Wes	68
	Prins Albert	88
	Murraysburg	94
	Aberdeen	101
	Laingsburg	108
	Merweville	114
	Sutherland	118
	Loxton	120
	Willowmore	120
8	DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDE KERKE BUIITE	
	DIE GROOT-KAROO	121
	Graaff-Reinet	131
	Cradock	131
	Colesberg	141
	Richmond	148
	Jansenville	152
	Hanover	156
	Steytlerville	158
9	BESLUIT	164
	BIBLIOGRAFIE	170
	OPSOMMING	178
	BYLAES	

ERKENNINGS

Erkenning word, met dank, aan die volgende persone en instansies verleen wat deur middel van finansiële en morele steun dié projek moontlik gemaak het:

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Sentrale Navorsingskomitee van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vir finansiële steun;

my hoofstudieleier, prof. dr. A.A.F. Teurlinckx, Hoof van die Departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, vir sy belangstelling, aanmoediging en insiggewende hulp;

my medestudieleier, prof. L. Roodt, Hoof van die Departement Argitektuur aan die U.O.V.S. vir sy hulp;

Prof. D.P. Kesting, argitek van Pretoria, vir sy vriendelike steun en daadwerklike hulp in die beskikbaarstelling van plandiagramme;

die personeel van die Nederduits-Gereformeerde Kerkargiewe in Kaapstad en Bloemfontein en die saakgelastigdes van die verskillende gemeentes vir hul hulp met die opspoor en beskikbaarstelling van argiefstukke en dokumente;

aan my ouers, familie en vriende wat deurgaans belanggestel en morele steun verleen het;

en bo alles gaan my dank aan my Skepper sonder Wie ek tot niks in staat sou wees nie.

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN MOTIVERING

Heelwat navorsing is reeds oor die kerkargitektuur in Suid-Afrika gedoen. 'n Omvattende opname in dié verband is byvoorbeeld deur die Skool vir Argitektuur en Aanverwante Dissiplines van die Universiteit van Port Elizabeth onderneem.¹ Ander studies is regionaal van aard, of hou verband met 'n spesifieke kerkgenootskap of susterskerk. Dit is grondige studies wat boukundige beskrywing en ontledings van die afsonderlike styl/e wat daarby betrek word, inhou.

'n Leemte ontstaan egter as 'n kunshistoriese beskouing van die verskillende vormtaalelemente in die kerkargitektuur van Suid-Afrika ter sprake kom. Waar die studies oor ouer kerke handel, word die toepaslike kunshistoriese stylperiodes - soos byvoorbeeld Romaans, Gotiek of Renaissance - wel betrek. Maar die verwysings hierna is heel dikwels bloot gegrond op die argitektoniese aspekte en is weinig op die kunshistoriese en estetiese ingestel.

In dié studie word daarom gepoog om juis meer klem op die kunshistoriese te lê. Die liturgiese aspekte van die kerkgebou word uit die aard van die saak nie buite rekening gelaat nie, maar wel - heel kortliks - betrek. Die hoofdoel van dié ondersoek bly egter 'n kunshistoriese soeke na spesifieke Europees-historiese vormtaalelemente in die kerke van die Groot-Karóo en omringende gebiede.

1. Kesting, D.P. en Cronje, J.C. : Bibliografie van Christelike Kerkargitektuur, Universiteit van Port Elizabeth, 1976.

1:2 MOTIVERING:

Die kerk- en dorpsgeskiedenis van die Karoo en dan meer spesifiek die Groot-Karoo, is volgens die outeur se mening baie afgeskeep. Oor die kerke in die Boland, waar ons eerste gemeentes ook tot stand gekom het en oor die kerke van die Transgariep (Vrystaat) en Transvaal is baie geskryf. Maar juis dié gebied wat deur sy geografiese ligging die kruispunt tussen noord en suid en oos en wes is, is telkens oor die hoof gesien.

Vlugtige verwysings na die Karookerk kom wel in studies en geskifte en programme oor ons argitektuur voor, maar dit is terloopse verwysings, net soos wat die pragtige torings van die Karookerke terloops deur 'n haastige reisiger in dié uitgestrekte landstreek gesien en heel spoedig vergeet word.

Dr. Piet van der Schijff² het eens opgemerk dat die Karoo dit waardig is dat sy geskiedenis, gebruike en gewoontes opgeteken word. In aansluiting hierby voel die outeur dat dié streek se bydrae op argitektoniese en kunshistoriese gebied ook fyner betragting werd is.

Dié projek wil dus poog om in die behoefte van 'n intensiewe ondersoek na die herkoms van die verskillende vormtaalelemente in die Nederduits-Gereformeerde Kerke van die Karoo,

-
2. Rapport, 26 Junie 1975, p.6: "Hy wil die Karoo in elke huis bring." - dr. Piet van der Schijff, hoogleraar in geskiedenis aan die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.

te voorsien. Die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het 'n noue band met die verwante kerke in Nederland en Engeland. Hierdie erfenis word in berekening gebring en ooreenkomste spesifiek met kerke in die Dietse stamlande en Brittanje, uitgelig.

Wat die kerkgeskiedenis betref, word die ontstaan van die Kerk aan die suidpunt van Afrika kortliks geskets, waarop na die uitbreiding van die kerk na die binneland verwys word. By die geskiedenis van die Karoogemeentes en die eerste gemeentes aan die Kaap word noodwendig langer stilgestaan.

Omvattende en insiggewende bronne oor die Nederduits-Gereformeerde Kerk se geskiedenis in Suid-Afrika is baie beperk. Gemeentes het wel feesbrosjures en -albums die lig laat sien en enkele werke oor die Kerkgeskiedenis is daar wel, soos A. Moorrees se werk³, maar dit is nie meer so 'n resente werk nie. Dié aspek het ook P.B. van der Watt nie ontgaan nie: "Kontemporêre Vaderlandse Kerkgeskiedenisboeke kom inderdaad in ons historiese bibliografie voor, m  r dan altyd as publikasies van sporadiese aard. Ons wil die pleit opneem vir 'n groot- en volskaalse akademiese aanslag op die beoefening van die kerkgeskiedenis van ons eie tyd. Dit moet as aspek van die kerkgeskiedenis meer as net sporadiese of toevallige aandag kry."⁴

-
3. Moorrees, A., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1652 - 1873), Kaapstad, 1937.
 4. Van der Watt, P.B., Gedagtes Rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis - met besondere verwysing na die Ned. Geref. Kerk, p.10.

HOOFSTUK 2

DIE KERK: DEFINISIE, DOEL EN FUNKSIE2:1 Die term 'kerk'

Op die vraag wat 'n kerk is, kan verskillende antwoorde verstrek word, antwoorde komende uit die Kerkwet, die liturgie en ook afkomstig van die argitek of kunstenaar.

Die term kerk is ontleen aan die Grieks Kyriakè (dit wat aan die Here behoort) en ook oika (huis).

Volgens die Kerklike Reg of Kerkwet van 1161 van die Rooms-Katolieke Kerk, is 'n kerk 'n heilige gebou met as primêre funksie die inrigting van 'n ruimte vir goddelike aanbidding. Dit word ook deur alle gelowiges vir openbare godsdiensbeoefening gebruik. Kragtens die Roomse opvatting van die transsubstansiasie is God self in die kerk aanwesig en word die kerk die huis van God.¹

Die begrip kan ook na die mense, die inhoud, dus die vergadering van die gelowiges verwys, met ander woorde na die gemeente. In die eerste plek dui kerk dus op die gebou en in die tweede plek op die gemeenskap van van die gelowiges, die ekklesia.

1. Sien ook p.10.

2:2 Oorsig oor die ontwikkeling van kerkargitektuur

Uit die verloop van die geskiedenis van die Christen se godsdiensbeoefening deur die eeue, kan die ontstaan en die behoefte aan die uitbreiding van die ruimte vir aanbidding afgelees word.

In die eerste eeue van die Christelike jaartelling het aanbidding - te midde van hewige vervolging - in private woonhuise of in katakombes plaasgevind. Dit sou eers ná die Edik van Milaan in 313 wees dat kerkargitektuur sterk op die voorgrond sou tree. Keiser Konstantyn maak die oprigting van groot kerkgeboue regdeur die Ryk moontlik. Kerke was aanvanklik net in stede opgerig, maar teen die einde van die sewende eeu word dit selfs op die platteland aangetref.

In die vroeg-Christelike periode was die kerk dus reeds al 'n vergaderplek van gelowiges en die plek van ontmoeting tussen geestelikes en leke.

In die Romaanse tyd kry die kerkgebou 'n nuwe gedaante. Dit moes nou al meer 'n beeld van die Hemelse Jerusalem word.²

-
2. Vollediger bespreking van dié styl uit die Middeleeue en ander style tot en met die 18e eeu in Hoofstuk 6.

Hierdie eerste belangrike styl van die Middeleeuse kerk=argitektuur in die Weste groei uit die Klassieke en Bisantynse style van die vroegste eeue.

Waar in die vroeg-Christelike kerke die klem op die interieur (binnekerk) as sakrale ruimte geval het en die eksterieur (buitekerk) byna as van geen belang geag was nie, het die eksterne vormgewing vanaf die Romaanse tyd egter in belangrikheid toegeneem.

Belangrik egter was dat die vroeë-Christelike en Middeleeuse kerke in grondplan en interieur moes aanpas by die liturgiese funksies van die kerk.

Uit die Romaanse styl ontwikkel die Gotiek, wat sy hoogtepunt in die 14e eeu bereik. Dit word opgevolg deur die Renaissance met sy wedergeboorte van die Klassieke ideaal. Die 17e eeu kondig die Barokstyl aan, met die Rokoko as laaste fase en ook as inleiding tot die 18e eeu.

In die tweede helfte van die 18e eeu breek 'n tydperk in die argitektuurgeskiedenis aan waarin die sogenaamde neo-style ontstaan. Dit sal veral in die 19e eeu sy hoogtepunt bereik in die Neo-Gotiek. Die Gotiese styl van die Middeleeue word in dié tyd as voorbeeld geneem en die argitekte trag om dit weer te laat herleef. Die Neo-Gotiese styl word hoofsaaklik op kerkargitektuur toegepas.

Hierna word die tyd van die moderne argitektuur betree waar, veral op die gebied van die kerkargitektuur, 'n bonte verskeidenheid nuwe en gevarieerde style voorkom.

2:3 Beplanning en oprigting van die kerkgebou

In die beplanning en oprigting van 'n kerkgebou moet nie net rekening gehou word met sulke aspekte soos akoestiek en 'n esteties bevredigende konstruksie nie, maar ook met die volgende:

die behoefte van die gemeente;
 die liturgiese funksies;
 simboliese aspekte, soos rigtingoriëntasie;
 die eenheid van die verskillende onderdele, byvoorbeeld die inskakeling van die konsistorieruimte, plasing van die kansel, banke, doopvont en Nagmaalstafel.

'n Aspek wat in die Protestantse kerk in gedagte gehou moet word is dat die gemeente nie net luisteraar en toeskouer in die diens is nie, maar deur sang en gebed aktief deelneem. Verder kom ook geen skeiding meer tussen die ampsdraers en die gemeentelide voor nie.

Die plasing en doel van die altaar en biskopstoel het ná die Kerkhervorming ook in die beplanning van die interne ruimte van die kerk verander. Die biskopstoel wat altyd agter die altaar in die Rooms-Katolieke kerk gestaan het, is deur die preekstoel vervang wat dan ook vóór die altaar geplaas is.

Die kansel word nader aan die gemeente geplaas en die diens word dus nie meer voor die altaar gelei nie, maar die Woord word in die rigting van die gemeente verkondig. Hoewel die kansel nou 'n prominente plek inneem, moet dit egter nie te hoog wees sodat dit ongemak vir die gemeentelide veroorsaak wat moontlik in die voorste rye sit nie. Verder mag die kansel ook nie te beknop wees nie. Leraars en by geval mede-leraars moet genoeg ruimte hê om vryelik te kan beweeg.

By die beplanning van vroeëre kerke het rigtingoriëntasie 'n belangrike rol gespeel. Die lengte-as van die kerk was gewoonlik in die oos-wes rigting, sodat die sanctuarium oos en die hoofingang wes was.

Die aanbidders se gesig was na die ooste gekeer, 'n gebruik wat waarskynlik uit die Joodse en pagane godsdienste stam. Vir die Christen was die ooste ook van besondere belang, daar die opkomende son simbool is van die Messias wat uit die ooste sou kom, asook van die Wederkoms van Christus. (Vergelyk in dié verband Ps. 67:33, Esegïël 43:2, Sagaria 6:12, Malag. 4:2 en Matt. 24:27). Die westekant was gesien as die kant van die Ryk van die Donkerheid.

Rigtingoriëntasie het egter geleidelik as gevolg van praktiese probleme in onbruik verval. Geen kerkwet vereis dit vandag meer nie, maar waar moontlik word dit blykbaar tog toegepas. Of die oos-wes oriëntasie wat

by sommige Suid-Afrikaanse kerke aangetref word, enigsins iets met die simboliek daaraan verbonde te make het, is nie duidelik nie. Moontlik word hier slegs 'n tradisie gevolg.

2:4 Die doel van die kerkgebou

Met die noukeurige beplanning en oprigting van die kerkgebou in gedagte, kan die vraag ten slotte gestel word: Wat is dan werklik die doel "met" die kerkgebou?

Die primêre doel is die oprigting van 'n gebou tot eer van God. Hiermee samehangend is 'n verdere direkte doel die verskaffing van die nodige ruimte waarbinne die liturgiese funksies kan afspeel. Verder moet dit die gelowiges kan huisves wat in die aanbidding deelneem.

Ten slotte moet die kerkgebou diegene wat buite staan en nog nie deelgenote in die geloof is nie, aantrek.

Ten opsigte van die betiteling van 'n kerk as byvoorbeeld Huis van God, (Bet-el), Woonplek van God of ontmoetingsplek met God bestaan meningsverskille.³ Aan die een kant word die kerk nie bloot net as 'n gebou beskou waarin heilige handeling afspel nie, maar bo alles as woonplek

3. Sien p.5 waar die Rooms-Katolieke opvatting aangaande transsubstansiasie gemeld word.

van God, in Homself heilig. Dit bring mee dat die kerkgebou hiervolgens dus 'n inherente heiligheid besit.

Vir die Rooms-Katoliek is die kerk dus letterlik "Huis van God", daarom word net die beste goed genoeg in so 'n katedraal geag - ook betreffende die weelderige versiering - want God moet volgens dié Leer sigbaar in aardse heerlikheid word.

Watter uitsluitel ookal (van kerklike gesagskant) in dié verband gegee word, staan dit vas dat die liturgiese handeling en die argitektoniese konstruksie - dus liturgie en argitektuur - in die kerkboukuns onlosmaaklik van mekaar en dus in 'n funksionele verhouding tot mekaar staan. Indien dié verband nie bestaan het nie, sou die essensiële kenmerke van 'n kerkgebou ook ontbreek het. C. Gurlitt het in 1894 tereg dan ook opgemerk dat die eintlike bouheer van die kerk die erediens is.⁴

4. Encyclopedie van het Christendom, Protestants Deel, p. 467.

HOOFSTUK 3HISTORIESE SKETS VAN DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDEKERK IN SUID-AFRIKA3:1 Ontstaan

Die datum van die Suid-Afrikaanse volksplanting word algemeen as die datum van die stigting van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika beskou.

Jan van Riebeeck het op 6 April 1652 met bykans honderd siele in die Kaap voet aan wal gesit. Twee dae later bid hy by 'n vergadering tot God dat:

"Uwe ware Christelike Leer onder de brutale inwoners van dit land bekend (mocht) worden"¹ .

Met sy aankoms aan die Kaap het die kommandeur reeds tot God gebid dat, as dit in Sy wil is, die gereformeerde Christelike Leer voortgeplant en uitgebrei mag word op die nuwe bodem wat betree is. Dit was dus uit die staanspoor duidelik dat met die volksplanting nie net 'n kommersiële doel beoog was nie, maar ook die vestiging en uitbreiding van die Christelike geloof.

Die Nederduits-Gereformeerde Kerk is dus met die aankoms van dié groep Europeërs aan die suidpunt van Afrika

1. Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en Leeraren, inleiding. Volledige gelofte van Jan van Riebeeck: Bylae No. 1.

geplant. Dié Kerk kan tereg as uitvloeisel van die Gereformeerde Kerk in Nederland beskou word wat ná die groot Kerkhervorming van die sestiende eeu aldaar ontstaan het.

Godsdiensoefening is van meet af aan in die fort aan die Kaap gehou. Dit is dan ook skaars vier jaar ná die geskiedkundige landing van Van Riebeeck moontlik dat die eerste gemeente, dié van Kaapstad, gevestig kon word. Die eerste leraar vir dié gemeente sal egter eers nege jaar na dié datum, in 1665, uit Nederland aankom. Hy was ds. Johannes van Arckel.

Voordat die ontwikkeling van die Kerk en die uitbreiding van die kolonie verder kortliks belig word, net enkele gedagtes oor die verhouding tussen die Kaapse Kerk en die Verenigde Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (V.O.C.) en die owerheid aan die Kaap.

"Staatkundig en kerklik is die Kaap as onderdeel van Nederlands-Indië beskou en behandel. Die Kaap het gevolglik ook onder die jurisdiksie van die Hoë Regering in Indië gestaan."²

Die geweldige afstande en gebrek aan kommunikasiemiddele

-
2. Vorster, J.D., Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie, 1652-1795, p.35 en p.38, vir omskrywing van die begrip owerheid.

het egter tot gevolg gehad dat die Hoë Regering in Indië nie altyd die nodige aandag aan sake in die Kaap kon gee nie. Daarom is 'n kommissaris aangestel wat as skakel moes dien. Dit sou egter die Here XVII wees wat die meeste besluite aangaande die Kaap sou neem.

Byna alle sake op kerklike gebied is na die Here XVII verwys vir goedkeuring, soos byvoorbeeld die aanstelling en ontslag van predikante en ook die kerkorde.

Die owerheid, dus die Politieke Raad, het weer seggenskap gehad in sake soos die samestelling van die kerkraad, die grootte daarvan en selfs in so 'n suiwer kerklike aangeleentheid soos die tug.

Die kolonie het langamerhand uitgebrei en saam daarmee ook die Kerk. Die bevolking het stadig oor die uitgestrekte gebied versprei. Oral waar 'n nedersetting ontstaan het, is ook dadelik 'n gebied vir die kerk afgebaken.

Teen 1726 was die bevolkingstal sowat 3 000, versprei oor die hele destydse "bekende" gebied. In 1743 het drie gemeentes reeds bestaan, naamlik Kaapstad, Stellenbosch en Drakenstein (Paarl).

Verdere gemeentes wat ook nog in die 18e eeu gestig word, is onder meer Graaff-Reinet in 1790 en Swellendam in 1798.

Met die bewindsverandering aan die Kaap teen die einde van die 18e eeu (1795), tree ook 'n verandering in die kerkbestuur in . Vanaf die aankoms van Jan van Riebeeck het die Kerk in Suid-Afrika, soos reeds genoem, onder direkte bestuur en beheer van die Oos-Indiese Kompanjie en die Classis van Amsterdam gestaan. Dié toestand duur tot 1795 waarna dit - afwisselend onder Britse en Bataafse bewind - onder regstreekse bestuur van die bewindvoerende Staat kom. In 1824 sou hieraan ook 'n einde kom wanneer die Kerk selfstandig word.

Die kerkgeskiedenis in Suid-Afrika in die 19e eeu word ingelui met die proklamasie van die nuwe distrik van Beaufort-Wes in 1818.³

Dit is ook vroeg in die 19e eeu en wel in 1806, dat die Kaap formeel onder bestuur van Brittanje kom en die destydse goewerneur, lord Charles Somerset, se verengelsingbeleid begin. So word Engels op 5 Julie 1822 die amptelike taal, ook in die Hollandse kerke.

'n Vraag wat op dié tydstip opduik, is of die wisselende bewind aan die Kaap - en in Somerset se tyd die aanvul van die tekort aan predikante vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk met predikante uit Skotland - 'n merkbare invloed op die kerkargitektuur self uitgeoefen het.

3. Vollediger bespreking in Hoofstuk 5.

Dit is bekend dat die ontluikende Kerk sy strewe tot selfbestuur sou handhaaf en homself ook as tipies Hervormend en inheems sou bewys, maar hoe selfstandig openbaar die Kerk haarself in die beplanning en oprigting van die kerkgeboue?

Uit 'n vlugtige oorsig blyk dit dat die invloed van die middeleeuse Europese style Romaans en Gotiek en ook van die Renaissance-styl, baie pertinent is. In keuse is dus die Europese neiging in kerkargitektuur gehandhaaf. Vormtaalelemente wat uit die genoemde style geneem is, is wel verander om by plaaslike eise aan te pas.

Om tot die verdere ontwikkeling van die kerkgeskiedenis hier te lande terug te keer: In 1824 kry die Kerk verlof om 'n algemene vergadering te belê. Op dié vergadering, wat die eerste Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is, word riglyne vir die nuwe, selfstandige Kerk opgestel. Dit sou in 1842 hersien en verbeter word.

Die Eerste Sinode is uit drie Ringe saamgestel, naamlik die Ring van Kaapstad, met die stadsgemeente, Paarl, Swartland, Stellenbosch en Somerset West; die Ring van Tulbagh, met Tulbagh, Swellendam, Caledon, George en Worcester en die Ring van Graaff-Reinet, met Graaff-Reinet, Uitenhage, Beaufort West en Cradock.

In 1843 vaardig die regering 'n ordonansie uit waarin

die Kerkorde van De Mist herroep word en die Kerk volmag kry tot selfbestuur. Van hierdie datum af staan die Kerk bekend as die "Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika". Vroeër is na die Kerk as bloot Gereformeerde en soms ook die Hervormde Kerk verwys.

In Natal en die Oranje-Vrystaat ontstaan selfstandige sinodes. Die verspreide groepe in die Transvaal verenig ook. Intussen, in 1859, kom die Gereformeerde Kerk in die noorde tot stand en staan dit bekend as die Afgeskeide of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Dit is deur dr. Dirk Postma gestig.

3:2 Interne organisasie

Wat die interne organisasie van die vroeë Kerk aan die Kaap betref, is volgens Gerdener⁴ die voorbeeld van die Kerk van Nederland gevolg. Die Dortse Kerkorde van 1619 was ook hier van krag, met enkele wysiginge wat na gelang van omstandighede aangebring is.

Eredienste en ander liturgiese funksies het nie grootliks van hedendaagse gebruike verskil nie. Sondae is twee eredienste gehou. 'n Weekdiens is later met 'n biduur vervang en tyd is vir die katekisasieklas ingeruim.


4. Gerdener, G.B.A., Ons Eie Kerkgeskiedenis in Kerkgeskiedenis vir ons volk, Deel III, p.113.

Die Heilige Nagmaal is vier keer per jaar gevier, met die Voorbereidingsdiens die voorafgaande Vrydag.

Met hierdie gemeentelike funksies en die liturgie daaraan verbonde moes boustyle dus ook wel deeglik rekening gaan hou.

I

**DIE GEOMORFOLOGIESE PROVINSIES VAN
SUID - AFRIKA**



- 1 - Groot - Karoo
- 2 - Suidelike Plooiingsgebergte
- 3 - Westelike Plooiingsgebergte
- 4 - Oostelike Middelland (Kaapse Middelland)
- 5 - Bo-Karoo
- 6 - Suidelike kusgebied
- 7 - Oostelike kusstrook

volgens: King, L.C.,
South African Scenery, p. 266.

HOOFSTUK 4

DIE GEBIED

Die Karoo is seker een van die bekendste geomorfologiese provinsies van die Republiek van Suid-Afrika. Enige reisiger wat die land van suid na noord deurkruis, maak onvermydelik met dié gebied kennis. Die werklike grense van dié uitgestrekte woestynagtige vlaktelandskap is egter minder bekend. Ook die oorsprong van die benaming van dié wêreld van karoo=bossie, soetdoring en skaaptroppe is nagenoeg onbekend.

4:1 Die term 'karoo'

Dit is volgens oorlewering afgelei van die Hottentotwoord "kuru" wat droog beteken. Raper¹ wys daarop dat die primêre betekenis hard is en hieruit kom die begrip van droog. Die Hollandse Koloniste het dié gebied daarom ook Droogeveld genoem.

Die term kan egter ook verwys na verskillende Suid-Afrikaanse plantsoorte, soos die baie bekende karoobossie en die vaalkaroo.

Verder is die term ook op verskillende streke in Suid-Afrika van toepassing, waarvan die Groot-Karoo - wat tussen die Groot Eskarp en die Kaapse Plooiberge geleë is - die bekendste is. 'n Veel groter gebied bokant die eskarp staan bekend as die Bo-Karoo.

1. Raper, P.E. Streekname in Suid-Afrika en Suidwes, p.57.

4:2 Die Karoo: Groot-, Bo- en Klein-Karoo

"Die Groot Eskarp of platorand vorm die opvallendste en mees deurlopende topografiese lyn in Suid-Afrika. Hoewel geomorfologies 'n eenheid, word die steilste dele in verskillende omgewings met plaaslike name aangedui."²

Vir dié studie is veral die gebied suid van die plato-rand en noord van die Kaapse Plooiberge - ook bekend as die Groot-Karoo - van belang. Dit daal weswaarts van 2 400 m in die Sneeuberge tot 1 800 m in die Nuweveld- en 1 500 m in die Roggeveldberge. Dié drie bergreekse vorm die verste oostelike, noordelike en westelike grense van die Groot-Karoo.

4:2:1 Die Groot-Karoo

Dié gebied is geleë tussen die Nuweveld- en Roggeveldberge in die noorde en die Sneeuberge in die noord-ooste, met die Swart- en Witteberge as die suidelike grens.³

In die weste word dit deur die Bokkeveld-, Seder- en Hexrivierberge begrens. Oos ontmoet die Suurberge, Bruintjieshoogte en die berge van die oostelike rand-hellings dié uitgestrekte gebied.

2. Barnard, W.S., et al., Suid-Afrika Die land en sy Streke, p.8.

3. Sien in dié verband die uittreksel uit die Artikel van die Nasionale Toeristeburo, Bylae No.2.

Binne dié gebied is verskillende streke wat, soos Barnard aangedui het, elk met plaaslike name aangegee word. So byvoorbeeld staan die gebied onder die Nuweveldberge, in die omgewing van Beaufort-Wes, as die Koup bekend. In argiefstukke van 1763 word reeds met dié benaming na die gebied verwys.

Volgens Raper⁴ is die woord "koup" 'n verbastering van die ou Hottentotwoord "gouph" of "koub" wat pensvet beteken. Die naamsverwysing hou heel moontlik verband met die vrugbaarheid van dié spesifieke streek waar skape so goed aard.

Die westelike deel van die Groot-Karoo is die Tankwa (Tanqua), geleë in die omgewing van die rivier met dieselfde naam. Tussen-in lê die Moordenaarskaroo, noord van Matjiesfontein, begrens deur die Buffels- en Dwykariviere.

Ander gebiede is die Seresse- of Ceres-Karoo, die Bokkeveld- en Roggeveldkaroo en die reeds vermelde Bo-Karoo.

Die volgende landdrosdistrikte val volgens Barnard⁵ binne die grens van die Groot-Karoo:
Aberdeen, Beaufort-Wes, Laingsburg, Murraysburg,
Prins Albert en Willowmore.

4. Raper, P.E., op.cit., p.55.

5. Barnard, op.cit., p.302.

4:2:2 Die Bo-Karoo

Die gebied is direk noord van die Nuweveldberge geleë. Die Groot Eskarp of platorand skei dit in die suide van die Groot-Karoo. Die westelike grens van die Bo-Karoo - wat tot in die Hoëveld in die noorde strek - is die Roggeveldberge.

In die westelike Bo-Karoo is onder meer die volgende landdrosdistrikte: Calvinia, Fraserburg, Sutherland, Victoria-Wes en Williston. In die oostelike Bo-Karoo is dorpe soos Colesberg, De Aar, Hanover, Hoptown, Richmond en Steynsburg geleë.

4:2:3 Kaapse Middelland


Die populêre opvatting dat Steytlerville, Graaff-Reinet en Cradock Groot-Karoodorpe is, word deur Barnard⁶ se indeling van die geomorfologiese provinsies van Suid-Afrika weerlê. Hiervolgens val dié dorpe in die ooste van die Karoo, binne die grense van die Kaapse Middelland.

Dr. J.S. le Roux⁷ beskou Graaff-Reinet egter wel as 'n Groot-Karoodorp. Dit val, saam met Somerset-Oos, suid van die eskarp en dus binne die Groot-Karoo. Cradock en Steytlerville is na sy mening egter grensgevalle. In die ooste, langs die Groot-Visrivier, sluit

6. Barnard, op.cit., p.302.

7. Le Roux, J.S.: Senior lektor, Dept. Aardrykskunde UOVS, Onderhoud, Augustus 1976.

BERGREEKSE IN SUID-, WES- EN OOS-KAAPLAND



- 1 Kamiesberg
- 2 Roggeveldberge
- 3 Nuweveldberge
- 4 Sneeuberge
- 5 Suurberge
- 6 Stormberg
- 7 Swartberge
- 8 Langeberge
- 9 Sederberge
- 10 Bokkeveldberg

volgens: Barnard, W.S., et.al.,

Suid-Afrika; die land en sy streke, p.9.

die gebied om Cradock wel by die Groot-Karoo aan.
 Steytlerville lê egter baie beslis tussen die plooiberge en dus nie binne die Groot-Karoo nie.

4:2:4 Die Klein-Karoo

Die Klein-Karoo is die laaglandgebied wat die deel van die Gouritsbekken vorm wat tussen die Langeberge in die suide en die Swartberge in die noorde lê, aldus Le Roux.⁸ Die Groot-Karoo is sowat vyf maal groter as die Klein-Karoo.

Die bekendste dorpe in die Klein-Karoo is Ladismith, Calitzdorp en Oudtshoorn.

4:3 Anneksasie van die gebied

Tot 1785 het die Groot-Karoo deel van die distrik van Stellenbosch uitgemaak. Die Gamtoosrivier in die ooste was die verste, amptelike grens van dié uitgestrekte gebied.

"Op 13 Desember 1785 is die drosdy Graaff-Reinet gestig, met Herman Otto Woeke as landdros. Die grootste deel van die Groot-Karoo is toe by hierdie nuwe distrik gevoeg, met die Gamkarivier as die wesgrens",

skryf Vivier.⁹

8. Le Roux, J.S.: op.cit.

9. Vivier, W.G.H. en S. Hooyvlakte, p.1.

In 1805 word die nuwe distrik van Tulbagh gevorm en in 1818 die distrik Beaufort. Laasgenoemde is saamgestel uit die oostelike deel van Tulbagh, die westelike deel van Graaff-Reinet en ook 'n strook land anderkant die Sakrivier.

"Vir die setel van die landdros het die keuse op die plaas Hooyvlakte in die Caroo aan die Gamka- en Kuilsrivier, op die vlakte onder die Nieuwveldberge, geval",

aldus Vivier. Dit is die huidige Beaufort-Wes.¹⁰

10. Op die afbakenings word in die volgende hoofstuk verder uitgebrei.

HOOFSTUK 5

DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDE KERK VAN DIE KAROO

5:1 Gemeente- en dorpstigting

Die eerste melding van veeboere wat die gebied tussen die Nuweveld en "Zwartbergen" beset het, word in verslae van ná 1750-60 gemaak. Die eerste veeboere trek byvoorbeeld teen 1760 die Koup en Nuweveld binne. Teen die einde van die 18e eeu het verskeie veeboere hulle reeds ver noord van die Nuweveldberge gevestig.

Die meeste Karoodorpe in dié uitgestrekte gebied, die Groot-Karoo, het tydens die derde tydvak van dorpstigting in Suid-Afrika, dit wil sê 1840-1900, ontstaan. Dit is die tyd van versnelde ekonomiese en politieke gebeure aan die Kaap en ook van die blanke besitname van die Suid-Afrikaanse binneland.¹ Die trekboere raak langsaamerhand gevestig en die dorpies wat oral gestig word dien as godsdienstige en sakesentra op die uitgestrekte vlaktes.

Middeleeuse invloede is opvallend in hierdie Karoodorpies. Dit is veral die kerke, waarvan die oorgrote meerderheid in die neo-Gotiese styl gebou is, wat gewoonlik sentraal in die dorp op 'n kerkplein geleë is en aldus by die

1. Theron, D., Ons Karoo-erfenis in Gevaar, Lantern September 1973, p.5,6.

tradisionele Middeleeuse dorpsuitleg aansluit.²

Voorbeelde van dorpe waar die kerk die dorpsbeeld domineer is onder meer Aberdeen, Graaff-Reinet en Cradock.

Die kerke van byvoorbeeld Laingsburg, Beaufort-Wes, Prins Albert en Murraysburg is langs die hoofstraat geleë, maar vorm tog nog 'n oorheersende element in die straat- en dorpsbeeld.

Teen die einde van die 18e eeu was daar nog net sewe gemeentes van die Nederduits-Gereformeerde Kerk, te wete dié van die Moederstad en Stellenbosch, Drakenstein (Paarl), Tulbagh, Swellendam, Swartland (Malmesbury) en Graaff-Reinet.

As gevolg van 'n verslag van die eerste Rondgaande Hof in 1811 ten opsigte van die haglike toestande van godsdiens en onderwys in die afgeleë distrikte, is die stigting van gemeentes uitgebrei. Reeds in 1791 spreek die Kaapse Kerkraad in 'n brief aan die Classis Amsterdam die vrees uit dat daar in die verafgeleë distrikte 'n geslag gevind sou word wat

-
2. "Die dorpe is 'n skerp omlynde, duidelik afgebakende eenheid in die vaal oneindigheid van vlaktes en plat koppies. Die kerkgebou toring in Gotiese nabootsing hoog bokant die wonings uit. Dit trek die dorpsbeeld saam tot 'n visuele eenheid, dig saamgepak om die kerk self. Die kerk staan in 'n dominante verhouding tot die res van die dorp. Die witgekalkte spits troon hoog bo die meeste sinkdakke en bome uit." Theron, D., op.cit., p.7.

"van de allernodigste kennis van de eerste grondwaarheeden ontbloot, in niets als in den christelijken naam onderscheiden zal zijn van die aangrenzende Heidenen."³

Beaufort-Wes, gestig in 1818, sou een van die eerste nuwe gemeentes vroeg in die 19e eeu wees. Hierna is nuwe distrikte geproklameer en nuwe gemeentes gestig te Prins Albert (1842) en Richmond wat in 1843 van Graaff-Reinet afgestig is met 'n groot deel van wat later die gemeente Murraysburg (1855) sou word.

In die sestigerjare van die vorige eeu ontstaan onder meer die volgende gemeentes: Middelburg, Aberdeen, Jansenville, Sutherland, Uniondale en Willowmore. Steytlerville word in 1876 en Laingsburg in 1882 gestig.

Die stigtingsgeskiedenis van veral die grotere gemeentes in die Karoo vertoon 'n aantal interessante aspekte.

3. Spoelstra, C., Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, Deel I, p.571.

Graaff-Reinet (1785)

Die nuwe distrik in die oostelike grensgebied, wat in 1785 geproklameer word, word na die destydse goewerneur Jacob van de Graaff en sy vrou, Reinet, vernoem.

Die gemeente van Graaff-Reinet word in 1790 gestig. Aanvanklik het dié nuwe gemeente probleme ondervind om 'n predikant te kry, soos uit 'n brief van 1 Februarie 1790 van die Kaapse kerkraad aan die Classis Amsterdam blyk:

"... Eyndelijk kunnen wij niet voorbij te melden, dat ons uit de Nieuwe Colonie Graaff Raynet, door den Landdrost een brief is toege=sonden, met versoek, dat wij't onse wilden contribueeren, dat deselve een vast predicant mogt worden geaccordeert, als sijnde dat district so uitgestrekt, dat men daar meer dan 600 huisgezinnen konde berekenen, die, door de verre afgelegenheid van andere kerken, genoegsaam geene gelegenheid hadden, om van de Bondzegelen en verdere verordende middelen van genade gebruik te maaken."⁴

'n Antwoord op dié versoek kom op 3 Oktober 1791 van die Classis Amsterdam:

"Onse aanzoeken om de ver afgelegene buitendis=tricten van bekwaame leeraaren te voorzien, zijn niet vruchtloos gebleeven. Ds. J.H. Manger heeft, op deszelvs ingeleverd Request, om naar de colonie Graaff Raynet gezonden te worden, een

4. Spoelstra, C., op.cit., Deel I, p.569.

gunstig appointement bekomen, waaromtrent van hier aan het Gouvernement op de Caap kennis zal gegeeven worden."⁵

Met kerkbou het dit eweneens aanvanklik nie so voorspoedig gegaan nie. Uit die kerkraadsnotule van 8 Julie 1798 blyk dit dat daar nie geld vir 'n nuwe kerk is nie, met die gevolg dat die ou kerk - dit is nie duidelik wanneer dit opgerig is nie - herstel moes word.

Op 1 Julie 1799 moet die kerkraad egter die volgende ramspoedige nuus aankondig:

"Door het verbranden van de oude kerk, waarvan de timmerman Jansen het schuld heeft, zijn alle cederhouten cosijnen verbrand."⁶

Hierdie sederhoutbalke en -kosyne van die ou kerk was blykbaar vir die nuwe kerk bestem. Dit was dus 'n verlies vir die nuwe kerk.

Die tweede kerk word in September 1800 voltooi. 'n Derde kerk met 'n strooidak, gewels en ringmuur, is in 1823 in gebruik geneem.⁷

Die huidige kerk, die vierde, wat "ontwerp (is) op dieselfde styl as die Salisbury katedraal in Engeland" word op 11 September 1887 ingewy. Dit word as een "van die mees indrukwekkende en pragtige kerke in Suid-Afrika" beskryf.⁸

5. Spoelstra, C., op.cit., Deel II, p.244.

6, Ibid., p. 519.

7. Graaff-Reinet se Reklamevereniging: Die N.G. Kerk, pamflet.

8. Ibid.

Beaufort-Wes (1818)

In 1760 is die leningplaas "Hooyvlakte in de Carro" aan 'n veeboer uitgegee. Sowat 50 jaar later sou die dorp Beaufort-Wes hier aangelê word.

Die distrik van Beaufort, wat 'n geweldige groot gebied beslaan het, word op 27 November 1818 deur lord Charles Somerset geproklameer.

"Behalwe Beaufort het dit gedeeltes van die huidige distrikte van Prins Albert, Fraserburg, Willowmore, Aberdeen, Murraysburg en Victoria-Wes ingesluit. En dit was ook in die praktyk die grense van die oorspronklike gemeente van Beaufort."⁹

Die nuwe distrik is deur Somerset "Beaufort" genoem ter ere van sy familie - hy was 'n seun van die Hertog van Beaufort. Later jare is dit na Beaufort-Wes herdoop ter onderskeiding van Fort Beaufort en Port Beaufort, laasgenoemde onderskeidelik in Oos- en Wes-Kaapland geleë.

Die eerste kerkdienste op Beaufort-Wes is onder 'n populierboom naby die huidige damwal gehou. Die "kerk" was 'n tent, saamgeflans uit waseile. Meer as 'n jaar lank is dienste in dié omstandighede gehou voordat die kerkraad in 1820 verlof gekry het om dienste in die huis van komdt. Abraham de Klerk (le Clerque), vroeëre

9. Smit, A.P., Gedenkboek van die Ned. Geref. gemeente Beaufort-Wes, p.6.

eienaar van Hooyvlakte, te hou.

Die eerste leraar, ds. John Taylor, moes aanvanklik ook sonder 'n kerkraad werk. Die datum van aanstelling van die eerste kerkraadslede, naamlik 16 Mei 1820, is tege-lyk ook die stigtingsdatum van die gemeente van Beaufort-Wes.

Versoeke aan die owerheid tot die oprigting van 'n permanente kerkgebou ly telkens skipbreuk. 'n Belofte om 'n "provisionele kerk" (niks meer as 'n skuur) op te rig, word wel ontvang. In Februarie 1825 besluit die kerkraad egter om 'n versoekskrif aan die goewerneur te stuur

"vraende om een Kerk alhier te mogen bouwen met assistentie van Rykdsd. tien duizend, vermits de provisienele kerk omtrent Tachtig menschen in zich kan bevatten en met die Heilige dagen der uitdeling der sacramenten vele menschen worden verhindert, om buiten gem. kerk te moeten blyven."¹⁰

Die lening in dié versoekskrif aangevra kon egter nie toegestaan word nie. 'n Kerkboufonds word daarom, met die goedkeuring van landdros A. Stockenström van Graaff-Reinet - onder wie se jurisdiksie die gebied val - in die lewe geroep. Op 16 Oktober 1826 kon Stockenström dan ook die hoeksteen van die eerste kerk lê,

10. Smit, A.P., op.cit., p.25.

wat in 1830 voltooi is. Weens 'n gebrek aan fondse was die eerste kerk toringloos. 'n Toring kon eers sowat tien jaar later aangebou word. Hierdie kerk sou tot 1892 gebruik word voordat aandag aan die oprigting van 'n nuwe kerk gegee kon word.

Prins Albert (1842)

Meer as 20 jaar lank het die bewoners van die omgewing van die Swartberg onder die gemeente Beaufort-Wes geressorteer. In 1841 word 'n versoek tot afstigting tot die Ring van Graaff-Reinet gerig.

Op 24 November 1842 is die benoeming van die eerste ouderlinge en diakens vir die nuwe gemeente bekragtig en dit is ook die aanvangsdatum van die gemeente Prins Albert.

In Mei van die daaropvolgende jaar is die eerste kerk=raadsvergadering onder voorsitterskap van ds. Colin Fraser van Beaufort-Wes, wat as konsulent vir die nuwe gemeente opgetree het, gehou. By hierdie vergadering het dit geblyk dat die regering geen predikant sou aanstel alvorens voorsiening vir 'n kerkgebou en pastorie gemaak is nie. Die gevolg van dié aankondiging was dat spoedig met 'n bouery begin is en die genoemde geboue binne sewe maande voorsien kon word!

Op 'n kerkraadsvergadering in November 1844 is besluit om die dorp Albertsburg te noem, ter ere van sy koninklike hoogheid Prins Albert, gemaal van koningin Victoria.

Volgens 'n kennisgewing van 31 Julie 1845 in die Goewermentsgaset is die naam Prins Albert egter deur die owerheid aan dié nuwe gemeente en dorp van die Swartberg gegee.¹¹

Richmond (1843)

"Richmond, of Driefontein, soos die eerste naam was, is in 'n belangrike tydvak van die geskiedenis tot 'n gemeente gestig. Gedurende die jare wat die stigting voorafgegaan het, het die Groot Trek plaasgevind en 'n groot aantal inwoners uit dié deel wat later die gemeente Richmond sou word, het die Trek meege maak... As gevolg van die Groot Trek het daar dus al vóór die stigting van Richmond, gemeentes in die Vrystaat, Natal en Transvaal tot stand gekom."¹²

'n Versoekskrif gerig aan die Ring van Graaff-Reinet, wat in Oktober 1843 vergader het, lui dat die inwoners van die veldkornetskappe Uitvlugt en Winterveld "van wegen

11. Gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente te Prins Albert, p.12.

12. Oberholster, J.A.S., Ned. Geref. Gemeente Eeufees-Gedenkboek Richmond, K.P., p.1.

den verre afstand van hunne kerken, middelen hebben by der hand genomen om eene kerk in hun midden op te rigten..."¹³

Ongeveer vyf jaar later sou dié nuwe gemeente se kerk ingewy kon word. Dit het die gemeente sowat R8 000 gekos en word deur dr. Oberholster beskryf as "mooi, ruim en sterk".¹⁴

Murraysburg (1855)

Vroeg in 1855 word op 'n vergadering op die plaas Eenzaamheid besluit om 'n ander plaas Toverfontein "voor een kerkplaats te koop".¹⁵ Die eersgenoemde plaas sou later die dorp Murraysburg word. Die nuwe gemeente is Murraysburg genoem uit dankbare erkenning vir die dienste van ds. Andrew Murray, sr.

Die eerste kerk is op 24 Julie 1858 ingewy. Die geskiedenis van die aankoop van die eerste orrel van dié gemeente het 'n interessante verloop geneem. In 1869 doen die kerkraad byvoorbeeld by die goewerneur aansoek om vrystelling van invoerregte op die orrel wat uit Duitsland verwag is. Twee jaar later het die kerkraad nog probleme met die orrel gehad. Hulle moes onder meer verneem dat die vervoerkoste uit Duitsland die koopprys sou oorskry!

13. Oberholster, J.A.S., op.cit., p.2.

14. Ibid., p.12.

15. Oberholster, J.A.S., Murraysburg Honderd Jaar Oud, p.2.

Die gemeente het besluit om die nodige fondse vir die vervoerkoste en installering - wat gesamentlik meer as £ 400 beloop het teenoor die £ 200 van die orrel - in te samel. Op 7 Julie 1871 kon die orrel uiteindelik ingewy word.

Aberdeen (1855)

In 1855 ontstaan die begeerte om 'n dorp op die uitgestrekte gebied tussen Graaff-Reinet en Uitenhage te stig. Die plek wat hiervoor geskik gevind is, was die plaas Brakkefontein.

Op 10 September 1855 word die versoek tot die stigting van 'n nuwe gemeente voor die kerkraad van Graaff-Reinet gelê. Dié versoek is toegestaan, hoewel dit nog deur die Ring van Graaff-Reinet bekragtig moes word.

Die nuwe gemeente is Aberdeen genoem na aanleiding van die geboorteplek van ds. Andrew Murray, die eerste konsulent van die gemeente, wat in Aberdeen, Skotland gebore is.

Die eerste kerkgeboutjie het klipmure en 'n strooidak gehad. In 1859 word die plan vir 'n nuwe kerk goedgekeur. Dit sou volgens die plan van Murraysburg se kerk gebou word.

Steytlerville (1876)

Dié dorp en gemeente is na die stigter, ds. Abraham Isaac Steytler vernoem.¹⁶ Dit is op die regerings= plaas Doorspoort aangelê. Dié plaas was geleë in die driehoek tussen Uitenhage, Jansenville en Willowmore.

Die eerste melding wat van 'n kerkgebou gemaak word, is in Oktober 1875, en wel in De Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika, waar berig word van die inwyding op 11 September van daardie jaar, van 'n tydelike kerkge= bou.¹⁷

Op 5 Mei 1906 is die hoeksteen van die nuwe kerk gelê. Die koste van dié kerk sou na verwagting £16 000 (R32 000) beloop. Die inwyding van dié "een der grootste en sierlykste kerken in ons land" was op 30 Mei 1907.¹⁸ Die gebou is in 1957 herstel en weer kort voor die eeu= feesviering van die gemeente in 1976, opgeknap.

16. Steytler het gewil, ook het hy geweet wat hy wil; vandaar dat die naam van die dorp, skertsend gesê, Steytlerville is, aldus L.J. Schoonees, in Steytlerville en sy mense, p. 24;

17. Ibid., p.21.

18. Ibid., p.67.

Twee van die jongste gemeentes in die Groot-Karoo is onder meer Laingsburg en Merweville. Die stigting van die gemeente van Laingsburg is soos volg in De Christen van 1882 (p. 596), aangekondig:

"Kennisgeving geschiedt dat de Commissie van den Tulbaghchen Ring op den 6 den December (1882) te Laing's Town (Buffelsrivier) vergaderde en aldaar eene Gemeente van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk heeft gesticht, onder de benaming van de Gemeente van Laing's Town."¹⁹

Merweville is op 29 November 1904 gestig. Dié nuwe gemeente is na ds. P. van der Merwe, die eintlike stigter en predikant van Beaufort-Wes, vernoem. Merweville se grense het tot teen dié van Prins Albert, Laingsburg en Sutherland gestrek.

Aan die begin van 1911 word op 'n gemeentevergadering besluit oor die bou van 'n kerk, waarvan die hoeksteen op 24 Januarie 1914 deur ds. Van der Merwe gelê word.

Die inwyding is op 28 April 1916. Die kerk is onder baie moeilike omstandighede van oorlog en droogte voltooi, aldus Erasmus.²⁰

-
19. Driekwarteeufees-gedenkboek van die Ned. Geref. Kerk Laingsburg, pp.12, 13.
20. Erasmus, M.F., Halfeeufees-Gedenkboek Ned. Geref. Gemeente Merweville 1904-1954, p.29.

5:2 Die sogenaamde Boerekerk

"Die ander kerk, die Boerekerk, had 'n yslike wit toring wat bokant die dorp uitgetroon het, so hoog..... jy kon dink dit is hoër as die Nuweveld-berge."²¹

Prof. Chris Barnard verwys in dié aanhaling na die kerk van die Nederduits-Gereformeerde Kerk se Moedergemeente op Beaufort-Wes as die "Boerekerk". Dit is dan ook die algemeen aanvaarde benaming vir die kerk van die Afrikaner.

Volgens Koorts is die ou Boerekerk 'n "produk van die vorige eeu of heel die begin van hierdie eeu. Dit is sover die enigste tipe kerkgebou wat plegtig en stigtelik in sy voorkoms is en wat binne 'n gewyde atmosfeer besit. Hierdie kerke verskyn nog steeds soos sierade op die landskap van talle dorpe soos Graaff-Reinet, Beaufort-Wes.... Die styl is, soos ons dit vandag op sy beste kan beskryf 'outyds': dit is hoofsaaklik 'n vereenvoudigde Gotiek, met hier en daar Romaanse en Barok-elemente, en is meestal van klip gebou."²²

Die grondplan van die tradisionele Boerekerk is gewoonlik gebaseer op die Latynse of op die Griekse kruis.

21. Barnard, Christiaan en Pepper, C.B., Een Lewe, p.9.

22. Koorts, J.M.J., Beginnels van Gereformeerde Kerkbou, pp. 54,55.

Dit is dan hierdie "outydse" Boerekerke, waarin Europees-historiese vormtaalelemente opgesluit lê, wat in dié studie van naderby beskou gaan word.²³

23. Uitvoeriger besprekings van enkele Moedergemeentes van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Karoo volg in Hoofstuk 7.

HOOFSTUK 6EUROPEES-HISTORIESE KERKBOUSTYLE6:1 Inleiding

Die eerste vorm van boukuns wat deur die eeue heen die meeste aandag ontvang het, was tempel- of kerkboukuns.

In die voor-Christelike tyd met sy pagane godsdienste is tempels ter ere van gode of afgestorwenes opgerig, of soos in die geval van die Egiptiese rotstempels, in die berg=hange uitgekap. Hierdie tempels het 'n penetrasie-karakter gehad. Die heiligdom was ver agter in die tempel geleë en slegs toeganklik vir die hoëpriester. Hierdie heiligdom-kenmerk van kerkargitektuur word later in die Christelike argitektuur oorgeneem. Die sanctuarium van die Christelike kerk het daaruit ontstaan.

By die Grieke speel die tempel, geleë op die temenos of tempelveld, 'n baie belangrike rol, veral gedurende die tyd van 700 tot 323 v.C. Die Klassieke Ideaal van harmonie, ewewig en skoonheid kom ook in die tempelargitektuur tot uiting.

Die Romeine begin egter, onder invloed van die Etruske, aandag aan utilitêre bou skenk. Die tempel neem egter wel sy regmatige plek in die argitektuur in, maar verskyn nie meer afsonderlik op 'n tempelveld nie, maar staan saam met ander openbare geboue op die forum.

In die vroeg-Christelike tyd gaan die klemverskuiwing weer na geboue van aanbidding, veral ná die godsdiensvryheid in 313 n.C. Christelike kerkargitektuur ontstaan nou en bereik in die Gotiek sy hoogste bloei. In die Renaissance met sy humanistiese strewe word die aandag weer verdeel en ontvang alle uitinge in argitektuur byna gelyke aandag.


6:2 Vroeg-Christelike boukuns

Die uitgangspunt vir die eerste Christelike kerke is die Romeinse basilika (letterlik: koningshalle), wat later tot die Latynse kruisplan uitgebou sal word (sien pl. III). Hieruit groei planne wat later in kerkargitektuur die algemeenste sal wees, naamlik die basilikaplan, die kruisplan en die - met Bisantynse beïnvloeding - koepelbasilika=plan en ander gesentraliseerde grondplanne. Volgens Leroux, soos aangehaal deur Vermeulen, het die Grieke ook reeds die basilika-vorm geken. Dit was die grondplan van vergader= sale wat ca. 260 v.C. gebou is.¹

Die pagane basilikaplan sou vir bykans die eerste drie eeue van Christelike argitektuur die grondplan bly. Dit het hoofsaaklik uit drie beuke, 'n vestibule, atrium, koor, sanctuarium, halfronde apsis vir die katedra en die krippe, bestaan (sien pl. III no. 2).


1. Vermeulen, F.A.J., Handboek tot de geschiedenis der Nederlandsche bouwkunst, p.69.

GRONDPLAN VAN 'N BASILIEK




- 1—narthex
- 2—hoofbeuk
- 3—apsis
- 4—sybeuke

DIE ONTWIKKELING TOT KRUISBASILIKA




S. Paolo Fuori le Mura
Rome



S. Michele, Pavia

DEURSNIT OM VERSKIL IN DAKHOOGTE AAN TE TOON



- 1—hoofbeuk
- 2—sybeuke
- 3—ligverdieping of clerestorey

Die hoofbeuk is hoër opgetrek as die sybeuke sodat 'n ligverdieping of clerestory bokant die sybeuke ontstaan het, waar vensters aangebring is. (pl.III 4)

"Nu wilde echter het noodlot onzer West= europeesche kerkelijke bouwkunst: - een noodlot dat hare ontwikkeling vijf eeuwen achteruit zou zetten - dat die vroeg-christelike kerkgebouwen nòch het halfronde caisson-gewelf der Romeinsche tempels, nòch de kruisgewelven der basilica forensis overnamen, maar geheel en uit= sluitend de algemeen Hellenistiese bouw= wijze met het houten dak volgden."²

Uit dié aanhaling is dit duidelik dat die vroeë basilikas met oop houtdakke afgedek was, en wel met 'n saaldak vir die hoofbeuk en lessenaarsdakke vir die sybeuke. Hierdie dakke was "oop", wat beteken dat die balke sigbaar was en dus geen plafon voorgekom het nie.

In die Oos-Romeinse Ryk ontwikkel die Bisantynse boukuns met as uitgangspunt die gesentraliseerde grondplantipe met koepeloorwelwing. Voorbeelde van gekombineerde lengte- en sentraalbou kom hier voor, byvoorbeeld in die Hagia Sophia in Istanbul, die destydse Konstantinopel.

2. Vermeulen, E.A.J., op.cit., p.65.

6:3 Die Middeleeue

Die Christendom brei uit, en daarmee saam die kerkargitektuur. Die Middeleeuse tydvak kan in twee groot styl=tydperke ingedeel word, naamlik die Romaanse tyd, wat van ongeveer 800 tot 1200 n.C. duur en die Gotiek.

6:3:1 Die Romaanse Styl

Van dié tyd ná 800 sê sir Banister Fletcher "Religious enthusiasm and zeal found their material expression in the magnificent cathedra churches and monastic buildings, which were an even more significant outcome of this period than were the castles of feudal chiefs".³

Die Karolingiese tydvak van die agste en negende eeue word by die Romaanse tyd ingesluit. Vir sommige historici begin dié styl egter ten tyde van die opkoms van die Cluniasensiese kloosterorde in Frankryk en die Ottoonse Ryk in Duitsland. By die Karolingiese tydvak is inbegrepe die Anglo-Saksiese argitektuur. Laasgenoemde siening sluit weer die Engelse 'Norman style' in.

Die Romaanse styl is eenvoudig, ongekompliseerd en kom veral tot uiting in kerkargitektuur, waarvoor

3. Fletcher's A History of Architecture, 18e druk, p.457.

teruggegryp word na die vroeg-Christelike basilieke se grondplan. Kenmerkend van dié styl is ook die swaar mure, steunpunte en gewelwe en 'n dominerende horisontale gerigtheid.

Die uitinge van dié styl in die noordelike dele van Wes-Europa is gekenmerk deur die rondboog, die duidelike planindeling - soos die van die gebonde sisteem in Duitsland - die elevasie (opbou) en die apse échelon-skema aan die oosparty van die kerke.

Die kernprobleem van die Romaanse styl is die oorwelwing van die basilikale ruimte met 'n steengewelf. In die vroeg-Romaanse tyd kon die argitekte die probleem nog nie goed bemeester nie. Vanaf 1000 tot ca. 1050 word geëksperimenteer en verskillende sisteme ontwikkel wat regionale verskille toon. In Frankryk is die oorwelwing dikwels spits, byvoorbeeld by die Notre Dame du Port te Clermont-Ferrand. Ook in Spanje is dit die geval. In Duitsland word kruisgewelwe ontwikkel, bv. in die latere dom van Mainz en in suidwes-Frankryk die koepelgewelf. St. Front te Perigueux is 'n voorbeeld van 'n Griekse kruisplankerk met een hoofkoepel en vier kleineres. Ribgewelwe word aangetref in die Norman Style in Engeland en ook in Italië, byvoorbeeld in die San Ambrogio, in Milaan en die Dom van Pisa. In laasgenoemde is die koepel en ribgewelfstelsel vermeng.

Die uitbreiding endie toepassing van hierdie rib-gewelfstelsels wat uiteindelik tot die spitsboog gaan lei, dui op die komende Gotiese styl.

Kenmerkend aan die eksterieur van die Romaanse kerke is die twee torings aan die fasade en ook 'n toring op die kruising, laasgenoemde tipies van Engeland en Normandië. In die suide van Frankryk is toringbou weer baie beperk. Hierteenoor vind ons 'n uitbreiding van toringbou in Duitsland, veral aan die wesparty. In Italië is die Romaanse boukuns eenvoudiger in vormgewing en die tipiese Duitse Wesbou ontbreek.

6:3:2 Die Gotiek

Teen die einde van die 12 eeu ontwikkel die Gotiese styl as gevolg van verbeterde boutegnieke. Dié styl vertoon meer dinamies as die voorafgaande Romaanse styl. Dit is 'n skeletbou, waarby die suile en pylers die bouwerk dra. Deur die konstruksie van spitsboë in die gewelf en lugboë aan ooreenkomstige vlakke van die eksterieur word die swaar boumassas van die Romaanse styl verlig.

Geen eeu in die Europese boukuns was grootser as dié van die middel van die 12e tot die middel van die 13e eeu, wat die tyd van die afloop en voltooiing van die Romaanse en die eerste opbloei van die Gotiese styl

inhou, aldus Dehio en Bezold.⁴

Hulle gaan verder deur te sê dat 'n mens egter nooit sal kan beweer dat die Gotiese sisteem sonder meer en onder alle omstandighede die volmaakste van alle gewelfsisteme is nie - so iets bestaan nie - maar dit is ongetwyfeld die volmaakste in die sin van 'n bepaalde tipe gewelfbasilika. Hiervolgens is die hele Gotiese styl bepaal.⁵

Uit verklaring van die naam Gotiek blyk ook die bevooroordeeldheid teenoor dié styl, wat tog later - en veral in die 19e eeu in die Neo-Gotiek - soveel invloed sou uitoefen.

Só het Filarette, volgens Dehio⁶ in 1460 gesê:
 "Verflucht, der diese Pfuscheri erfand! ich glaube, nur Barbarenvolk konnte sie nach Italien bringen."
 Dus vir hom 'n blote knoeiery! Tot-en-met die 18e eeu sou die term goties ook sinoniem wees met "barbaars", "middeleeus" of "germaans".

4. Dehio, G. en Bezold von, G., Die Kirchliche Baukunst des Abendlandes, Zweiter Band, p.4.

5. Ibid., p.7.

6. Ibid., p.10.

Dié styl is egter ook benoem volgens die kenmerke wat byvoorbeeld tiperend van die Duitse en Franse Gotiek is, vandaar die Spitzbogenstil of die Franse style ogival.

Enkele algemene kenmerke van die Gotiek:


Soos reeds genoem, is dit 'n skeletbou. Die sydelingse druk wat deur die ribgewelfstelsel en die gewels uitgeoefen word, word aan die eksterieur opgevang deur lugboë en oorgedra op steunbore. Die kerke is hoër en in teenstelling met die horisontale gerigtheid van die Romaanse styl, vind ons in die Gotiek die beklemtoning van die vertikale lyn. Die styl is meer dinamies en strewe na groter hoogtes as die Romaanse styl.

'n Kenmerk van die Gotiese kerk is die maaswerk of trasering wat vensterboë, blinde boë en selfs die koorhek binne-in die kerk, versier.



Per definisie sou maaswerk aan vensters die ornamentele bekroning in die spitsboog van vensters wees, en bestaan uit geometriese ornamentele samestellings. Dit kan ook omskryf word as die geometriese uitsnywerk (van klip) vir die raamwerk van gebrandskilderde glasvensters.

Dié maaswerk is drie, vier- of selfs vyfvormig en die seksies staan bekend as passe, mate of lobbe. (Sien skets).

MAASWERK/TRASERING AAN VENSTERS



Die ontwikkeling van vensterpasse

plaattrasering
13e eeugeometriese
traseringoorsnydende
trasering

Voorbeelde van kromlynige trasering

Maaswerk het 'n sekere ontwikkelingsgang gevolg en dit is veral die Gotiese kerke in Engeland wat hier die pas aangegee het.

In die vroeg-Gotiek kom plaattrasering (plate tracery) voor. In vensters met meer as een lig-opening word die hoekvlakke met 'n sirkel of vierkant deurbreek. Teen ongeveer 1211 kom die insnyding deur middel van die sirkel nie meer voor nie, maar word die ligte deur geprofileerde vensterroeie (vertikale geledinge) geskei. Die omlystings wat só gevorm word, vorm sirkel- of halfsirkelvormige stawe. Hieruit ontwikkel staafttrasering (bar tracery), wat een van die hoofversieringselemente in die laat-Middeleeuse kerke is.

Die patrone wat in dié trasering deur die stawe gevorm is, was aanvanklik eenvoudig geometries (geometriese trasering), later word dit meer verbeeldingryk (krom=lynige trasering) om uiteindelik weer eenvoudiger, vertikaler en ritmieser in indeling te word.

Kruistrasering (intersecting tracery) is tipies van ca. 1300. Die vensterroeie vertak in gekromde stawe wat parallel met die roeie loop. Die buitenste lyn van die vensterboog dien as gidslyn vir die radius wat die stawe van die trasering aanneem (sien skets).

Trasering verdwyn gaandeweg na die einde van die Middeleeue. In die neo-Gotiese kerke van die 19e eeu sal dit weer aangetref word. In die Karookerke word ook mooi voorbeelde van die verskillende tipes trasering aangetref.⁷

Regionale verskille kom in die Gotiek voor. In Italië is die uitings meer klassiek. Steunbere, en skulpturale versierings ontbreek hier byvoorbeeld grootliks aan die eksterieur. In die Nederlande is die Gotiek ook eenvoudiger as byvoorbeeld in Frankryk. Die soberheid van ornamentiek, 'n kenmerk van die Nederlands-Romaanse argitektuur, word weer in die Gotiek aangetref. Vermeulen⁸ wys daarop dat die ontwikkeling van die versiering in breë trekke dié van die Franse argitektuur volg. Die vroeë spitsboogvorme en vensteromlystings wat in die tweede helfte van die 12e eeu in Frankryk algemeen voorkom, verskyn eers omstreeks 1230-1240 in Nederland.

Die hoogtepunt van die Gotiek word in die 13e eeu bereik in die katedraal van Amiens.

In die Laat-Gotiek ontwikkel die sogenaamde hallenkerke, waarvan die beuke ewe hoog is. Die ruimtewerking in dié kerke is gebaseer op dié van die

7. By Beaufort-Wes se kerk is voorbeelde van die driepas- (drielob)- en vierpas- (vierlob)-trasering.

8. Vermeulen, op.cit., p.401.

basiliek. Lugboë en steunbere is onnodig, daarom is die konstruksie ook eenvoudiger as dié van ander Gotiese kerke.

Die mistasting van die waarde van die Gotiese styl wat veral in die Renaissance voorkom sou in die eeue wat volg verkeerd bewys word. So byvoorbeeld is in die 17e eeu in Frankryk kerke in die Gotiese styl gerestoureer, byvoorbeeld die St. Etienne te Caen (1600-1675). In Engeland is die invloed van die Gotiek ook nie heeltemal uitgedoof nie. Sir Christopher Wren, die Renaissance-argitek, doen heeltemal stylgebonde restourasiewerk aan die Gotiese Westminster Abdy en die katedraal van Lincoln.

In die 19e eeu sou die Gotiek weer terugkeer as die Gotiese Herlewing (Gothic Revival) wat ook bekend staan as die Neo-Gotiese styl.⁹

6:4 Renaissance en Barok

"In teenstelling met die Gotiese boustyl leen die Renaissance hom met groter welslae aan 'n wêreldlike as aan 'n kerklike argitektuur", aldus Koorts.¹⁰

Dié tydperk duur van ca. 1420 tot 1600, waarna dit deur die Maniërisme en die Barokstyl opgevolg word. Italië is

9. Dit is veral dié styl wat in die Karoo-kerkargitektuur ter sprake kom.


10. Koorts, J.M.J., Beginnels van Gereformeerde Kerkbou, p.42.

die belangrikste land vir die Renaissance-styl. Buite Italië het belangstelling in die nuwe styl later ontstaan en in die verskillende lande vertoon dit ook telkens 'n eiesoortige karakter.

Die Renaissance kenmerk die wedergeboorte van die mens tot die humanisme, met die mens as maatstaf en uitgangspunt. Dit is, veral op die gebied van die boukuns, ook 'n wedergeboorte, 'n teruggryp na die Klassieke Oudheid. Elemente uit die Griekse en Romeinse argitektuur word weer toegepas.

Naas kerkbou, neem profaانبou 'n belangrike plek in die Renaissance-argitektuur in, soos Koorts tereg ook opgemerk het. Dit is veral paleisbou waaraan aandag gegee word. Die grondplanne is streng reëlmatig, so ook die indeling van die geboue in verdiepings. Dekorاسie bestaan uit antieke motiewe soos suile en pilasters met kapitele uit die Griekse en Romeinse ordes, kroonlyste, ensovoorts.

Die kerke van die Renaissance toon 'n strewe na gesentraliseerde grondplanne, met die koepel as belangrike element. "Daar is weliswaar Renaissance-kerke gebou wat op die oog af 'n lengte-as het, maar as daar goed opgelet word, sal dit duidelik blyk dat die kern van die binneruim 'n sentraalbouvorm het en dat een van die



sy-arms net verleng is om die indruk van 'n skip te wek."¹¹

Die hoogtepunt vandie Renaissance in Italië is die Sint-Pieterskerk in Rome, waarin al die bogenoemde elemente voorkom.

Die Barok (ca. 1600-1750) word as propagandamiddel van die Rooms-Katolieke kerk en die kuns van die Kontrareformasie, beskryf. Dit is 'n styl vol beweging en oorversierdheid, affekties en teatraal, en nie altyd aanvaarbaar vir die Protestantse smaak nie.

6:5 Kerkhervorming en Protestantse kerkargitektuur

Met die Reformasie tree 'n bewuswording van die leke-element in die erediens, met ander woorde die meedoen van die gemeentelede aan die diens, geleidelik op die voorgrond.

Met die Reformasie duik ook nuwe probleme ten opsigte van kerkargitektuur op. Vir die Rooms-Katolieke Kerk was die style vandie Renaissance en veral van die Barok, waarin die triomf van die Kerk oor die Reformasie in bepaalde lande geopenbaar kon word, uiters geskik.

11. Koorts, op.cit., p.43.

Die Protestantse kerk het in die eerste plek 'n afkeer van oortollige ruimtes en staan ook afwysend teenoor versiering. "Die versiering van die Protestantse kerke is allereers die prediking van die Woord van God".¹²

Die belangrikste vraag nou is: waar lê die grense van die liturgie? Aan die een kant is die liturgiese sentrum met die altaar die uitgangspunt van die gebou (Rooms-Katolisisme) en aan die ander kant die erediens (Reformasie). By laasgenoemde vorm die interne kerk=ruimte dus self die middelpunt van die kerkuitleg.

'n Koor ontbreek in die Protestantse kerk, sentraal geplaas is die kansel, doopvont en Nagmaalstafel. Die orrel asook die sangersgalery verskuif na die agterkant van die kerk en, soos reeds genoem, ontbreek versiering in die vorm van hout- en steenskulptuur.

In die meeste gevalle neem die Protestante die ou kerk= vorme oor, al bevredig hulle nie altyd nie. Luther byvoorbeeld handhaaf die indeling van die kerkruimte in hoofbeuk en koor, wat onderskeidelik vir die prediking en die Nagmaal gebruik word.

Aandag word egter veral geskenk aan die doeltreffendheid

12. Encyclopedie van het Christendom, Kerkelijke Bouwkunst XI, p.464. (Kommentaar by foto van interieur van die Westerkerk van Amsterdam).

van die gebou vir die aanhoor van die gepredikte Woord. Die langwerpige saalkerk en die gesentraliseerde bou=types met die liturgiese sentrum in die middel van die gemeente is hiervoor ideaal geskik.

Die belangrikste verskil tussen Rooms-Katolieke en Protestantse kerkargitektuur vind sy oorsprong in die verandering van die liturgiese orde wat die indeling van die kerkruimte gaan affekteer. By die Protestan=tisme deel die prediker én die gemeente in die bediening van die Sakramente en die aanhoor van die gepredikte Woord. Die beskuldiging wat egter as gevolg van dié veranderinge teen die Protestantse kerkargitektuur ingebring word, is dat dit sonder smaak en karakterloos sou wees.¹³

Die estetiese gevoel van enige aanbieder moet ook bevre=dig word, maar op só 'n wyse dat die aanbieder/kerkganger se aandag nie van die hoofinhoud of motief van sy aan=bidding en kerkgang afgelei word nie.

Fiddes meen egter dat die nuwe "logieser" argitektuur wat ná die Hervorming in die Protestantse kerkargitektuur ontstaan het, wel goed aan die hoofdoel van die Protes=tantisme beantwoord het, maar nie in die meer subtiele

13. Vergelyk Benjamin Jowitt se stelling, soos aangehaal deur V.Fiddes in The Architectural Requirements of Protestant Worship, p.49.

en uit argitektoniese oogpunt moeiliker probleem van die bevrediging van die aanbidders se emosionele of estetiese behoeftes voorsien het nie. Hy sê verder:

"If man's aesthetic and emotional needs are not met by a contemporary form he will revert to a familiar one for satisfaction. He will go back to whatever ancient form or symbol has proved capable of satisfying his need."¹⁴

Dit, sê hy, is presies wat in die vroeë 19e eeu met Protestantse kerkargitektuur gebeur het. Die argitek kon niks inheems uit sy eie tyd vind nie en het teruggegryp na voorbeelde uit die verlede. "The Protestant worshipper found his dormant emotions bestirred by artistic forms which in another day and other circumstances had satisfied them."¹⁵

Een van die gevolge hiervan is die terugkeer tot die Gotiek. 'n Stelling in 1844 gemaak, sê Fiddes, lui dan ook: "We are now called upon to prove that Gothic is the only true Christian architecture."¹⁶

Fiddes wys verder daarop dat die invloed wat van dié neo-Gotiese styl uitgegaan het, sō sterk was dat dit byna

14 Fiddes, Victor, op.cit., p.50.

15 Ibid.

16 Ibid., p.51.


sonder teenkanting tot in die middel van die 20e eeu toegepas is.

Die plan van 'n neo-Gotiese kerk kon net sowel dié van 'n Rooms-Katolieke katedraal gewees het (as enkele aanpassings gemaak sou word) sê hy. 'n Tipiese kruisvorm-kerk sou soos volg daaruit sien:¹⁷

Die ingangsportaal is wes, dit het 'n lang smal hoofbeuk met 'n paadjie in die middel wat na die kansel lei, wat op sy beurt ver terug geplaas is. Toevoegings soos transepte en ligverdiepings by die sybeuke kom in groter kerke voor. Die altaar of Nagmaalstafel is ver terug aan die oostekant. Enkele aanpassings het met verloop van tyd gekom, byvoorbeeld by die Baptiste - die doopvont agter die Nagmaalstafel; by die Presbiteriane is die Nagmaalstafel vorentoe verskuif sodat die leraar die Nagmaal van agter die tafel, dus met sy gesig na die gemeente gekeer, kon bedien. Die Anglikane en sekere Metodiste het verkies dat die Nagmaalstafel, soos die altaar in die Rooms-Katolieke kerk, teen die oostelike muur bly.

17. Plan oorgeneem uit Fiddes, V., op.cit., p.55.

Voorbeeld van 'n tipiese kruiskerk.



- 1 = narthex
- 2 = hoofbeuk
- 3 = transep

Van die eerste kerke in Nederland wat spesifiek vir die Protestantse erediens gebou word, is die Westerkerk in Amsterdam (1620) van Hendrick de Keyser, met 'n langwerpige grondplan. Hier is geen oortollige ruimtes nie en dekorasie is tot die minimum beperk.

6:6 Die Negentiende eeu

Die Gotiek het in die 18e eeu nie heeltemal in Europa uitgesterf nie, ten spyte van kragtige Renaissance-beïnvloeding. Veral in die kerkargitektuur van Engeland, Frankryk en Nederland het die Gotiese styl lewendig gebly.

In die 19e eeu word weinig vernuwing in die kerkargitektuur aangetref, "vooral de meestal lelijke neo-Gothiek

heeft veel kwaad gedaan."¹⁸

Die algemene afkeer teenoor die style wat in die 19e eeu hul beslag gekry het, maar veral die neo-style, spreek duidelik uit hierdie aanhaling.

Na die tydperk in die argitektuurgeskiedenis vanaf 1830 word dikwels verwys as dié van die Historisisme en wel op grond daarvan dat by die verskillende style van die vorige eeue kers opgesteek is. Hierdie "leenstelsel" tussen style het veral ná bogemelde datum groter momentum aangeneem, aldus Baumgart.¹⁹

Die oorsaak van dié neiging kan daarin gesoek word dat die nuwe gemeenskappe wat met die bevolkingsontploffing ontstaan het, nuwe eise aan die argitektuur gestel het. Geen voldoende vorms kon gevind word waarin dié eise "gegiet" kon word nie, daarom is na die verlede teruggegryp. Na regte is dit bloot 'n herhaling in die moderne tyd van 'n tendens wat reeds vroeër in die Westerse beskawing voorgekom het. Die boumeesters van vroeër het byvoorbeeld teruggegryp na die Klassieke Oudheid en vroeë Christelike en Bisantynse vorme vir inspirasie. Dié vroeë style is nie direk gekopieer nie, maar herskep om by die heersende behoeftes aan te pas.

18. Encyclopedie van het Christendom, Protestants Deel, p.466.

19. Baumgart, F., A History of Architectural Styles, pp.268-9.

Op dieselfde wyse word die Neo-Gotiese styl van die 19e eeu geskep. Die Gotiek van die laat-Middeleeue dien hier as uitgangspunt.

Dié Gotiese herlewingstyl moet duidelik onderskei word van die Gotiese Oorlewing (Survival), waarin 'n voort=setting van Gotiese elemente voorgekom het. Dit is dus nie 'n hertoepassing van hierdie elemente nie. In kerkargitektuur kom eersgenoemde neiging ook wel voor, maar dit is egter eerder die nuwe neiging van die Gotiese Herlewing wat op die voorgrond tree.

Soos reeds gemeld, is daar in die keuse van style vir nuwe geboue, in die 19e eeu na reeds bestaandes terugge=gryp en dan veral na die Gotiek. Dit is veral in Enge=land die geval. In die laat 18e eeu is Frankryk en Duitsland ook al betrek en nog later Italië, Rusland en Amerika. In Suid-Afrika word dit ook op kerkargitektuur toegepas. Die stelling is reeds in dié verband gemaak dat die Viktoriaanse kerkvaders die Gotiese styl blykbaar as vanselfsprekend vir kerkgeboue beskou het.²⁰

Die eerste voorbeeld in Suid-Afrika van 'n kerk wat ten volle in die Gotiese styl gebou was, is die Rooms-Kato=lieke Kerk wat in 1821 naby Caledonplein in Kaapstad opgerig is. 'n Voorbeeld in die styl van die Gotiese

20. Kommentaar in TV-program "Ons Argitektoniese Erfenis", 9 Maart 1976.

Herlewing, - Neo-Gotiek, is die Londense Sendinggenootskap se klipkerk wat op Pacaltsdorp, naby George, gebou is. Ander voorbeelde is die St. George-katedraal te Grahamstad en ook die St. George-katedraal in Kaapstad. Lewcock²¹ beskou die Nederduits-Gereformeerde Kerk op Worcester, wat ca. 1824 ontwerp is, as "an infinitely more competent design in the Gothic style...."

Die herboude Groote Kerk in Kaapstad (1836-41), met Herman Schutte as argitek, is 'n voorbeeld van 'n kombinasie van twee style, die Griekse Herlewings- Neo-Klassieke styl en die Gotiek. Elke Gotiese venster word deur klassieke suile geflankeer. Verder is daar 'n Griekse pediment, middeleeus in konsep, maar klassisisties in detail.

"Un style d'architecture déplorable, moitié grec moitié gothique", was die kommentaar van die destydse Franse konsul aan die Kaap.²²

Die neo-Gotiek is ook 'n gewilde styl by die beplanning van stadhuse, poskantore, skole en selfs spoorwegstasies. Geboue waardeur die welsyn van die staat en gemeenskap egter meer eksplisiet uitgedra moes word, soos teaters, museums, geregshowe, hotelle, ensovoorts, is eerder in


21. Lewcock, Ronald: Early Nineteenth Century Architecture in South Africa, p.283.

22. Ibid., p.287.

die styl van die Renaissance en Barok uitgevoer, sê Baumgart.²³

Die neo-Renaissance-styl is dominant op die Europese vasteland, veral in Frankryk, terwyl die neo-Gotiek die voorkeurstyl vir Engeland bly. Eklektisisme het die botoon in die Duitse state tydens die 19e eeu gevoer en die neo-Klassisisme is in Italië en Spanje voortgesit.

23. Baumgart, op.cit., p.271.



BEAUFORT - WES

HOOFSTUK 7DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDE MOEDERKERKE IN DIEGROOT-KAROO: KUNSHISTORIES BESKOU7:1 Inleiding

Uit die staanspoor uit was die invloed van Europese style op die vroeë kerkargitektuur aan die Kaap merkbaar.¹ Daar sal dan terdeë met hierdie beïnvloeding rekening gehou moet word, aangesien die tendens tot diep in die 19e eeu voortgesit is en daar voorlopig geen sprake van 'n eie Suid-Afrikaanse kerkboustyl was nie.

Dit neem egter nie die feit weg dat die gemengde boustyle wel 'n bepaalde bydrae tot die Suid-Afrikaanse boukuns in die algemeen en die Afrikaanse kuns- en

1. Dié aspek is reeds in Hoofstuk 3 vlugtig bespreek.

kultuurlewe in die besonder, gelewer het.²

Midde-in die stylvermenging het die voorkeur gegaan na die neo-Gotiese styl en by enkele uitsondering, na die neo-Klassieke styl. Dié aspekte sal uit die besprekings van die afsonderlike kerke baie duidelik blyk.

Wat sou aanleiding tot dié voorkeure gee? Is die Gotiese styl met sy spits toring en vensters dan dié styl by uitstek omdat "die spits vensters, net soos die hoë toring, daarop ingestel (is) om die oog van die toeskouer na bo te lei";³ of was dit bloot net die mees

2. "Dit is egter nie in die argitektoniese struktuur van hierdie godshuise waar ons die enigste of selfs die vernaamste invloed van die boukuns van die Nederduits Gereformeerde kerkgeboue vind nie. Dit is in hul sierlikheid en kostelike grootsheid wat hulle as die huise van die God van ons vaders aanwys. Met hul verhewe spitse beheers hulle die landskap in ons vaderland. Hulle is die trots van die kerkvaste Afrikaner, die bymekaarkomplek van soveel gelowiges deur die jare heen. Hulle is die waardige monumente van hul diepste godsdienstige oortuiging en die tonele van lief en leed van geslag tot geslag. Wie kan die kultuurwaarde van hierdie godshuise begroot?" - Gerdener, G.B.A., "Die Kultuurhistoriese bydrae van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika", in Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel 2, p.219.
3. "Ons Argitektoniese Erfenis: Herlewingsstyle in die Victoriaanse styl", TV-program, 9 Maart 1976.

funksionele styl vir die 19e-eeuse boumeester;⁴ of is dit weens die duidelike beïnvloeding uit die stamlande en veral die land van herkoms van die meeste predikante, geskool in die Engelse tradisie?

Hoe dit ookal sy, die beïnvloeding van Europese style en dan veral van die Britse, Nederlandse en Duitse Gotiek, is baie duidelik.⁵

Prototipes van ons kerkgeboue is te vinde in die lande waar ons voorgeslagte vandaan gekom het, meen Brand

-
4. "Die neo-Gotiese styl het in die jare ná 1820 skielik ontluik namate die verskillende vertakkinge van die kerk meegeding het om die eerste te wees om dit in die Kaap te gebruik. Dié styl het dus merkwaardig gou sy verskyning hier in Suid-Afrika gemaak. Dit het alle teenstand veral in kerkbou oorweldig en is, helaas, nog steeds in ons midde." - Lewcock, R.B., Britse Invloed in Suid-Afrika, in Bewaring van ons Erfenis, Deel 1, [s.p.] .
 5. In dié opsig is dit interessant om na die eerste kerke en dié wat tot meer as 'n eeu later in die Groot-Karoo opgerig is, te kyk. Konstante elemente soos Gotiese vensters (by Stellenbosch se tweede kerk wat in 1723 ingewy is), 'n Griekse kruis-plattegrond (by die Paarl), of 'n laat-Renaissance georiënteerde toring (by Wellington se kerk), word ook later by Karookerke aangetref. Egter tipies Hollands aan die vroeë kerke aan die Kaap, is die sy- of voorgewels, soms ryklik versier met lyne en volute soos byvoorbeeld by die kerk van Tulbagh, wat in 1748 opgerig is.

van Niekerk.⁶

Omtrent die style, sê hy die volgende: "Van die Romaanse en Gotiese boustyle is enkele ordes in ons kerkbou oorgeneem en verander om aan te pas by die Afrikaanse Protestantse eise. Die Romaanse rondboog en die Gotiese spitsboog bly duidelike kenmerke.

"Binneversiering is altyd spaarsaam. Suile onder galerye vertoon gewoonlik swak. Meer aandag is aan die preekstoel gegee. Soms is dit ryklik versier. Die indrukwekkende gewelf- en suileversiering van die Gotiese kerke in Europa ontbreek egter."

Hy sê tereg ook die volgende: "Of dit nou die Romaanse of Gotiese styl is wat nagevolg word, die eenheid is altyd gehandhaaf."

7:2 Die Nederduits-Gereformeerde kerke

In die woorde van die bekende argitek en skrywer, Danie Theron, word die Karoodorp en veral die kerk soos volg beskryf:

"Die Karoo-kerk is 'n katedraalkerk, nie alleen ten opsigte van sy plasing in die dorpsverband nie, maar ook in terme van sy ruimtelike aspekte (hoewel natuurlik op 'n veel meer beskeie skaal). Die lang saalplan met sy waardige, styf-formele rye kerkbanke tot voor die hoë

6. Van Niekerk, B., Die boukuns van die Afrikaner, in Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel 3, p.465.

massiewe preekstoel; die swaar, donker houtwerk: banke, deure, vensterrame en paneelwerk; die wit mure en donker houtdak en kappe wat tot Gotiese hoogtes reik; die smal puntige vensters met gekleurde glas wat helder in die Karoo-lig brand, skep 'n ruimtegevoel van donker eenvoud en van totale afsondering, van terugreik na 'n Europese erfenis. In feitlik al die dorpieë staan die kerk op sy eie straatblok, met puntige traliewerk omhein om sy stugge afsondering te beklemtoon.

"Die kerkplein voor die kerk is eweneens van Gotiese oorsprong, hoewel dit aanvanklik 'n heel ander funksionele beduidenis gehad het.

"In baie van die Karoo-dorpe word die dorps- of hoofstraat sigbaar teen 'n gebou gestuit - meestal die kerk."⁷


7. Theron, D., op.cit., pp.8,9.

Aangaande die oorspronklike kerkplanne, net die volgende opmerking: Die outeur het gepoog om die oorspronklike planne van die kerke wat betrek word, op te spoor. Die soektog het tot by die Nederduits Gereformeerde Kerk se Argief in Kaapstad gelei, maar was onsuksesvol. Geen planne kon ook van die gemeentes self bekom word nie. Al gevolgtrekking waartoe gekom kan word, is dat die gemeentes blykbaar nie van die argitektheits afskrifte bekom het nie, of dat die planne bloot met verloop van jare en as gevolg van moontlike bergingsprobleme, vernietig is. 'n Moontlikheid wat wel bestaan, is dat afskrifte saam met ander dokumente agter die hoekstene ingemessel mag wees, 'n gebruik wat soms nog vandag toegepas word.

Die Nederduits-Gereformeerde Moederkerke van die volgende dorpe, wat volgens die geomorfologiese indeling van die Republiek (dus nie volgens die populêre opvatting nie) binne die grense van die Groot-Karoo val, word in dié hoofstuk kunshistories beskou:

Beaufort-Wes, Prins Albert, Murraysburg, Aberdeen, Laingsburg en Merweville.

Beaufort - Wes




1. Vooraansig vanuit Donkinstraat



2. Agteraansig



3. Symure met steunbere



4. Die toring met sy kenmerkende verdikking

BEAUFORT-WES

Die Moederkerk is aan die hoofstraat, Donkinstraat - wat terselfdertyd ook die hoofroete deur die dorp van noord na suid is - geleë. Die "kerkplein", wat vandag geheel met ystertralië begrens word, strek reghoekig tussen drie strate.⁸

Op dié plein is die kerksaal, waarvan die hoeksteen op 5 Julie 1913 gelê is en ook die kerkkantore, in 1938 opgerig. Albei dié geboue het pragtige Kaaps-Hollandse gewels van die holbol-tipe, met in- en uitgeswenkte bolkontoere.

Vroeër was daar grafte agter die saal aan Birdstraat se kant, 'n stuk grond wat vandag braak lê. Drie graftombes ter nagedagtenis aan drie vorige leraars is nog binne die kerkgrond. Weerskante van die kerkgebou self, aan Donkinstraat se kant, is die twee graftes van onderskeidelik ds. Albert Zinn (9 Maart 1838 - 15 November 1866) en ds. Colin Fraser (27 November 1796 - 25 September 1870). Skuins agter die kerk is die obeliskvormige graf van ds. Paul H. Roux (28 September 1862 - 8 Junie 1911). Al hierdie grafte is oorblyfsels van die historiese "kerkhof rond die kerk"-idee.

-
8. Aanvanklik was die kerk en die hele kerkplein met sipresbome omhein, soos af te lei is van 'n kaart, geteken tussen 1843 en 1860. Sien fotografiese dokument nr. I.

Die kenmerkendste eienskap van dié Nederduits-Gereformeerde kerk is sy hoë, spits toring wat reeds ver buite die dorp sigbaar is en ook bo die peerbome in die hoofstraat uittroon. Die frontaansig word egter dikwels deur die peerbome op die sypaadjie vir die onoplettende verbyganger versper.

Die eerste kerk

Oor die belangrikste datums in die vroeë geskiedenis van dié gemeente, naamlik Februarie en Desember 1825, onderskeidelik die datums van die versoekskrif aan die goewerneur en die amptelike toestemming tot die bou van die kerk, is reeds in Hoofstuk 5 iets gemeld.

Die kerkraad het die plan van die landmeter-argitek C.L. Stretch van Graaff-Reinet vir die kerk aanvaar. Die boukoste sou nagenoeg £1 011 (sowat R2 000) beloop. Die timmerman vir die houtwerk was 'n sekere W. Strümpher.

Vivier⁹ meld dat Charles Stretch, in oorleg met die kerkraad, die volgende besluite geneem het:

"Aan elk van die drie straatkante sal daar 'n identieke gewel en 'n identieke hoofdeur wees. Die konsistorie met 'n muur van die res van die kerk geskei en met 'n enkel buitedeur na die ooste en 'n dubbele

9. Vivier, W.G.H. en S., Hart van die Groot-Karoo, p.47.

deur na binne. In elke vleuel vier vensters van vyf voet breed - alle vensters van Gotiese ontwerp."

Hoewel die huidige kerk 'n houtplafon het, was dit aanvanklik blykbaar nie so beplan nie. Groot hoeveelhede linne is aangekoop, waarskynlik vir 'n linneplafon, meen Vivier.¹⁰

Buite sou daar 'n strooidak wees. Die kerk is ook sonder toring beplan.

Telkens het 'n gebrek aan geld die bouery in die wiele gery. Vroeg in 1831 kon die kerk egter ingewy word. Twee jaar later is 'n ringmuur om die kerk aangebring.

Dat boumateriaal duur en die fondse gedurig ontoereikend was, blyk uit die stadige verloop van die pleister- en verfwerk aan die kerk. In 'n brief van 21 Julie 1841 skryf ene Joseph Hill aan die leraar, ds. Colin Fraser:


"I further beg to inform you that I find paint and..(?) is dear and scarce, and that it will cost me something very considerable to erect the scaffold - timber too being so difficult to be obtained.¹¹

10. Vivier, W.G.H. en S., op.cit., p.47.

11. Inkomende Briewe, 1818-43, Argief, Kaapstad.

Die afmetings van die eerste kerk kon by benadering vasgestel word uit 'n brief van J. MacGregor, gedateer 28 Desember 1842, uit Kaapstad, waarin hy aan die kerkraad 'n kwitansie gee vir die pleisterwerk aan die kerk:

"the dimensions of the building being understood to be about what is represented below and without cornices...."¹²



Hieruit blyk ook dat die oorspronklike kerkplan op 'n Griekse kruis gebaseer was. Die Griekse kruis alleen, of met die basiliek-plan gekombineer om die Latynse kruis te vorm, was, soos in 'n vorige hoofstuk genoem, honderde jare lank die grondslag vir baie kerkplanne.

Byvoegings tot die oorspronklike plan het ná 1840 gevolg. In 1843 is 'n portaal voor die westelike ingang aangebou en in 1862 'n orrelgalery in die oostelike vleuel. Dié galery sou die tydelike een in die suidelike vleuel vervang. "Daar was toe reeds 'n galery aan die

12. Inkomende Briewe, 1818-43, Argief, Kaapstad.

westekant, maar wanneer dit gebou is, is onseker; waarskynlik was dit in die laat dertigerjare."¹³

Die huidige kerk

Dat die eerste kerk te klein sou word, was onvermydelik.

In 1891 besluit die kerkraad op her- of aanbouing.

Meningsverskil het aanvanklik hieromtrent ontstaan.

Sommige kerkraadslede het selfs die bou van 'n algeheel nuwe kerk voorgestaan.

Grondplan

Toevoegings tot die bestaande plan van argitek Stretch sou 'n toringvleuel en toring van 43 meter en veranderinge aan die interieur wees. Die oostelike deel van die ou plan het behoue gebly.

In 1959 is die argitek Paul Bisset se voorstelle vir die algehele opknapping van die kerkgebou aanvaar. In dié tyd is die koorgalery met die direk daaronder liggende konsistorie proporsioneel vergroot.

Die huidige kerkplan is in die vorm van 'n Griekse kruis, maar anders as gewoonlik in gevalle waar dié kruis as uitgangspunt vir die plattegrond gebruik word, vind ons nie hier 'n gesentraliseerde plan nie, maar eerder lengtebou, 'n tendens tipies aan die Latynse kruis –

13. Vivier, op.cit., p.49.


plattegrond. (Sien plandiagram pl.VI). Die toring=vleuel, wes, verleng die lengte-as juis in sō 'n mate dat die kerkplan langer is in die "been" van die kruis. Die buitemate van transep tot toring is ongeveer 13 meter lank en 10 meter breed.

Eksterieur (buitekerk)


Die mees prominente onderdeel is die toring met die westelike hoofingangsportaal.¹⁴ Die toring het 'n vierkantige onderbou met dubbele steunbere voor op die hoeke. Die hoofingang is in die eerste register van die onderbou. Die Gotiese omlysting van die deur word in die Gotiese tweepasvenster in die tweede register herhaal. Dié venster word deur twee blindeboog-Gotiese venstertjies geflankeer.

Die galmgate is in die volgende seskantige register. Hierna volg 'n eienaardige verdikking, wat die vloeiende opwaartse lyn van die toring onderbreek en 'n sterk horisontale inslag op die geheelstruktuur maak.

-
14. Die toring self het 'n ramspoedige geskiedenis agter die rug. In 1897 het rukwinde sowat 'n meter van die toring=punt afgewaai. Omstreeks 1898 verskyn 'n lang bars in die toring - toegeskryf daaraan dat die fondamente van die kerk nie op 'n rotsbank was nie. In 1919 word dit gedeeltelik onder toesig van argitek J.E. Vixseboxe afgebreek en weer herbou. Tydens die laaste opknapping en restourasie van die kerk in 1959 is die bars weer herstel.



Beaufort-Wes



Die toring van Bornem

uit: De Seyn, E., "Belgische Gemeenten", Eerste Deel, p.162.

Direk hierna volg die horlosie en die poligonale toringspits met verdere galmgate.

In die dubbele steunbere op die hoeke, vierkantige onderbou en veelhoekige bobou, stem dié toring ooreen met sekere in Vlaandere, byvoorbeeld die in die kerk van Bornem in die provinsie Antwerpen. Dié toring begin in 'n vierkantige basis en gaan oor in 'n agthoekige "trommel"-gedeelte waaruit die veelhoekige naald spruit.

'n Verskil is egter dat die steunbere by Bornem agter die toring is, terwyl dit by Beaufort-Wes aan die voorkant is. (vergelyk die skets op pl. VI)

Die oriëntasie van Beaufort-Wes se Moederkerk, met sy westelike hoofingang, stem ooreen met dié van die Middeleeue, hoewel in eersgenoemde geval die kerk seker nie doelbewus op die oos-wes rigtingas geplaas is nie. In die Middeleeue was die altaar en die heiligdom aan die oostekant en die hoofingang, dikwels geflankeer deur twee torings, was wes. Koorts¹⁵ meen dat hierdie doelbewuste plasing van die heiligdom oos waarskynlik aangespoor is deur die verwagting dat die Wederkoms van Christus uit die ooste aangekondig sal word (Matthéüs 24: 27).

15. Koorts, J.M.J., Beginnels van Gereformeerde Kerkbou, p.30.

Matt. 24: 27: "Want soos die weerlig uit die ooste uit-slaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."

Die kloktoringvensters van die Middeleeuse kerk was in werklikheid galmgate met hortjies voor waardeur die klokslae weerklink het en die klank na onder gedryf is. Toegang tot die toring is deur 'n leer of trappe verkry, net soos dit in die Suid-Afrikaanse Boerekerke en ander die geval is.

Die stabiliteit van 'n toring is verseker deurdat dit nouer na bo loop, of deurdat die geledinge telkens smaller word, óf deur die toevoeging van klein steunpunte. Veral eersgenoemde twee moontlikhede is by Karoo-kerke toegepas, hoewel die toringhoogtes geensins met dié van Europa vergelyk kan word nie.

Die dak

Lae piramidale dakke het in die Middeleeue in Europa en by die vroeë Suid-Afrikaanse kerke algemeen voorgekom. In die 13e eeu word die saaldakke van die parogiekerke in Europa hoër, veral in Engeland, net om weer in die 14e en 15e eeue hoogte te verloor.

Die vroegste Suid-Afrikaanse kerke, veral dié gebou onder invloed van die Kaaps-Hollandse styl, het gewels met strooidakke gehad. Dit is later, soos in die geval met Beaufort-Wes, deur sinkdakke vervang.

Die huidige kerk op Beaufort-Wes, met sy algehele sinkdak troon bo die ander geboue in die omgewing uit.

Die gewels aan die noordelike, suidelike en oostelike kante vorm hoeke van 40 grade met duidelike gewelrande. Dié drie gewels is elk van 'n pragtige Gotiese venster met geprofileerde druplyste en trasering, voorsien.

Die twee portale suid en noord en die konsistorie oos is ook met sinkdakke afgedek, hoewel hulle baie laer is. Dit reik net tot onder die groot gewelvensters.

Steunpunte

Dubbele steunbere kom by die westelike hoofingang voor. Dit verjong trapsgewys tot verby die tweede register en eindig langs die galmgate in die toring, waar dit van die sykant af gesien as 'n soort geometriese vleuelkonsole of voluut vertoon. (Vergelyk pl.V, nr.4) Tussen die vensters aan die symure is ook steunbere wat die oop muurvlakke vul. (Pl.V, nr.3)

Die steunbere by die noordelike en suidelike portale verbreed geleidelik totdat dit as deel van die muur self eindig.

Pugin, soos aangehaal deur Bond¹⁶ omskryf 'n steunbeer as 'n verdikking van die muurvlak wat met tussenposes voorkom. Dit het 'n ekonomiese, boukundige sowel as

16. Bond, F., Gothic Architecture in England, p.330.

dekoratiewe waarde. Dit kan dan ook tereg van die steunbere van dié kerk gesê word.

Vensters en portale

Dat uit die staanspoor besluit is dat die vensters van dié kerk van Gotiese ontwerp sou wees, is uit die verskillende kerkraadsnotules van 1826 duidelik.¹⁷

Dit was blykbaar die taak van timmerman W. Strümpher - wat reeds vir al die ander houtwerk verantwoordelik was - om ook dié vensters te maak, aangesien 'n persoon wat spesiaal hiervoor gekwalifiseer was, se dienste nie bekom kon word nie.

Na die vensters in die drie gewels aan die ooste-, noorde- en suidekante is reeds verwys. Enkele gegewens omtrent die pasindeling en trasering van dié vensters: Elke venster bestaan uit 'n sentrale vierpas met twee kleiner vierpasse weerskante. Die vlak word verder deur vensterroeie of staafwerk in vier ligte verdeel.

Elke lig word op sy beurt weer met driepasse (ook genoem

17. Vivier is reeds vroeër in dié verband aangehaal.

klawer-, drieblad- of drielobtrasering) afgerond.

(Sien sketse pl.VII)¹⁸

Alle vensters en portale en ook die galmgate in die toring het spitsboogvorms en druplyste. Dit was 'n tipiese gebruik aan Gotiese kerke in Frankryk in die tweede helfte van die 12e eeu. In Nederland volg die ontwikkeling van die versierende elemente aan die eksterieur van die kerk in breë trekke dié van die Franse, met dié verskil dat dit eers byna 'n halfeeu later in Nederland waar te neem is, aldus Vermeulen.¹⁹


In Engeland maak die lansetvenster reeds teen die einde van die 12e eeu sy verskyning. In die 14e eeu verander dit deur 'n komplekser indeling van ligte deur middel van vensterroeie.

Interieur (binnekerk)


Die kerk bestaan net uit 'n hoofbeuk en 'n transep.

Dit het geen sybeuke of galery-arkades nie. Die konsistorie en die oosgalery - wat vroeër die orrelgalery was,

18. Die vierpastrasering het blykbaar al so vroeg soos 1220 sy verskyning in Engeland gemaak. Dié vorm van trasering kom egter nie net in die laat-Romaanse en Gotiese kerke in Engeland voor nie, maar word ook opgemerk in die St. Janskerk, 's Hertogenbosch, soos deur Vermeulen (p.403) in sy bespreking van die Nederlandse Gotiek aangedui word.
19. Vermeulen, F.A.J., Handboek tot de geschiedenis der Nederlandsche bouwkunst, p.69.



**Vierpas- en klawerbladtrasering
by Little Wenham Hall, Suffolk.
Engeland, ca.1260-80**



**Venstertrasering in die
St. Janskerk, 's-Hertogenbosch**

beslaan die hele koorruimte. 'n Houtpaneel direk agter die preekstoel dien as afsluiting van die konsistorie= ruimte van die res van die kerk.²⁰

Die afdekking geskied deur middel van 'n houtribgewelf, iets wat algemeen in die Middeleeue in die Nederlande voorgekom het en tipies vir hierdie gebied was. Die bekendste voorbeeld is dit van die Ou St. Bavo of Grote Kerk te Haarlem waar dit selfs 'n netgewelf is.

In teenstelling met Suid-Afrika sou dit egter die Nederlandse bodemgesteldheid wees wat die kerkbouers byna daartoe gedwing het om van dié tipe afdekking gebruik te maak. Soos H. Janse dit stel:

"De weke Hollandse bodem maakte het onmogelijk dat de belangrijke kerke geheel

20. Die tradisie om die koor as konsistorie te gebruik vind sy oorsprong in die Nederlande waar die Rooms-Katolieke kerke deur die Protestante oorgeneem is. 'n Goeie voorbeeld is die Nicolaas-kerk of Bovenkerk te Kampen. Die stoele is oor die breedte van die skip, in die rigting van die oorspronklike kansel aan die symuur, gerangskik. 'n Afsluiting is by die oorspronklike koorhek aangebring sodat die afgeslote ruimte nou die konsistorie vorm.


overdekt werden met steengewelwen."²¹

Die houtgewelf in Beaufort-Wes is opgebou deur 'n stelsel van hanebalke en boogstutte wat op kraagstene of konsoles teen die mure eindig. Hoewel nie so ingewikkeld, herinner die gewelfstelsel in die viering aan dié van die Perpendicular Style van die Engelse Gotiek, waar die sluitsteen of sleutelsteen by die kruising van die ribbe as 'n tipe knobbel (Engels "boss") vertoon. (Vergelyk pl. VIII, nr.2).

In die transep is die gewelfstelsel eenvoudiger en bestaan bloot uit drie boogstutte aan elke kant wat op die draagstene/kraagstene eindig. (Pl. VIII, nr.4).

Die orrelgalery het twee boogstutte wat uit die hanebalke - in dié geval laer as in die transep - ontspring. Bokant die hanebalke in die oosparty is stutbalke wat waaiergewys

-
21. Janse, H., Stads- en Dorpskerken in Noord-Holland, p.40. In verband met die gebruik van houtdakke, net ook die volgende: In die Engelse argitektuur van die Middeleeue en veral in die Decorated Style (1275-1375) is houtdakke skaars en kom dit ook eerder in vergadersale as in kerke voor. Indien dit egter wel voorkom, is hoofsaaklik twee ontwerpe, gebaseer op die trek- of koppelbalk (tie-beam) en hanebalk (collar-beam)-konstruksies, gebruik. Teen die 15e eeu bereik die konstruksie van houtdakke in Engeland 'n hoogtepunt. Die vorige konstruksiepatrone word uitgebrei, maar die mees kenmerkende ontwerp van dié tyd is die steekbalk (hammerbeam), wat gedeeltelik uit die hanebalk-konstruksie ontwikkel het.



1. Balke loop spits
toe in die sybeuk



2. Die knobbel oor die viering



3. Die sierlike kansel

4. Drie- en vierpas vensters
met tussen-in 'n balk op
'n draagsteen



uitsprei na die daksparre wat op hul beurt oorgaan in die boogstutte.

Die wesparty word van die res van die kerk deur 'n hout-paneelafskorting geskei. Twee deure uit die portaal verleen toegang tot die hoofbeuk en twee ander deure in die symure toegang tot onderskeidelik die orrelgalery en die toring. Dit word met smal, spiraalvormige sementtrappe bereik.

Uitrusting

Die eerste melding wat van 'n preekstoel gemaak word, is in 'n kerkraadsnotule van 6 Oktober 1836, waarin gemeld word dat 'n plan vir 'n kelkvormige preekstoel deur ene John Pringle, 'n 1820-Setlaar, aan die kerkraad voorgelê is.

Volgens dié plan sou "de Predikstoel en bank worden gemaakt van stinkhout, essen hout of roodels, en de trap van essen hout, en de regels en standers van mahonie hout."²² Verder sou dit met rooi of groen fluweel afgewerk word.

Dié preekstoel is in Mei 1837 in ontvangs geneem. Dit is teen die noordelike gewelmuur van die kerk geplaas, met die trap aan die oostekant.

22. Vivier, W.G.H. en S., op.cit., p.54.

In 1885 is die huidige preekstoel, wat deur ouderling Nicolaas Burgert van der Westhuizen geskenk is, in gebruik geneem. Dit is van geel- en stinkhout, met 'n oktogonale kuip en klankbord en rus op ses proto-Korinthise houtsuiltjies wat rondom 'n veelhoekige skag gerangskik is. Die preekstoel word met 'n trap aan die agterkant (na die oostelike galery) en 'n vol-lengte deur in die rugkant, bereik.

Die motief van die venstertrasering word op die sykante van die preekstoel herhaal. Die klankbord is ryklik versier met fiale, Gotiese boë en driepas-insnydings en word bekroon met 'n miniatuur Gotiese toringspits.²³

Wat die steunpunt/e van die poligonale preekstoele betref, gee Howard en Crossley die volgende inligting aangaande die Middeleeuse kansel in Engeland:

"... the pulpits generally stand upon legs formed by prolonging the angle-posts..."

-
23. Kelkvormige kansels met ryklik versierde klankborde was tipies van Oos-Engelse preekstoele teen die einde van die Middeleeue. Die vierkantige kansel van die Middeleeue het algaande vir die ses- of agthoekige plek gemaak. Die preekstoel is ook gewoonlik deur 'n hoë trap met 'n deur aan die rugkant, bereik. (Vergelyk, ten opsigte van die klankborde, die afbeeldings van die katedraal van Edlesborough se kansel in Howard en Crossley se English Church Woodwork, p.288).

"An early method in use at all times is to support the pulpit on an octagonal base of solid masonry.... But the final and most beautiful form of base is that in which the pulpit is supported upon a slender stem, branching out as a spreading capital or a polygonal coving."²⁴

Orrel

Watter rol vertolk die orrel in die erediens? Hoeveel oorweging moet aan die plasing van die orrel binne die kerkruimte gegee word?

Volgens Weyres²⁵ vervul die orrel eintlik geen teologiese noodsaaklike funksie in die godsdienstbeoefening nie.

Wat die plasing daarvan betref, wys hy daaropdat dit die hedendaagse gewoonte is om die orrel agter in die kerk, dus in die teenoorgestelde kant as die kansel - letterlik in die rug van die gemeente - te plaas.

In die kerk op Beaufort-Wes is die orrel in die vroeë sestigerjare na die westelike galery verskuif, nadat dit vroeër reg agter die preekstoel op die meer as honderd jaar oue oostelike galery ingebou was. Die eerste pyp-orrel - in Genève vervaardig - is in 1867 teen die oostelike muur geplaas. In 1912 is dit deur 'n groter orrel vervang, wat in 1967 herbou is.

24. Howard en Crossley, op.cit., p.278.

25. Weyres, W., Kirchen: Handbuch für den Kirchenbau, p.226.

Dekorasie

Kerkversiering en ander visuele hulpmiddele, soos dit in die Rooms-Katolieke Kerk voorkom, het volgens die vroeë Kerkhervormers, en veral Calvyn, in die pad gestaan van die suiwere verkondiging van die Woord van God. Daarom was Calvyn nie daarvoor te vinde dat enige kunswerk 'n bemiddelende funksie moes vervul nie.

"Man's reliance for salvation was to be placed on the pure Gospel alone", aldus Fiddes.²⁶

Dat dekorasie ook in die vroeë kerke in Noord-Holland skaars was, blyk uit 'n bespreking van H. Janse in dié verband:

"De wanden van de kerkruimten waren meestal wit gepleisterd met een zeer dunne laag kalkspecie. In enkele gevallen werden daarop schilderijen aangebracht."²⁷

In ander gevalle was die dekorasie weer meer uitvoerig:

"Uitvoerige kleurige beschilderingen werden veelal aangebracht op de kolommen rond de koor van een aantal grote kerken. Het zijn tapijtbeschilderingen waarin de kleuren roodbruin en blauwgroen overheersen en die als achtergrond dienden voor apostelbeelden"²⁸

26. Vergelyk in Hoofstuk 6 die gedeelte oor die Protestantisme en ook Fiddes, V., op.cit., p.42.

27. Janse, H., op.cit., p.42.

28. Ibid., pp. 43,44.

Beaufort-Wes se Moederkerk getuig van hierdie sobere opvatting van die Protestantisme aangaande dekorasie.

Afgesien van die gekleurde glas in die vensters en die ornamentele bekroning van die vensters met maaswerk, is daar geen ander kleurige versierings nie.

Voor die herbouing in 1891 was daar blykbaar teen die binnekant van die noordelike gewel "'n treffende muurversiering in die vorm van 'n duif en 'n krullys met die inskripsie: IK ZAL TOT U KOMEN EN ZAL U ZEGENEN.

'n Versiering teen die suidelike gewel het 'n oopgeslane Bybel voorgestel, met die woorde GOD IS LIEFDE daarop en met IK HEB LIEF DE WONING VAN U HUIS op 'n krullys daar=onder".²⁹

Die kerk word verlig deur middel van koper kroonlugters wat van die hoë spits dak hang en kleinere ligte teen die mure. In 1906 is die ou olielampe deur asetileen=lampe vervang en in 1921 is die huidige kroonlugter geëlektrifiseer.

Hoewel dit los staan van die interne dekorasie van die kerk, verdien die besonderse lugreëling van dié kerk spesiale vermelding. Vivier beskryf dit soos volg:

29. Vivier, op.cit., p.50.

"In die mure is lugkanale met inlate van 25 x 25 cm buite onder die vensters. Die binne-openinge in die vensterbanke het aanvanklik verstelbare houtluke gehad. Die soliede glasvensters kan nie oopgemaak word nie. Die houtplafon het duisende ornamentele luggate. Bokant die plafon is 'n reusagtige, omgekeerde tregter wat warm, bedompige lug versamel en deur openinge in die sinkdak en toring na buite voer. Tydens herstelwerk in 1959 is daar gevind dat die tregter in 1921 hier en daar stukkend gesaag was om vir elektriese bedrading plek te maak, waardeur die lugreëling aansienlik verswak is. Met die verskuiwing van die orrel na die toringvleuel in 1965 is lug-sirkulasie verder belemmer deur die orrel self en deur die toebouing van die ruimte agter die orrel."³⁰

Kuns- en kultuurhistoriese waarde

Die Nederduits-Gereformeerde Moederkerk op Beaufort-Wes is een van die geboue op die dorp wat enkele jare gelede tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar is. So is verseker dat dit ongeskonde gelaat sal word.

30. Vivier, op.cit., p.52.

Estetiese uitsig van dié kerk


'n Mens kan jou nie die dorpstoneel indink sonder die slanke wit toringspits van die Moederkerk wat reeds ver buite die dorp die kerk se standplaas aandui nie. Hoewel dit dus die mees merkwaardige onderdeel in dié konstruksie is, kan dit nie van kritiek uitgesonder word nie. Die verdikking net bokant die galmgate onderbreek die opwaartse ritme opvallend.

'n Baie besliste aanwins is dié kerk se groot vensters wat as goeie voorbeelde van Gotiese vensters met drie- en vierpastrasering kan dien.

Prins Albert



**1 Die kerk vanuit die hoof-
straat gesien**



**3. Kleurvolle orrelpype
en pragtige houtwerk
aan die orrel**



**2. Die hoofingang
met steunbere
weerskante**

PRINS ALBERT

Die gemeente van Prins Albert is in November 1842 gestig.³¹ Dit was al gou duidelik dat dié nuwe gemeente geen predikant sou kry voordat daar nie 'n behoorlike kerk en pastorie gebou was nie. Predikante is deur die regering aangestel.

Nadat die gemeente van dié toedrag van sake verneem het, is ywerig met geldinsamelingsveldtogte begin en binne sewe maande was die pastorie en kerk voltooi. Dié kerk was net maar 'n saal en sou meer as twintig jaar lank diens doen.

Die huidige kerk


Weens 'n gebrek aan fondse is die bou van die huidige kerk telkens in die wiele gery. Vier- en 'n half jaar ná die hoeksteenlegging op 1 Oktober 1860 kon die kerk eers ingewy word, en wel op 18 Maart 1865.

Die grondplan is in die vorm van 'n Griekse kruis waarvan die hoeke na buite gerond is. Die toring is oos. (Sien plandiagram pl. X)

Eksterieur (buitekerk)

Die toring is 'n tipiese voorbeeld van die Engelse

31. Vir 'n vollediger bespreking van die afstigting, sien Hoofstuk 5, p.32.



Prins Albert
 (Griekse kruis met hoeke gerond)

Middeleeuse "parapet spire", met ander woorde 'n vierkantige toring waar die veelhoekige spits uit 'n onderbou wat deur kantele en nie oopgewerkte balustrades afgesluit is, ontspring.

Aan die binnekant van die kantele is 'n loopvlak reg rondom die toringspits.³²

Op die hoeke is lae fiale, dit is klein torinkies, wat in dié geval geen draende of lasfunksie vervul nie, maar bloot dekoratief is.

Die registerindeling van die toring is baie eenvoudig. In die onderste register met sy twee prominente steunbere is die hoofingang. Direk hierna, geskei deur sterk geprofileerde kroonlyste, is die register met spitsboogvormige galmgate - een op elke sy van die toring - en direk daarbo volg die register met die horlosie. (Sien pl. IX. nr.2).

32. Die toringspits wat agter die kantele uitstyg is tipies van die Engelse kerkargitektuur van die 14e eeu. Dit is egter ook 'n tendens by die Renaissance-torings in Noord-Holland. 'n Vierkantige baksteengedeelte word in dié gevalle deur 'n oopgewerkte balustrade en hoekobeliske "omsoom". Hierop volg dan, volgens die ontwerp van Joost Janz die agtkantige bekroning, aldus H. Janse in Stads- en Dorpskerken in Noord-Holland, p.50. Die kantele is ook tipies vir die Engelse Gotiek.

Die karteling van die borswering word in die groot gewels op die arms van die kruis herhaal. Die dak is van sink en eindig direk agter die gewels.

Enkele redelike swaar steunpunte kom op elke hoek van die kerk en ook aan die voorkant van die toring, weerskante van die hoofingang, voor. Dié steunbere loop trapsgewys smaller na bo (p. XI, nr. 1)


Op elke vleuel is groot Gotiese spitsboogvensters met oorsnydende trasering ("intersecting tracery" - pl. IV). Die groot boligte van die deure by die twee syingange en ook by die hoofingang neem dieselfde vorm van die venstertrasering aan. Bokant elke deur en venster is baie prominente wimberge, dit is die boogvormige profile-ring/versiering bokant die deure en vensters. Die hoofingang word met 'n aantal trappe bereik, so ook die ander portale.

Interieur (binnekerk)

Die wye koorgedeelte word deur die preekstoel en konsistorieruimte in beslag geneem. Hier is geen onderverdeling van die hoofbeuk in sybeuke nie. Die transep sluit reghoekig by die hoofbeuk aan, so ook die banke in die onderskeie beuke, waarvan daar drie groepe in die hoofbeuk is. Elke ry - 14 in die hoofbeuk en nege in die sybeuke - word afsonderlik deur deurtjies afgesluit, 'n baie ou gebruik wat nog net by enkele kerke aangetref word.



1. Sy-aansig met geronde hoek



2. Die kansel met dekoratiewe klankbord



3. Die kelkvormige voetstuk

Die interne ruimte word verder in die gebruiklike orrel=galery en in galerye weerskante van die transep, verdeel.

Die staaflafon neem die vorm van 'n kruisgewelfstelsel aan. Die verskillende "ribbe" ontmoet sentraal in 'n tipe sluitsteen, soos by die Engelse Perpendicular Style.³³

Uitrusting


Uit kerkraadsnotules blyk dit dat dieselfde persoon wat as timmerman by die Moedergemeente op Beaufort-Wes opgetree het, mnr. W. Strümpfer, ook vir die houtwerk aan die kerk en pastorie op Prins Albert verantwoordelik was.

Die orrel en preekstoel is twee besonder uitstaande elemente in dié kerk. Die preekstoel het 'n kelkvormige voetstuk (p. XI, nr. 3). In dié opsig toon dit ooreenkoms met kansels van die Oos-Engelse styl waarvan Howard en Crossley³⁴ melding maak en waarna reeds by die bespreking van Beaufort-Wes se kansel verwys is. Sulke voetstukke is in Engeland veral gebruik in die kansels van Norfolk en Suffolk.


33. Dit toon ook 'n ooreenkoms met Beaufort-Wes se kerk. Sien p.80.

34. Howard, F.E. en Crossley, F.H., op.cit., pp. 279,287.

VOORBEELD VAN 'N OOS-ENGELSE KANSEL



syaansig



deursnit

Castleacre, Norfolk


uit: Yarwood, D., The Architecture of England, p. 279.

Die kansel se seshoekige kuip is redelik diep.³⁵

Aan die agterkant is 'n breë houtpaneel wat die rug van die kansel vorm en wat ook as verbindingstuk tussen die kuip en die ryklik versierde klankbord dien.

Die Gotiese spitsboogmotief word op die houtpaneel van die kuip en in die versiering bo-op die seshoekige klankbord herhaal. Op elke hoek van die klankbord is ook 'n miniatuur Gotiese torinkie.

Die seshoekige kuip word geflankeer deur trappe, waarvan die leunings gestileerde weergawes van die Gotiese driepasindelings, soos ons dit by die vensters aantref, vertoon. (Vergelyk skets hiernaas)



Dekorasie

Aan die buitekerk is die gekartelde borswering of kantele en die trasering in die boligte van die deure die enigste dekorasie aan 'n andersins sober afgewerkte gebou.

35. Op die kelkvorm van die kansel is reeds gewys. Dié kanselvorm kom ook by die Nederduits Hervormde Kerk van Abcoude in Nederland voor - vgl. Witsen Elias, J.S., Koorbanken, Koorhekke en Kansels, afb. 179.

In die interieur is die pragtige houtwerk van die kansel en orrel en ook die ryklik versierde orrelpype, die opvallendste elemente. (vergelyk pl.IX,nr.3). Die orrelpype is in skakerings van liggroen en wit beskilder, met dekoratiewe patrone en blommotiewe in bande daarop aangebring. Direk onder die pype is 'n horisontale fries met pragtige krulblaarmotiewe in houtsnwywerk. Dit vertoon soos arabeske.

Die houtwerk aan die galerye is, soos die res van die binnekant van die kerk, wit geverf.

In die plafon is die stervormige openinge van die luggate in 'n sirkel om die sluitsteen gerangskik. Dit vorm ook mooi versieringselemente in die nok van die dak.

Estetiese uitsig

Dié kerk, staande agter ystertralie binne 'n groot "kerktuin", skep dadelik 'n rustige indruk. Die stewige, vierkantige toring wat aan die Middeleeuse belfort herinner, doen geen afbreuk hieraan nie. Dit verhoog egter meer die gevoel van rus en vredigheid wat uit die hele konstruksie straal.

Die kerk is eenvoudig afgewerk met 'n algehele sinkdak. Die enigste opvallende dekoratiewe elemente is die kantele aan die toring en ook aan die gewels en die oorsnydende trasering in die spitsboogvensters.

Murraysburg



1. Die hooftoring en een
seshoekige flankeertoring



2. Syaansig

MURRAYSBURG

'n Plaaswoning het aanvanklik op dié dorp as kerk diens gedoen, maar kort ná die stigting van dorp en gemeente in April 1855 is planne vir die oprigting van 'n kerk en 'n pastorie beraam.

'n Boukommissie is aangestel om planne te laat teken en tenders vir die bou van die kerk aan te vra. Probleme word egter met laasgenoemde ondervind, want 'n kerkraadsnotule van 28 April 1856 lui:

"Verder word door de commissie medegedeel (die boukommissie) dat zij op Graaff-Reinet de voornaamste ambachtslieden geraadpleegd hebben en vernamen dat niemand eenig tender kan inzenden tenzij een naauwkeurig plan van alles gespecificeerd zoude vervaardigd worden door een bouwmeester welk plan veel geld moet kosten en dan kan men niet weten of diegenen die tenders inzonden, zouden mannen zijn van bekwaamheid en eerlijke grondbeginselen, waarop de commissie geene verdere stappen genomen heeft."³⁶

Uit dié aanhaling is dit duidelik dat niemand te vinde was om vir 'n kerkgebou te tender waarvoor daar nog geen plan bestaan het nie. Later word dit egter duidelik dat onderhandelinge wel met 'n sekere Thomson en 'n Ross gevoer is oor die bou van 'n kerk en dat dié persone se voorwaardes aanvaar is. Volgens watter plan Thomson

36. Oberholster, J.A.S., Murraysburg Honderd Jaar Oud, p.11 en ook die oorspronklike notule (Argief, Kaapstad).

(moontlik 'n bouaannemer?) die kerk sou bou, is egter nie duidelik nie.

Die kerkraad moes sekere dinge vir die bou van die kerk self doen, soos byvoorbeeld die breek en aanry van klippe.³⁷

Die eerste kontrak het waarskynlik nie vir 'n kerktoring voorsiening gemaak nie.³⁸ Later word egter wel melding van die toringspits gemaak wanneer na die afronding en die verfwerk en die aankoop van 'n horlosie verwys word.³⁹

Die huidige kerk

Op 'n gemeentevergadering gehou op 14 Januarie 1893 is besluit om die kerk te vergroot. Die kerkraad sou te geleger tyd 'n plan aan die gemeente voorlê, iets

37. Oberholster, J.A.S., op.cit., p.12.

38. "Dat daar later met die bouer 'n ooreenkoms getref is ten opsigte van die bou van 'n toring volgens 'n voorgelegde plan, dui daarop dat die eerste kontrak nie 'n toring ingesluit het nie en dat dit heel waarskynlik die plan was om 'n kerk sonder 'n toring te bou", aldus Oberholster, op.cit., p.13. Dit blyk ook dat die eerste kerk - sonder 'n toring dus - op 'n beker afgebeeld was wat in besit van een vandie gemeentelede is. "Behalwe vir die sydeur wat die kerk met die toring het (dus die huidige een), is die twee geboue taamlik eenders", aldus Oberholster.

39. Ibid., p.14 en die oorspronklike notule van 21 September 1857.

waarvoor die boukommissie verantwoordelik sou wees.

Twee maande ná die vergadering is 'n plan met die nodige kosteberekeninge deur 'n sekere J. Cairns voorgelê. Dit sou egter J. Maden van Beaufort-Wes wees wie se hulp in verband met die voorgestelde veranderinge ingeroep sou word.


Die hoeksteen van die vergrote gebou is op 19 Januarie 1907 gelê en die kerk is op 14 Desember van dieselfde jaar ingewy.

Grondplan

Die kerk het nie 'n volledige Latynse kruisplan nie, hoewel die hoofbeuk tog langer as die transep is. (Die afmetings is ongeveer 17 meter by 11 meter). Dit is dus wel 'n kruiskerk met 'n vlak dwarsbeuk. Die koorgedeelte, dus die konsistorie, is ook vlak afgesluit. (Sien pl.XIV).


Eksterieur (buitekerk)

Die kerk het drie torings: een by die hoofingang met 'n vierkantige onderbou en oktagonale bekroning en twee kleiner seshoekige torings weerskante. Die oorgang tussen die torings herinner aan die holwerk van die



Murraysburg se ou kerk

volgens: Ons Kerk Album



0 12 m

Plan van die
huidige kerk

Kaaps-Hollandse gewel (pl. XIII, nr.1).⁴⁰ Dié verbindingsmure vertoon ook soos vleuelkonsoles of volute.

Die kerk is afgedek met 'n deurlopende saaldak oor die hoofbeuk en ook oor die sybeuke. Die twee dakke sluit reghoekig by mekaar aan. Die mure is van baksteen wat afgepleister is.

Onopvallende steunbere, wat meer soos lisene of muurpilasters lyk, kom op die symure tussen die vensters voor. Dié vensters is volgens die Gotiese boogvorm ontwerp. Weerskante van die sydeure is smal lansetvensters.

Interieur (binnekerk)

Die beukruimtes word hoofsaaklik deur die banke in beslag geneem en die koorgedeelte deur die konsistorie en kansel. Waar die banke van die hoofbeuk en dié van die transep ontmoet is hulle halfmaanvormig gerangskik.

Klein galerye kom weerskante bokant die syvleuels voor.

Dan is hier ook die gebruiklike orrelgalery wat oor die

40. By sir Christopher Wren (1632-1723) se kerke, veral die St. Edmund the King, Lombard Street, Londen, kom dié halfmaanvormige oorgang uit die hooftoring ook voor. Dit is egter nie iets algemeens nie. Vergelyk in dié opsig Yarwood, Doreen, The Architecture of England, p.233.

breedte van die hoofbeuk strek. 'n Pragtige spiraalvormige trap wat uit die hoofingangsportaal lei, voer na dié galery (pl. XV, nr.2).

Die afdekking van die hele kerk geskied deur middel van 'n staalplafon wat met vierlobbige motiewe versier is. Dieselfde tipe plafon word by Aberdeen se kerk aangetref.

Die stutwerk word deur staalsuile gedoen, waarvan daar vier by die hoofingang, dus onder die orrelgalery, en twee elk by die galerye in die transep staan.


Uitrusting

Dit is nie seker wie die eerste preekstoel gebou het nie, maar dit was gewis 'n besonderse stuk werk, soos uit ou foto's blyk. Oberholster wys daarop dat dit beskryf was as:

"a very credible specimen of its kind
alike worthy of the projector and of
the artist who has perfected it."⁴¹

In 1884 besluit die kerkraad egter dat dit vervang moet word. Die ou preekstoel - kelkvormig- was blykbaar te hoog en te nou en 'n nuwe een is op versoek van die destydse leraar "voor zijn gerief" gemaak. Die hoogte het ds. Van Wyk "en vele andere predikanten aan

41 Oberholster, J.A.S., op.cit., p.16.



1. Die kansel met dekoratiewe houtwerk,
geflankeer deur twee
lansetvensters



2. Die houtspiraaltrap
in die voorportaal

duizeligheid onderwierp."(!)⁴² Die nuwe preekstoel is ruim en stewig en het sierlike houtwerk. Dit is deur Wannenburg van die Paarl vervaardig en ook opgestel.

'n Sierlike Gotiese houtboog, geflankeer deur twee torinkies ook van Gotiese ontwerp, vorm die agterste afsluiting van die preekstoel wat vas teen die konsistorienuur opgerig is.

Die eerste orrel het aan die gemeente baie hoofbrekens besorg, veral die vervoer daarvan uit Duitsland en die latere installering.⁴³ Dit is op 7 Julie 1871 ingewy en is in 1907 afgebreek om vir 'n nuwe plek te maak. Die huidige orrel het pragtige houtwerk en gepolichromeerde pype.

Dekorasie

Die mooiste dekorasie in die binnekerk is in die houtwerk van die kansel, dié van die spiraaltrap na die orrelgalerie en die orrel self (sien pl. XV). Die buitekerk is eenvoudig afgewerk.

42. Oberholster, J.A.S., op.cit., p.56.

43. Op p.33 word reeds iets hiervan vermeld. Volgens Oberholster was daar verder ook 'n inskripsie op die kas ontdek wat min of meer soos volg sou lui: "Hierdie orrel moes ons in der haas klaarmaak en inpak, want daar het 'n vreeslike oorlog tussen ons en die Fransman uitgebreek." Die inskripsie was in Duits en het heel moontlik na die Frans-Pruisiese oorlog verwys, aldus Oberholster, op.cit., p.41.


Estetiese uitsig

Soos by die meeste Karookerke die geval, is die eerste indruk wat dié kerk skep, ook een van rustigheid. Die buitekerk is, soos vroeër vermeld, eenvoudig afgewerk en bloot afgewit, met traliewerk reg rondom die kerk=terrein.

Hier is geen uitstaande elemente aan die eksterieur nie, behalwe die drie torings voor. Die vierkantige hoof=toring met die twee kleiner veelhoekige torings weers=kante vorm sō 'n integrale deel van die vooraansig dat die kerk moeilik daarsonder ingedink kan word. Die verbindingsmuurtjies tussenin vorm 'n mooi, geleidelike en byna onopvallende oorgang van die een toring na die ander.

Die sygewels van die kerk toon 'n nugtere, geometriese uitleg met die deur en die ingangsportaal wat deur lansetvensters geflankeer word. Die venster reg bokant die portaal is in dieselfde travee.

Aberdeen



1. Die toring met sy
registerindeling



2. Gesig op die orrelgalery



3. Die kansel in 'n nisboog

ABERDEEN

Die kerk is op 'n plein in die middel van die dorp geleë, met toevoer- en sirkelpaaië daaromheen. Die hoë neo-Gotiese toring is reeds etlike kilometer buite die dorp sigbaar.⁴⁴

Eerste kerkgebou

Kort ná die stigting van dorp en gemeente in 1855 het die behoefte aan 'n eie kerkgebou ontstaan. 'n Gebou=tjie met klipmure en strooidak is opgerig. Die kerk=gangers moes hul eie sitplekke voorsien.

In September 1859 word die moontlikheid van 'n nuwe kerk op 'n kerkraadsvergadering bespreek. Die bestaande geboutjie kon reeds teen dié tyd nie meer die vinnig groeiende gemeente huisves nie.

Teen Desember van dieselfde jaar is die besluit gefinaliseer. Ná deeglike oorweging is besluit dat die kerk (soos reeds vroeër genoem) volgens die plan van Murraysburg se kerk gebou sou word.

-
44. 'n Staaltjie doen die rondte dat dié uitermate hoë toring die gevolg is van wedywing tussen die gemeentes van Aberdeen en Graaff-Reinet. Die Aberdeners wou nie hê dat daar met die bou van hul kerktoring opgehou word, voordat dit nie hoër as dié van die Moedergemeente op Graaff-Reinet, die Grootkerk, is nie. Die uiteinde was 'n toring van 180 voet (54,86m) teenoor die 150 voet (45,72m) van Graaff-Reinet s'n.

Op 'n buitengewone kerkraadsvergadering gehou op 8 Februarie 1860 is die volgende opdrag aan die boukommissie gegee:

"Die gebou moes een vierkantige wees, waarvan die toring en konsistorie vir eers weggelaat word, die front of voorkant van die gebou sal na die oostekant wees, die lengte sal wees 55 voet (16,76 meter) die dikte van die mure vir die klipwerk, minstens 2 voet (60,96 cm)"⁴⁵

Volgens verdere bepalings sou die kerk "'n plat plafon van slegs 24 voet hoog",⁴⁶ hê.

Die hoeksteen van dié nuwe kerk sou op 23 Maart 1860 gelê word, maar vele moeilikhede het opgeduik wat die voortsetting van die bouwerk belemmer het. Dit sou blykbaar eers etlike jare later kon geskied.

Die huidige kerk

Tydens die jubileumfeesviering van die gemeente in 1905 is besluit om, as blyk van dankbaarheid, die kerkgebou te vergroot. Die hoeksteen van die "nuwe" kerk is op 26 Januarie 1906 gelê en die kerk self is op 24 Januarie 1908 ingewy.

45. De Villiers, Danie J.J., Gedenkboek N.G. Gemeente Aberdeen, 1855-1930, p.13.

46. Ibid., p.21.

Grondplan

Die oorspronklike kerk vorm die dwarsbeuk van die huidige gebou. Die toringvleuel en die konsistorie wat in 1906 aangebou is, het die plan van die langwerpige saalkerk na die Latynse kruisvorm verander. Die konsistorie is sowat 15,24 meter breed en die toring 54,86 meter hoog.

'n Verandering is in die plasing van die hoofingang aangebring. Volgens die oorspronklike bepalinge sou dit oos wees. Dit is egter nie deurgevoer nie, maar reeds aan die suidekant beplan, dieselfde kant van die huidige hoofingang (suid-suidoos).

Die dwarsbeuk van die kerk strek dus van oos na wes, met die hoofingang en die toring suid en die konsistorie noord. (Sien plandiagram pl.XVII)

Eksterieur (buitekerk)

Portale met 'n buitemaat van ongeveer 7 meter breed en 4 meter lank kom aan elke kant van die dwarsbeuk voor.

Die hoë toring is gelukkig in harmonie met die res van die kerk. Dit strek vanaf die grondvlak en is opgebou uit sewe registers waaruit die agthoekige spits ontspring. Die hoofingang is in die onderste register. Die voordeur word omraam deur 'n versierde druplys in die vorm van 'n Gotiese spitsboog. In die volgende twee



geledings is lansetvormige vensters, twee direk bokant die hoofingang en in die volgende register 'n breër lansetvenster, direk onder die datum van die toring (1907). Die galmgate is in die volgende twee registers, in dieselfde orde gerangskik. Op die vier hoeke van die laaste vierkantige register waarin die horlosie is, is lae torinkies of fiale. Hierna volg die poligonale basis vir die toringspits.

Kleiner poligonale torings kom by die portale van die transep en ook weerskante van die hoofingang voor.


Die hoofbeuk en sybeuke is afgedek met spits sinkdakke. Die oostelike en westelike portale, wat verder uitgebou is, het plat dakke met die reeds genoemde torinkies as afrondings. Die konsistoriemuur eindig in 'n eenvoudige gewel met 'n klein, ronde venster naby die spits (Sien skets pl. XVII)

Die dubbele stutmure op die hoeke van die toring, op die voorgewel en teen die konsistoriemuur is meer stilisties as funksioneel, want die muurvlakke is geensins deur soveel vensters deurbreek dat dit in só 'n mate verswak is dat die gebruik van dubbele stutmure geregverdig is nie.

Die steunbere verjong trapsgewys totdat dit direk onder die dakrand in spitse punte eindig.



Aberdeen



Agtergewel met vensters

Die vensters is almal Gotiese spitsboogvensters, sonder maaswerk, drie elk op die langsye en een aan elke kant op die kortsye. Dié op die langsye word deur wimberge bekroon.

Interieur (binnekerk)

Die interieur is ruim, met die banke simmetries gerangskik in twee-derdes van die hoofbeuk en die sybeuke.

Die koorgedeelte word deur die kansel, wat diep teruggeplaas is in 'n nisboog, en die konsistorie in beslag geneem. Die skip bestaan uit die breë hoofbeuk sonder sybeuke. Die transep en galerye loop oor die hele breedte van die sybeuke en aan die agterkant van die hoofbeuk (orrelgalery) deur.

Hoewel die versierde staalplafon met die aanbouings in 1907 gelig is, is dit nog baie laag. 'n Speciale ruimte moes byvoorbeeld in die dak vir die orrelpype gelaat word.

Alle bou-elemente in die kerk is simmetries gerangskik, byvoorbeeld die deure onder die orrelgalery wat eweredig gespaseer is, met twee smal lansetvensters tussenin.

Dieselfde simmetriese spasiering geld vir die smal suile onder die galerye.

Uitrusting

Die dubbele kansel is teen die konsistoriemuur in 'n spitsvormige nisboog geplaas, met 'n omraming van dekoratiewe houtsnwywerk, soos ook by Murraysburg aangetref word. Die kansel word verder afgewerk met balustrades oordie hele breedte van die hoofkansel en wat ook om die onderste gedeelte, die kateder, loop.

Die eerste preekstoel was kelkvormig met 'n hoë voetstuk en het tot in 1905 diens gedoen, waarna dit deur die huidige "tribune" vervang is.

Die oorspronklike gasligte in die vorm van koperkandelare is met die verloop van jare geëlektrifiseer.

Met die vergroting van die kerkgebou is nuwe vloere, banke en die staalplaatplafon ingesit. Die huidige kerk het sitplek vir 1500 mense.

Dekorasie

Aan die buitekerk is dekorasie baie spaarsaam gebruik. Dit is eintlik net die verskillende registers van die toring waarvan die pleister telkens met ander patrone of in die rustica-afwerking versier is. Op die nok van die sinkdak kom ook fyn afwerking voor.

In die binnekerk is dit hoofsaaklik die houtwerk aan die kansel en die siermotiewe op die staalplafon wat die

opvallendste is. (sien pl. XVI). Die afwerking van die galerye se voorste houtpaneel is in die vorm van die Gotiese drielob.

Estetiese uitsig

Die hoë toring is ook hier die opvallendste kenmerk. Na regte is dié toring die groot trots van die inwoners, aangesien dit vermoedelik die hoogste kerktoring in die land is!

Met 'n toring van 54,86 meter en daaragter 'n relatief lae kruisvormige ruimte kan 'n onharmoniese konstruksie verwag word. So 'n probleem is egter hier opgelos deurdat daar 'n goeie oorgang van die toring na die dak van die kerkruimte bewerkstellig is. Dit geskied deur middel van 'n driehoekige geweltop wat deur die toring onderbreek word. Weerskante van die toring is ook twee lae portaaltjies met veelhoekige spits dakke wat die oog van die aanskouer aflei na die vlak van die ingangsportaal. Hierdeur lyk die toring dan minder massief.


Laingsburg



1. Vooraansig



2. Die ryklik versierde tooring



3. 'n Rondeboogvenster aan 'n sygewel

LAINGSBURG

Die kerk is langs die hoofstraat, wat terselfdertyd ook die hoofroete deur die dorp na Kaapstad is, geleë.

Dié gemeente is in 1882 gestig en het aanvanklik as Laing's Town bekend gestaan. Die grense van dié nuwe gemeente sou tot by ondermeer Prins Albert en Sutherland strek. "Op 16 Julie 1883 word besluit om die Sinode te versoek om die naam van die gemeente na Laingsburg te verander."⁴⁷

'n Ouderling, ene S.C. Greeff, het op eie koste 'n kerk (die huidige ou kerksaal) laat bou om sō die vestiging van die nuwe gemeente - waarteen baie gekant was - te verseker. Dié kerk is op 13 Julie 1881 ingewy.⁴⁸

47. Driekwarteeufeesgedenkboek vandie Ned. Geref. Kerk Laingsburg, p.15.

48. In die Cape Argus van Vrydag 20 Januarie 1882 het die volgende berig onder die opskrif "New Church at Buffel's River", verskyn: "On my travels by the Beaufort West Railway line I was surprised and greatly delighted with the neat but substantially built church lately erected at Buffel's River, on the farm of Mr. Stephanus Greeff, of Zout Kloof. I may mention that this edifice has been built solely at the expense of and on ground presented by Mr. Greeff; a donation which, we hope, the surrounding residents thoroughly appreciate... It is sincerely to be hoped that no dissensions or jealousies among the neighbouring communities, will deter the good work thus auspiciously commenced, and that those who are at present opposed to the formation of a new congregation... will be brought to see the utility of having this place of worship in their midst..." - Gedenkboek, pp.9,10.

Hierdie eerste kerkgebou was 'n langwerpige saalkerk, met vier Gotiese spitsboogvensters op elke langsy en 'n spitsboogvormige deur in die een kortsy.

Teen 1898 is dié kerk reeds te klein en word 'n nuwe een beplan. Aanvanklik sou die nuwe kerk bloot op aanbouings aan die bestaande kerk neerkom. Gou sou egter nie tot die bou van die nuwe kerk oorgegaan word nie, want die oorlogstoestande wat geheers het (die "Engelse Oorlog") het dit telkens vertraag.

In Julie 1903 word op 'n kerkraadsvergadering weer aandag aan die bou van 'n nuwe kerk geskenk. Daar word op die plan van die kerk van Langlaagte (?) besluit.

Volgens tenders ontvang sou die mure van klip, die houtwerk van kiaat en die fondament van beton - anders as 'n klipfondament waarvoor vroeër getender is - wees. Die mure sou aanvanklik uit baksteen opgebou word.

Die hoeksteen is op 4 Junie 1904 gelê en die inwyding was op 29 April 1905.

Volgens Ons Kerk Album is dié nuwe kerk 'n gebou:

"dat van binnen zeer doelmatig is, en van buiten het schoon dorpje tot sieraad verstrekt. Iets eigenaardigs van de Kerk is, dat dezelve kan ingesloten worden om een

kleiner ruimte te beslaan, op Amerikaanse wyse."⁴⁹

Met die laaste gedeelte van die aanhaling word verwys na die rolblindings waarmee die twee syvleuels van die kerk afgesluit kan word om so 'n kleiner sentrale ruimte te vorm.

Die huidige kerk


Die grondplan is in die vorm van 'n Griekse kruis waarvan die hoeke ingevul is. Voor, dit is aan die suidwestelike kant, beslaan die toring en 'n uitbouing vir die trap na die orrelgalery die een ruimte en 'n driehoekige uitbouing vir 'n portaal die ander. Agter, aan die noordooste kant, neem die konsistorie die res van die ruimte in beslag. (sien pl. XIX)

Eksterieur (buitekerk)


Die toring is die mees prominente onderdeel in dié klipkerk. Dit het 'n vierkantige onderbou wat in 'n balkonnetjie aan elke sy eindig. Vier fiale met kruisblomme⁵⁰ rond die onderbou af. Die horlosie staan in die poligonale spits, wat ook ryklik met hogels versier is. Direk onder die kroonlys wat die vier balkonnetjies verbind is vier spuers of spuiers, tipiese gargoylefiguurtjies. (sien pl. XVIII, nr. 2)

49. Ons Kerk Album, soos aangehaal in die Driekwarteeufesgedenkboek, p.29.

50. Vier hogels rondom een stam.



Laingsburg
(Griekse kruis met hoeke ingevul)



Banke waaivormig voor kansel opgestel

Die galmgate is in die vorm van oop rondeboogvensters wat soos Romaanse boë vertoon en met baie prominente gegolfde frontoene afgerond word.

Toegang tot die kerk word verkry deur 'n Romaanse boogvormige portaal in die toringvleuel en deure in die symure.


Die kerk het 'n spits sinkdak wat agter vier prominente gewels eindig. Die gewels is ook met dieselfde vorm van fiale versier as wat op die vier hoeke van die toring-spits se onderbou voorkom. Aan die binnerand van die gewels en onder die daklys is 'n ryklik versierde deklis.

Die vier gewelvelde is deur middel van 'n kroonlys in twee registers verdeel, met 'n groot rondeboogvenster in die boonste register en drie langwerpige vensters op die grondvlak. Die rondeboogvensters word elk bekroon deur 'n breë muurboog van wit pleister wat goed teen die klipmuur projekteer.

Die kerk het geen prominente steune nie, net pilasters tussen die langwerpige vensters en 'n uitbouing op die hoeke van die gewels wat wel as 'n tipe steunbeer beskou kan word. Dit strek van die grondvlak, al langs die gewels tot by die dak waar dit in die reeds vermelde kruisblom-fiale langs die gewelrand eindig.



1. Die kansel in 'n nisboog



2. Dekoratiewe houtwerk aan die balke

Interieur (binnekerk)

Die koorgedeelte, wat normaalweg deur die konsistorie en preekstoel in beslag geneem word, is in dié geval nie op die kruising van die lengte- en breedte-as geleë nie, maar lê oorhoeks. Die kansel, in 'n nisboog, strek dus dwarsoor die hoek.

Die kerk is oordek met oop dakstoele van hout, twee en drie onderskeidelik in die arms van die kruis, en 'n kruisgewelf oor die sentrale viering. Die balke van dié gewelf rus op draagstene.

Die banke is volgens die gebruik vir 'n gesentraliseerde plantipe só gerangskik dat dit op die preekstoel gerig is - in dié geval waaiervormig. Die eerste indruk wat dié rangskikking skep, is een van verwarring, want die paadjies vorm uiteenlopende rigtinglyne wat die oog nie langs een enkele as die kerk inlei nie.⁵¹

Uitrusting en dekorasie

Die preekstoel is, soos reeds vermeld, in die hoek van die kruising van die beuke, binne 'n nisboog. Dit word met trappe aan die sykante bereik en die tribune-agtige kuip is met 'n balustrade aan die voorkant afgesluit.

51. Vergelyk in dié opsig Koorts, J.M.J., op.cit., p.72.



Die enigste vorm van dekorasie kom dan ook aan die nis=boog bo die preekstoel voor, naamlik die woorde "HET EVANGELIE DER GENADE GODS", met reg daarbo die embleem van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in reliëfwerk aangebring. Die gebruiklike kanselkleed ontbreek.

'n Interessante aspek is die afwerking van die voorkante van die galerye en ook die houtreling voor die voorste banke met geëmbosseerde metaalplate.

Estetiese uitsig

Die afwisseling in die tekstuur van die pleisterwerk aan die eksterieur sorg vir die dekorasie aan die buitekerk. Die skerp kontras tussen die wit pleisterwerk en die geelbruin natuursteen wek met die eerste oogopslag die indruk van te bont te wees. Die toring met sy balkon=netjies, fiale, kruisblomme, spuwars en hogels is ook effens te oorversierd.

Merweville



Plandiagram

MERWEVILLE

Nog 'n kerk wat in natuursteen gebou is - wat in dié geval gekap is uit steengroewe in die omgewing - is die Nederduits-Gereformeerde Kerk op dié dorp.

Die gemeente is in 1904 gestig, met grense wat ondermeer strek tot by Beaufort-Wes en Prins Albert.

"In Mei 1913 word besluit om 'n gemeentevergadering te belê om sake te reël i.v.m. die bou van die kerk, en word dit aan die voorsitter opgedra om planne te kry en ondersoek in te stel oor die boukoste. Op 5 Julie van dieselfde jaar word die gemeentevergadering gehou en word argitek Hesse aan die vergadering voorgestel."⁵²

Twee dae later het die kerkraad weer vergader en het Hesse verklaar "dat hy 'n plan sou opstel volgens die voorbeeldplan wat hy aan die Raad getoon het", aldus Erasmus.⁵³ Niks word egter verder omtrent dié plan vermeld nie.

Hoe dit ookal sy, die hoeksteen van dié kerk is op 24 Januarie 1914 gelê en die kerk is op 28 April 1916

52. Erasmus, M.F., Halfeeufees-Gedenkboek Ned. Geref. Gemeente Merweville 1904-1954, pp.24,25.

53. Ibid.

- ná moeilike omstandighede as gevolg van droogte en oorlog - ingewy.

Grondplan

Die grondplan van die huidige kerk is in die vorm van 'n omgekeerde L, met die toring in die hoek wat deur die twee "bene" gevorm word. Die hoofingang is noordwes. Aan die suidelike en oostelike kante is ekstra uitbouings aangebring (sien plandiagram), wat die koorgedeelte buite die oorspronklike plan plaas. Die banke vul die beuk= ruimte en waar die twee vleuels ontmoet sluit hulle reghoekig bymekaar aan. In die ruimte direk voor die preekstoel is enkele rye banke oorhoeks geplaas.

Eksterieur (buitekerk)


Die vierkantige toring vertoon byna soos 'n tipiese Middeleeuse belfort met ronde hoeke bo, kanteelafwerking en stewige steunbere op die sye. 'n Oktogonale spits styg agter die borswering uit, wat 'n tipiese karakter= trek van die Engelse torings van die 14e eeu is.

Dubbele steunbere wat byna tot dakhoogte strek, kom op elke gewelhoek voor. Die toring se steunbere loop deur tot by die galmgate en verjong vandaar af trapsgewys sterker totdat dit in spits punte 'n ent onder die kantele eindig.

Die spitse dak sou aanvanklik met teëls bedek word, maar weens die Eerste Wêreldoorlog wat ten tyde van die bou

van die kerk, einde 1914, gewoed het, is die aankoms van die teëls vertraag. 'n Tydelike bekleding van malthoid ('n teer-en rubber-bekleding), is op die dak gesit. Teen 1919 het dit al sō erg verweer, dat dit met 'n sinkdak vervang is.

Op die kruising van die twee "bene" van die L-vorm staan 'n vreemde klein torinkie, wat soos 'n tipiese Switserse chalet-toring lyk. Dit het lugroosters in en dien blykbaar as 'n tipe lugtoevoerkanaal. As dekoratiewe element is dit egter onvanpas aan die eksterieur.



Dubbele Gotiese spitsboogvensters kom in die boonste gedeelte van die twee gewels voor, met kleiner, reghoekige vensters daaronder. Die trasering in dié vensters is oorsnydend, met ander woorde elke vensterroei vertak in boë en ontmoet 'n volgende staaf oorkruis. (Vergelyk pl. IV) Dié trasering was tipies in die 14e eeu. Volgens Vermeulen⁵⁴ kom dié tipe trasering ook in die koorvenster van die A-kerk te Groningen voor.

54. Vermeulen, F.A.J., op.cit., p.403.

Interieur (binnekerk)

Die interne ruimte word effektief benut. Die banke is, soos reeds gemeld, reghoekig teenoor mekaar in die twee beuke van die skip geplaas. Ekstra binneruimte word verkry deur drie nisvormige uitbouings - of apsisse - wat rond binne en hoekig buite is.⁵⁵ Dié drie ruimtes word deur die preekstoel - van 'n tribune - tipe - die orrel en die ekstra banke gevul. Direk agter die apsis waarin die preekstoel geplaas is, is die konsistorie wat ook 'n verdere aanbouing aan die oorspronklike L-vormige plan is.

Die dak het oop dakstoele met die normale kombinasie van die hoofkappe (principal rafters) wat mekaar kruis en teen spanribbe eindig. Die geheelindruk is dié van "latwerk", omdat die balke dun en redelik naby mekaar geplaas is. Die nokbalk is ook duidelik sigbaar.

Die vernaamste uitrusting, die banke, orrel en preekstoel, is alles baie eenvoudig en sober in afwerking.

Estetiese uitsig

Die swaar, vierkantige toring kon maklik 'n starre voorkoms aan die kerk gegee het, maar dit word vermy deurdat daar groot galmgate en horlosies op elke sy van die

55. Die apsis by die vroeg-Christelike en Middeleeuse kerke was gewoonlik ook rond binne en veelhoekig buite.

toring is.

Die res van die kerk gee ook 'n stewige indruk, daar dit volledig uit klip gebou is, met slegs enkele klein wit vlakke, soos die frontoene bo die galmgate en gepleisterde vlakke op die steunbere.

* * * * *

Ander Nederduits-Gereformeerde gemeentes in die Groot-Karoo wat ook kerke het wat Europees-historiese elemente in die opbou vertoon, is onder meer Sutherland, Loxton en Willowmore (die ou kerk).

SUTHERLAND, lê sowat 140 km van Laingsburg op die Roggeveldberg. Sy huidige kerk het 'n interessante geskiedenis.

Dié gemeente is in 1855 gestig en deur die Sinode van 1857 onder die Ring van Beaufort geplaas. Teen ongeveer 1858 was die eerste kerk reeds opgerig. Dit was blykbaar 'n langwerpige gebou met groot entgewels. In 1877 is daar sprake van die vervanging van dié gewels en teen 1884 is besluit om 'n algehele nuwe kerk te bou.

Die nuwe kerk se hoeksteen is op 8 Mei 1888 gelê en die inwyding was vir 27 Oktober 1900 beplan. Dié kerk sou egter 'n stormagtige tydjie beleef voordat dit uiteindelik maande later in gebruik geneem kon word. Oorlog

het uitgebreek en

"op 3 September 1901 is die leraar verplig om al die sleutels van die sierlike gebou aan die militêre besetters te oorhandig wat die kerk toe as fort en kaserne ingerig en met doring=draad omhein het."⁵⁶

Hopkins verhaal verder hoe dat die kerk, ná afloop van die oorlog, ten bedrae van honderde pond weer herstel en vernuwe moes word.

"Die kosbare tapyte was so vuil dat hulle verwyder moes word; meer dan die helfte van die lampe het verdwyn en al die 'ventilators' rondom die gebou is verniel."⁵⁷

Soldate het hul name op die rooskleurige binnemure van die kerk geskryf, die trappe was uitgetrap en byna alles wat vir brandstof gebruik kon word, is verwyder. So het vensters, banke, stoele en die preekstoel spoorloos verdwyn.

Die huidige kerk is in die vorm van 'n kruis en is van gekapte klip gebou. Die mure is, volgens Hopkins, "31 voet hoog en die 'zeer fraaie' toring is 131 voet."⁵⁸

Die kerk het sitplek vir 1 200 mense.

56. Hopkins, H.C., Eufoesgedenkboek van die Ned. Geref. Kerk Sutherland (1855-1955), p.65.

57. Ibid.

58. Ibid., p.67.

Die kerk van LOXTON, 'n klein dorpie in die Nuweveld=berge, het ook 'n kruisvormige grondplan, vierkantige hooforing, klein rondeboogvensters op die sygewels en groot ronde vensters in die gewelspitse.

WILLOWMORE se ou kerk, wat in 1879 ingewy is, is enkele jare gelede afgebreek om vir 'n kappiekerk plek te maak. Dit het verskeie Gotiese elemente in die opbou gehad, byvoorbeeld spitsboogvensters, fiale en steunbere wat trapsgewys verjong het.

Graaff-Reinet




1. Syaansig



3. Syaansig vanaf die
konsistorie



2. Die Grootkerk



4. Salisbury - katedraal

HOOFSTUK 8DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDE KERKE BUIITE DIE GROOT-KAROO

Buite die grense van die Groot-Karoo lê verskeie dorpe wat in die volksmond ook as "Karoodorpe" bekend staan, maar in der waarheid reeds in die Kaapse Middelland en Oos-Kaapland geleë is. So is daar onder meer Graaff-Reinet, bekend as die "juweel van die Karoo", Cradock, Steytlerville en Jansenville.

Op die rand van die Groot-Karoo lê weer talle ander bekende dorpe soos Fraserburg, Middelburg, Richmond, Hanover en Colesberg. Laasgenoemde drie is veral bekend aan dié reisiger wat van die Vrystaat na Wes-Kaapland reis.

Enkele van dié dorpe se Moederkerke word nou kunshistories beskou.

GRAAFF-REINET

Weens sy ligging langs die Sondagsrivier en die pragtige groen tuine, wat in skerp kontras met die omringende Karoovlaktes staan, het dié dorp die bynaam "Juweel van die Karoo" gekry. Dit is die oudste en grootste dorp in die Kaapse Middelland.

'n Uiteensetting van die stigtingsgeskiedenis van dié dorp, asook 'n vlugtige bespreking van die eerste kerke, is reeds vroeër gegee.¹ Veel meer is daar nie omtrent die vroeë geskiedenis van Graaff-Reinet se kerk bekend nie, aangesien geen aantekeninge van die vroeë kerkraadsvergaderinge bestaan nie. Die eerste "Resolutie-boek" begin op 8 Julie 1798 en eindig in Junie 1826, aldus Spoelstra.²

Die huidige kerk

Die Groot Kerk, soos die Moederkerk bekend staan, is die vierde kerk van dié gemeente. Die hoeksteen is presies 'n honderd jaar ná die proklamasie van die nuwe distrik van Graaff-Reinet, en wel op 12 April 1886, gelê.

Dat die bou van dié kerk geweldige uitgawes sou meebring, was uit die staanspoor duidelik. Die finale koste sou dan ook R36 000 beloop.

'n Brief van 'n sekere J. Thornhill van Port Elizabeth, gedateer 14 November 1838, gee 'n aanduiding van die koste en moeite wat met die oprigting van dié kerk gepaard gegaan het. Dit lui:

"I can obtain the necessary...(?) timber to frame and plank the spire for your church, which with workmanship, complete fitted here and numbered ready to fix at Graaff Reinet, will cost about £100 And if the carpenter who constructs the

1. Vergelyk Hoofstuk 5, p.28.

2. Spoelstra, C., Bouwstoffen, p.515.

spire here, is to proceed to Graaff-Reinet, for the purpose of fixing the frame, he requires Rds. 100 for his loss of time on the road going and returning... The materials I think will take three or four waggons for their conveyance..."³

Maar dat al die moeite beloon is, is duidelik uit die sierlike kerkgebou wat vandag die middelpunt van die dorp vorm. Soos reeds genoem, word daarvan melding gemaak dat dié kerk volgens die styl van die katedraal van Salisbury, Engeland, ontwerp is.⁴ Die argitek was J. Bisset van Kaapstad.

Die verdere bespreking van die Groot Kerk sal dus vergelykend met dié van die katedraal van Salisbury geskied.


Die Salisbury-katedraal vorm die hoogtepunt van die Early English-styl van die Gotiek in Engeland.

'n Algemene karakteristiek van die Engelse Gotiek is 'n tweede of selfs derde transep in die grondplan. By Salisbury kom 'n tweede transep wel voor. Die kerk is besonder lank (meer as 140 meter) met 'n geweldige hoë kruistoring (123 meter) wat uit die Decorated Style van die 14e eeu dateer.


Die plan van die Engelse katedraal kan gesien word as:

"primarily a path with a long, directed nave not

-
3. Kerkargief, Kaapstad, Inkomende Briewe, 1803-1925, G6, 2/1.
 4. Die N.G. Kerk, pamflet van Graaff-Reinet se Reklamevereniging.



Graaff-Reinet



Die grondplan van die katedraal
van Salisbury

leading to any centralized chancel, but continuing through the building without coming to a halt. Even the tall tower over the crossing does not represent a real centre."⁵

Die beukindeling in die hoofskip is simmetries, maar dié in die transep a-simmetries, met ander woorde daar is nie twee sybeuke nie, maar slegs een.

Die eerste transep van die Salisbury-katedraal projekteer verder na buite as die tweede. Aan die oos-koorgedeelte is daar nie die gebruikelike kooromloop en kapelkrans nie, maar die koor is vlak afgesluit.

Hoewel dié katedraal met sy lang plan en dubbele transepte moontlik as vertrekpunt of inspirasie by die beplanning van Graaff-Reinet se kerk gedien het, kan suiwere ooreenkomste ten opsigte van afmetings en opbou nie getref word nie. Om 'n voorbeeld te noem: die toring van die Groot Kerk is slegs 45,72 meter, dus byna 'n derde van dié van Salisbury. Ook die verhoudings ten opsigte van die algehele lengte en breedte vertoon dieselfde tendens.

Wat die grondplan van die Karoorkerk betref, is daar 'n mate van ooreenkoms met dié van die katedraal en wel wat die transepte betref. By Graaff-Reinet is die eerste klein transep heel voor by die hoofingang - dit is bloot portale - en die eintlike transep verder na agter, sodat die koorgedeelte (konsistorie)

5. Norberg-Schulz, C., Meaning in Western Architecture, p.206.

direk daarna gevorm word. Die konsistorie loop parallel met dié transep. By Salisbury is die eerste transep in die middel van die hoofbeuk en die korter een weer nader aan die koor.

Die grootste verskil tussen die Karookerk en die katedraal lê in die plasing van die hooftoring: By Graaff-Reinet is dit reg voor in die middel van die hoofbeuk geplaas en by Salisbury op die viering.

Die Groot Kerk se toringspits is 'n tipiese voorbeeld van die 13e eeuse "broach spire" in Engeland, met ander woorde 'n agtkanttoringspits. Die "klein piramides" is aangebring om veral van die syaansig die hoek wat die toringspits op die onderbou vorm 'n meer geleidelike oorgang te gee.


Aan die wesparty van die Salisbury-katedraal kom twee lae torings met vierkantige onderboue en poligonale spitse voor. Ook by Graaff-Reinet is daar weerskante van die hooftoring kleiner torinkies, maar dit vervul eerder die funksie van steunbere wat bloot in poligonale spitse eindig.

Wat die rangskikking van en die tipe vensters by die twee kerke betref, die volgende: Die eksterieur van die katedraal vertoon gekompliseerd weens die verskillende transepte, kapelle, en fasades. Tog is daar 'n duidelike ritme te bespeur in die plasing en groepering van die lansetvensters.


"Together these introduce an element of order, simplicity and even monotony into the design. Inside, the lancets are equally prominent, not because they are larger or more numerous than in other churches, but simply because everything else has been handled with unusual restraint so that there is nothing to compete with them."⁶

'n Groepering van lansetvensters kom ook in die fasade en die verskillende registers van die toring by die Graaff-Reinetskerk voor. Die galmgate is ook lansetvormig. Die vensters van die portale in die eerste transep is drielobbig, met 'n driedelige bolig in die boogveld. Op die symure is langwerpige vensters in pare gegroepeer binne skyn-Gotiese spitsboë met prominent geprofileerde lyste.


In die gewels van die tweede transep staan groot en ryklik versierde Gotiese vensters met 'n tipe van geometriese trasering. Die vensters in die gewels van die konsistorievleuel is roosvormig en almal het swaar booglyste. Tussen die transep en die konsistorie is driehoekige portale met lansetvensters. Op die transepgewels self is daar kleurvolle ronde vensters met 'n interessante hoekig aandoende trasering op grond van kromlynige maaswerk. (Sien pl.XXIV no.2) Die vorm van dié trasering toon nie net ooreenkomste met voorbeelde uit die Engelse Gotiek nie, maar ook in die Nederlande word voorbeelde hiervan aangetref



6. Kidson, P. et al., A History of English Architecture, pp.89,90.



1.'n Ryklik versierde spitsboogvenster



2.'n Ronde portaalvenster

soos by die Dominicanenkerk te Maastricht en die St. Janskerk te 's-Hertogenbosch.⁷

Interieur (binnekerk)

Geen ooreenkoms kan tussen die katedraal en die Karookerk in die benutting van die binneruimte en die oordekking daarvan getref word nie. Die katedraal te Salisbury is met 'n klip kruisgewelfstelsel afgedek, met sesdelige gewelwe in die langskip en 'n waaiergewelf in die viering. By Graaff-Reinet kom oop dakstoele voor met die normale gebruikmaking van die hanebalk, stutbalke en boogstutte wat op kraagstene rus. Oor die viering in die hoofbeuk word die vier boogstutte deur koppelbalke verbind. Waar die vier koppelbalke ontmoet is daar 'n tipe knobbel - die "boss" van die Engelse Gotiek. Dié kombinasie van koppelbalk met knobbel kom weer reg bokant die preekstoel en ook bokant die orrelgalery voor, dus wel drie keer in die dak van die hoofbeuk.

In teenstelling met die galerye oor die hele lengte van die langskip by die Engelse katedraal, het Graaff-Reinet se kerk slegs die gebruikelike orrelgalery en die twee galerye weerskan- te in die transep.

Waar die Salisbury-katedraal aan die einde van die langskip die koorhek met daaragter die sanctuarium het, eindig die

7. Vermeulen, F.A.J., Handboek tot de geschiedenis der Nederlandsche bouwkunst, pp.402,403.

Nederduits-Gereformeerde kerk op Graaff-Reinet se hoofbeuk teen die groot preekstoel met sy trappe weerskante van die kuip. Dié preekstoel het geen klankbord nie en staan vas teen die konsistoriemuur. Reg bokant die kansel is een van die pragtige groot gekleurde spitsboogvensters. Die Gotiese spitsboogvorm van die hoofdeur word in die konsistoriedeure weerskante van die preekstoel herhaal.

Dekorasie van die Groot Kerk

'n Besondere aspek in die dekorasie is die aandag wat aan die afwerking van die buitekerk gegee is. Die afwisseling tussen die wit pleisterwerk aan die gewels, steunbore en druplyste en die grys klipmure verleen 'n besondere effek aan die kerk.

Die prominent geprofileerde druplyste eindig oral - behalwe by die konsistorievensters - in klein gebeelhoudende koppe van koninklike figure.⁸ By die konsistorie word die druplyste met blomknoppatrone afgewerk.




'n Verdere kenmerk van die dekorasie is die pragtige trasering in die spitsboogvensters en die ronde vensters van die portale,

-
8. Dieselfde tipe beeldhoude figuurtjies kom in die arkade van die kapittelsaal by die katedraal van Salisbury voor. Vergelyk in dié opsig Batsford en Fry se The Cathedrals of England, pl.95. By die katedraal van Peterborough kom iets soortgelyks aan die druplys van die piscina in die noordelike koorgedeelte voor. (vergelyk pl. XXV, nr.1).



1. Die piscina in die koor van die katedraal van Peterborough, met gebeeldhoude koppe aan die druplys.

uit. Swaan, W. The Gothic Cathedral, p.200.



2. Die kansel met dubbele trapvleuels

3. Lengte-aansig van die interieur



waarna reeds verwys is.

In die interieur is besondere aandag aan die vloere van die portale gegee. Dit is met klein teëls (klompjes?) in wit, bruin en blou en in geometriese patrone uitgelê.

Verdere dekorasie aan die mure of oormatige houtsnywerk by die alreeds massiewe kansel is afwesig. Die geheelindruk wat dié gedeelte van die kerk skep, is een van rus. Die sierskrif in 'n banier bo die orreltype is baie sprekend: "IN HIERDIE PLEK SAL EK VREDE GEE" (Hag. 2:9). Die orreltype is, soos by soveel Karookerke reeds aangetref, in pastelkleure geverf en met patrone versier.

Estetiese uitsig

Dié kerk is 'n bewys van vakmanskap en vernuf en dien as 'n goeie voorbeeld van die toepassing van Europese elemente in die Suid-Afrikaanse argitektuur.

Doreen Greig⁹ meen egter dat Graaff-Reinet se "katedraal" nie in harmonie met die res van die dorp staan nie. Sy skryf:

"The uniformity of materials and stylistic consistency, with classical overtones, which prevailed in Graaff-Reinet, was shattered in 1886 by the erection of a new Dutch Reformed Church on the prominent island site of the original church. This was indeed a triumph

9. Greig, D., A Guide to Architecture in South Africa, p.21.

for the Goths, a high-steepled structure in coarse grey stone whose really hideous Gothic Revival forms and details are made far too obvious by being heavily emphasised in light cream."

Hierdie besware van Doreen Greig geld hoofsaaklik die dekorasie op die sy- en agtergewels. Dit is inderdaad so dat die afwerking aan die konsistoriekant bont vertoon. (vergelyk pl.XXII, nr. 1 en 3).

Haar opmerkings geld in geen geval die voorgewel waar die hele dekorasie sterk vertikaal vertoon en waar die wit toringspits en die fiale op die hoeke die indruk van sierlikheid verhoog. (vergelyk pl.XXII, nr.2)

* * * * *

Graaff-Reinet het egter ook verskeie ander geboue van kuns- en kultuurhistoriese waarde. So is daar die historiese Nederduits-Gereformeerde pastorie in die Kaaps-Hollandse boustyl, wat tussen 1806 en 1812 opgerig is. Sedert 1907 staan dit as Reinet-huis bekend. Dit is in 1952 tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar en in 1956 in 'n historiese museum omskep.¹⁰

Nog 'n Nasionale Gedenkwaardigheid is die Nederduits-Gereformeerde Kerk se ou Sendingkerk wat in 1821 ingewy is. Dit het 'n kruisvormige grondplan en vier tipiese Kaaps-Hollandse gewels. Dit is die vyfde oudste kerkgebou in Suid-Afrika en vandag die Hester Rupert Kunsmuseum.¹¹


10. Fransen, H., Gids vir die museums van Suider-Afrika, pp.34-35.

11. Ibid., pp.36-37.

Cradock



2.



1.




3.



4.

Verskillende aansigte van
die portiek en die toring



5.

CRADOCK


Sir John Cradock, goewerneur aan die Kaap van 1811 tot 1818, het in Julie 1813 aan die adjunk-landdros van Graaff-Reinet, Andries Stöckenstrom, opdrag gegee om plase op te koop vir 'n nuwe drosdy. Volgens 'n aankondiging in die Staatskoerant van 21 Januarie 1814, sou die nuwe dorp wat hier verrys het, Cradock heet.

Volgens Hopkins¹² het die eerste kerk "die gewone kruisvorm gehad met vier kaapshollandse gewels. Dit het op dieselfde plek as die huidige kerk gestaan en het ook na die rivierkant gekyk... Volgens ou reisigers was dit 'n betreklik mooi en indrukwekkende gebou en Robert Godlonton noem dit in 1842 'a large neatly looking structure.' Die preekstoel het in die middel van die dwarsmuur gestaan en die konsistorie was in die korter punt van die kruis." Galerye is later aangebou, plafonne ingesit en 'n ringmuur om die kerkterrein en die aangrensende kerkhof gebou.


Die huidige kerk

In Oktober 1861 word die moontlikheid tot die vergroting van die bestaande kerk ondersoek, daar die kerkruimte vir die vinnig groeiende gemeente onvoldoende was. Spoedig blyk dit egter dat daar nie aangebou sal word nie, maar dat 'n algeheel nuwe kerk opgerig sou word.

12. Hopkins, H.C., Die Ned. Geref. Kerk Cradock, 1818-1968, p.25.



Cradock



Plandiagram van
St. Martin-in-the-Fields

In September 1862 word besluit om die nuwe kerk op die plek van die oue op te rig en "eene nood Kerk" te bou om die gemeente tydelik te huisves.¹³

"Planne vir 'n langwerpige klipgebou in die verhouding 2 tot 3 sou dadelik in vyf koerante gevra word. Dit moes sowat 800 sitplekke bied en maklik deur galerye vergroot kon word.... Op 20 Junie 1863 was daar nie minder as 'n dosyn planne op die tafel nie en later kom daar nog vier in. Die meeste was uit Oos-Kaapland afkomstig en slegs die een wat eindelik aanvaar is, uit Kaapstad."¹⁴

Die argitekthe wat die eerste prys in die kompetisie vir die beste plan gewen het was Welchman en Read van Adderleystraat, Kaapstad. Die tweede prys is deur Waren van Port Elizabeth gewen. Geeneen van dié planne kon opgespoor word nie, maar wel die spesifikasies soos deur Welchman en Read opgestel en waar later uit aangehaal word.

Die kerk sou van klip wees en die boukommissie en gemeente sou self die klippe, kalk, bakstene, sand, klei en steierpale verskaf. Met die klipkappery het dit maar stadig gegaan, want die klip was buitengewoon hard, in só 'n mate dat oor die duursaamheid die volgende opgemerk is:

"Certainly whatever merits the church may

13. Hopkins, H.C., op.cit., p.25.

14. Ibid., p.57.

have in architectural beauty when finished, it will be found to be the most durable building in the colony."¹⁵

Volgens Hopkins ¹⁶ wou Welchman en Read 'n kerk in die Gotiese styl bou, maar hulle het uiteindelik die Griekse styl of eerder die neo-Klassieke styl, gevolg. Dié styl het hulle by 'n merkwaardige ooreenkoms met die parogiekerk op Trafalgar Square in Londen, naamlik die St. Martin-in-the-Fields, uitgebring.

Op dié ooreenkoms is dan ook dikwels oor die jare heen gewys. Tog is dit 'n blote vormooreenkoms aan die eksterieur met verskeie verskille in die onderdele. In die volgende vergelykende bespreking sal op ooreenkomste en verskille gewys word.

Eksterieur (buitekerk)

Albei kerke het 'n diep portiek in 'n Griekse bouorde met 'n hoë fronttoring. Die res van die kerk is reghoekig, sonder enige transepte.

Die verskil lê egter in die ordes, aantal frontsuile, registerindeling van die toring en die interne benutting van die twee kerke. St. Martin-in-the-Fields is 'n eenvoudige reghoekige gebou met 'n groot portiek aan die westekant. Die

15. Hopkins, H.C., op.cit., p.61.

16. Ibid., p.68.

argitek, James Gibbs (1682-1754) het in 1720 opdrag tot die herbou van die kerk ontvang. Die portiek het ses ongekanneleerde Ioniese suile, volledig met hulle voluutkapitele. Die pediment is met beeldhouwerk gevul. Die dak word aan die voorkant deur die pediment en op die sye deur balustrades versteek.

Gibbs het in die ontwerp van sy toring met die Klassieke styl wat die hele eksterieur van die kerk kenmerk, gebreek.

"Externally, the best-known feature of St. Martin-in-the-Fields is the combination of steeple and portico, which has always pained architectural purists, since no classical building ever had a steeple, and the very idea of a vertical element riding over a portico is fundamentally unclassical."¹⁷

Die toring is dus 'n baie besliste vertikale element, iets wat tipies Goties is, maar onvanpas is in die Klassieke styl.

Die reghoekige onderbou bestaan uit twee registers, waarna die register vir die horlosie, 'n poligonale register en die toringspits volg.

St. Martin-in-the-Fields het twee rye vensters aan die eksterieur, wat tussen reuse pilasters geplaas is en deur swaar klipwerk omraam is. Die boonste rye vensters verskaf lig aan die galerye wat oor drie kante van die binnekerk

17. Kidson, P. et al., A History of English Architecture, pp. 217, 218.

strek. Dié toepassing van galerye om die interne ruimte te vergroot is 'n idee wat Gibbs van sy leermeester, sir Christopher Wren, oorgeneem het.

Die kerk op Cradock het ook 'n diep portiek wes, met vier Toskaanse frontsuile,¹⁸ geflankeer deur twee vierkantige pylers. Aan die sykante is een Doriese suil elk tussen die vierkantige pylers. Direk hierop volg die friesbalk met guttae, triglieuwe en metope en daarbo die driehoekige gewel=
veld of pediment, ook versier met druipers en volledig afgewerk met 'n sima, soos by die Griekse tempel die geval was. Op die pediment is die embleem van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in reliëf aangebring.

Omtrent die toring van dié kerk sê Brand van Niekerk:

"Cradock se toring reg voor en 180 voet hoog" (blykbaar van straatvlak af gemeet)" oortref dié van sy Engelse prototipe in skoonheid, omdat dit in verhoudinge en waardige eenvoud so by die geheel pas."¹⁹

18. In dié geval het die suile basisse in teenstelling met die Griekse Doriese suil wat direk uit die stylobaat of boonste trap gestyg het. Die Griekse suil het ook kannelures (groewe) op die suilskag gehad, en dié suile het nie.

19. Van Niekerk, B., Die boukuns van die Afrikaner in Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel 3, p.468.

Die toring het 'n vierkantige onderbou wat aan die vier sye met pedimente bekroon is. Daarop staan die horlosiegeleding waarvan die vier vlakke tussen dubbelsuile gevat is. Die toringspits staan op 'n veelhoekige onderbou.

Hoewel die kleiner pedimente op die toring ietwat afbreuk doen aan die groter pediment van die portiek, verbreek dit geensins die verhouding van die verskillende registers onderling tot die vooraansig as 'n geheel nie. Die hele ontwerp openbaar 'n sin vir balans en orde. Klein torinkies, wat soos fiale lyk, kom op die hoeke van die toring voor, iets wat by die Londense kerk ontbreek.

Craddock se kerk het, soos St. Martin-in-the-Fields, ook twee rye vensters reg rondom, maar anders as by die Londense kerk, dien die boonste ry hier nie as ligverskaffer vir galerye aan die interieur nie, aangesien die Nederduits-Gereformeerde kerk net een galery agter het. Die boonste ry vensters is volrond en die onderste ry vertoon smal rondeboogvensters soos ook by Romaanse kerke aangetref word. Hierdie vensters is deur pilasters geskei. Bokant die deure in die portiek is ook twee groot ronde vensters.

Interieur (binnekerk)

Die rangskikking van die banke volg in die Craddock-kerk die lengte-as tot enkele meter voor die preekstoel, waar dit halfmaanvormig - dus soos in 'n gesentraliseerde grondplan - gerangskik is.

'n Groot galery strek oor die hele wydte van die kerk aan die westekant, dus bokant die hoofingang. Dié galery word deur staalsuile met Korinthise kapitele ondersteun. Drie boogvormige ingange verleen toegang tot dié galery. Reg daarteenoor leun die orrel en preekstoel teen die konsistoriemuur aan.

Die orrelgalery met sy reling wat net hoër as kophoogte strek, is direk agter die preekstoel.

Anders as die geval by die Londense kerk, behou die kerk op Cradock oor die hele lengte dieselfde wydte. Die afwyking by St. Martin-in-the-Fields word soos volg deur Kidson beskryf:

"The most unusual feature is the narrowing of the church at the east end to form the chancel, the incurved diagonals providing opera-box openings for the Royal Pews."²⁰

Die afdekking in die Cradock-kerk bestaan uit 'n eenvoudige saaldak met plafon. Hierteenoor het die kerk in Londen 'n ryklik versierde elipsvormige plafon wat in 1725 deur die Italianers Artari en Bagutti ontwerp is.

Hoewel inligting aangaande die kerk op Cradock se grondplan skaars is, kon enkele gegewens aangaande die konstruksie van

20. Kidson, P., et al., op.cit., p.217.

die dak en ander opdragte aan die skrynwerkers, tog uit argiefstukke bekom word. Hieruit het dit geblyk dat, behalwe gewone planke, daar ook kiaat en geelhout in die kerk gebruik is.

Opdragte deur argitekthe Welchman en Read aan die skrynwerkers lui soos volg:²¹

"The roof over the main building must be carefully framed and put together in the best manner, it will be a purlin roof, supported on eleven principals of the construction shewn in the sections, the bearing between the walls is 60 feet, but this is reduced by means of framed jack beams at either end of tie beams -

"The whole of this roof will be framed of planks and deals - excepting the tie, collar and jack beams which must be obtained out of balk timber. The different scantlings of the timbers will be as follows:

tie beams - scarped in the centre....	14 x 7 inch.
queen head on collar beams, to be framed at either end between the double principal rafters.....	12 x 4 "
principal rafters, consisting of two 11" x 3" planks	11 x 6 "

Die hele kerk, asook die orrelgalery, moes geelhoutvloere hê.

21. Argief van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Kaapstad. Spesifikasies soos opgestel deur Welchman en Read, Kaapstad, Januarie 1864.

Dit blyk ook dat daar twee stalle trappe na die orrelgalery sou lei en dat:

"The staircase from Belfry to Bell chamber is to be a common dog log stair of deal with inch treads and plain rounded nosings, deal hand-rails rounded and deal square bar ballusters.

A similar staircase to be fixed from organ Gallery to Belfry."²²

Estetiese uitsig

Die estetiese waarde van die kerk op Cradock word goed vertolk in Brand van Niekerk se siening:

"Die eg Doriese portiek met entablement en pediment, ook in die toring op kleiner skaal herhaal, die kroonlyste, pragtige skadueffekte by dag, buitengewoon fyn klipwerk en gekleurde ruite verleen aan hierdie sierlike gebou 'n waardige plek in die kerkbou van ons land."²³

* * * * *

Die Nederduits-Gereformeerde Kerk op Cradock is egter nie die enigste of eerste kerk in Suid-Afrika wat in die neo-Klassieke styl gebou is nie. Die St. George-kerk in Kaapstad, in 1834 ingewy, is ook in dié styl gebou.

22. Argiefstuk, Spesifikasies op.cit., p.14.

23. Van Niekerk, Brand, op.cit., p.469.

Dié kerk het 'n diep portiek met Ioniese suile, terwyl klein Korinthise suile weer in die toring voorkom. Die interieur van die kerk is, net soos op Cradock die geval is, reghoekig.

Lewcock²⁴ meen:

"Stylistically, St. George's church was undoubtedly the most perfect building in the pure Greek Style ever erected in South Africa."

Die hoofportiek is 'n replika van die oosportiek van die Erechtheum op die Akropolis in Athene, terwyl die toring blykbaar op die Griekse "Toring van die Winde" gebaseer is.

Lewcock vergelyk ook St. Pancras, Londen, met dié kerk in Kaapstad en sê:

"Nevertheless, St. George's was, in South Africa, as St. Pancras was in Britain, 'the queen of early nineteenth century churches'."²⁵

Die St. George-kerk te Kaapstad en die Nederduits-Gereformeerde kerk op Cradock kan tereg beskou word as twee waardige verteenwoordigers van die tipiese neo-Klassieke styl in Suid-Afrika.


24. Lewcock, R., Early Nineteenth Century Architecture in South Africa, p.266.

25. Ibid.

Colesberg



1. Die Klassieke portiek
met hoë toring



2. Die agt ribbe in die dak ontmoet in
'n sluitsteen-agtige punt.

COLESBERGInleiding

Die sendingstasie Torenberg of Toverberg²⁶ van Erasmus Smit was die aangewese plek in die Bo-Karoo vir 'n nuwe dorp.

In 1829 is 'n versoek aan die destydse goewerneur, lord Charles Somerset, gerig om die nuwe dorp na sir Lowry Cole, wat vanaf 9 September 1829 tot 10 Augustus 1833 goewerneur aan die Kaap was, te vernoem. Dit sou dan Coleshill heet. (Sir Lowryspas in Weskaapland is ook na hom vernoem.)

Die eerste kerk

Die eerste diens is in die opelug of onder bokseile gehou. In September 1830 word 'n plan van ene Melvill vir die eerste kerk deur die goewerneur goedgekeur. Die hoeksteen is op 29 November 1830 gelê en die inwyding was op 30 Maart 1832.

Hierdie eerste kerk was 'n kruisvormige gebou met 'n klei-vloer. Die houtwerk binne in die kerk was alles van geelhout en die dak was met strooi bedek, vandaar die benaming "Rietkerk". Die kerk was op die bopunt van Kerkstraat geleë, op dieselfde plek waar die huidige kerk is.

26. Volgens H.D. Longland is die naam ontleen aan die ronde berg aan die westekant van die dorp - daarvandaan Torenberg. Die Boesmans het blykbaar ook hul sogenaamde "toorgoed" van dié berg verkry, daarom ook Toverberg. - uit Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis Deel I, 1967, "Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Colesberg", 1825-1875", p.206.

Die huidige kerk

Vroeg in 1860 het die kerkraad besluit dat 'n nuwe kerk noodsaaklik is, aangesien die Rietkerk reeds baie vervalte was. Die ou kerk is gesloop en 'n noodkerk - wat volgens Longland²⁷ baie ongerieflik was - is opgerig.

"Die mure was baie laag en die dak met ysterplate bedek, met die gevolg dat dit in die somer geweldig warm was. Wanneer die predikant op die preekstoel gestaan het, was daar slegs 'n ruimte van enkele voet tussen sy kop en die ysterdak sodat die posisie vir hom nog meer onuithoudbaar as vir die gemeente was."²⁸

Die hoeksteen van die nuwe kerk is op 11 November 1861 gelê. Verskeie probleme sou egter nog voor die inwyding op 9 Augustus 1866, opduik.

Eers was die mure te laag en daarna weer ongelyk gebou sodat die dakwerk nie kan pas nie. Verder was die deure wat uit die Kaap bestel was almal te groot en die vensters weer te klein!! Finansiële probleme en ander ongelukkige voorvalle by die bousterrein het ook nie uitgebly nie.²⁹

27. Longland, H.D., op.cit., p.276.

28. Ibid., p.276, soos aangehaal uit Colesberg Advertiser, 3 Februarie 1863 en 7 April 1863.

29. "Daar word ook berig dat die hoeksteen van die kerk in die nag van 17 Februarie 1864 uitgebreek is en dat die geld en dokumente wat daaronder geplaas was, verwyder is. Die volgende oggend is egter spoedig twee jong Hottentotte gevang, by wie al die dokumente en 'n gedeelte van die geld gevind is", aldus Longland, op.cit., p.280.

Grondplan

'n Kompetisie is vir 'n kerkplan uitgeskryf, maar "by voorbaat is te kenne gegee dat planne vir 'n kruiskerk nie in aanmerking sou kom"³⁰ nie. Uit die elf planne wat voorgelê is, is die van George W. Smith van Port Elizabeth met die eerste prys (£25) bekroon. Die tweede prys (£15) het na Welchman en Read - die argitekte van die Cradock-kerk - gegaan.


Die gekose plan was dié vir 'n langwerpige gebou, maar die gemeente was nie hiermee tevrede nie en die besluit is herroep. Die agthoekige plan van Welchman en Read "wat iets besonders sou wees en 'n uitsondering op die geeykte vorme van kruis of langwerpig"³¹ is aanvaar.

Hierdie gesentraliseerde grondplantipe, ook sentraalbou genoem, was reeds iets algemeens in die vroeg-Christelike argitektuur, maar veral gewild in die Oos-Romeinse Ryk (Bisantium).³²


30. Longland, H.D., op.cit., p.278.

31. Ibid., p. 278.


32. Gesentraliseerde grondplantipes soos dié van die Griekse kruis en die oktagoon het in sowel die Wes- as die Oos-Romeinse Ryk voorgekom. In die Weste was dit hoofsaaklik in kleiner geboue soos doop-, bid- en grafkapelle toegepas, byvoorbeeld in die Baptisterium van Konstantyn in Rome. In die Oos-Romeinse argitektuur word dié grondplantipes op groter skaal gebruik, soos byvoorbeeld in die San Vitale, Ravenna. Dié kerkplan bestaan uit twee agthoeke en die oorskraging geskied deur middel van 'n koepel wat op die groot piere van die binneste oktagoon rus.



Colesberg



S. Vitale, Ravenna



Jupitertempel, Spalato

Eksterieur (buitekerk)

Die kerk is in 'n aangepaste neo-Klassieke styl. 'n Smal, hoë portiek met 'n swaar pediment en twee ronde Toskaanse suile tussen twee vierkantige pylers verleen toegang tot die hoofingang wat ook 'n klein pediment bokant die kerkdeur het. Tewens is elke portaaldeur met s6 'n klein pediment afgewerk.

'n Aantal breë kliptrappe met relings weerskante strek van die hek na die portiek. Ystertralies en swaar ysterhekke slegs enkele meters van die hoofingang sluit die kerk en terrein van die omringende sirkelpad af.

Doreen Greig merk in verband met die kombinasie van Klassieke en Bisantynse elemente aan die eksterieur van dié kerk die volgende op:

"The eclectic design... tends toward a Byzantine pattern in plan and form, unlike any other churches built at that time: there is no suggestion of gothic in the details, the high classical round-headed windows, each with a large bull's eye above, and the classical pilasters, stepped parapets and flat roofs which are in sympathy with the classicism of the houses which surround it."³³

Volgens die oorspronklike plan sou die kerk ook 'n toring van 120 voet (36,92 meter) hê. Met die inwyding in 1866 was daar

33. Greig, D., op.cit., p.103.

egter nog nie enige begin met die bou daarvan gemaak nie. Die koste van die kerk het in daardie stadium reeds meer as £12 000 (sowat R24 000) beloop, en aangesien die bedrag reeds so hoog was "het die moed hierna ontbreek om die plan ten volle te voltooi..... Eers in 1926, met die eeufees= viering van die gemeente.... is die toring aangebring en sō het die gebou sy huidige vorm gekry."³⁴

Diē toring, met sy vierkantige onderbou, dubbele hoeksuil= tjies en balustrades, het 'n koepel in die Renaissance-styl. (Sien pl. XXVIII, nr. 1)

Interieur (binnekerk)

Binnewerks is die afmeting van die agt sye ongeveer 11 meter elk. Portale van sowat 2,30 meter wyd, geflankeer deur ver= trekke van sowat 3,30 meter, kom aan die sykante van die kerk voor.

Die konsistorie strek oor die hele breedte van die agterkant van die kerk. Die kansel, wat direk uit die konsistorie bereik kan word, is teen diē muur geplaas.

Die kerk word van agter die orrelgalery- ook die enigste galery - betree. In werklikheid is dit geen galery in die volste sin van die woord nie, daar dit gelykvloers begin en die een ry banke net telkens 'n paar sentimeter hoër as die vorige staan.

34. Longland, H.D., op.cit., p.282.

Die banke in die midderuimte van die kerk is waaiervormig gerangskik volgens die tipiese gesentraliseerde gebruik . Soos reeds in Hoofstuk 7 by Laingsburg genoem, meen Koorts dat 'n rangskikking van dié aard 'n reeks botsende lyne laat ontstaan en 'n verwarring skep. Dit skep ook vir die predikant kommunikasieprobleme met sy gemeente wat oor so 'n wye veld voor sy gesigsveld versprei is. "Aangesien hy hom nie voortdurend heen en weer kan draai om die gemeente te bereik nie, word sy greep op laasgenoemde verswak....³⁵

'n Verdere probleem wat Koorts ten opsigte van die gesentraliseerde plan aanraak, is dié van akoestiek.³⁶ Colesberg se gemeente het ook blykbaar wel deeglik hiermee kennis gemaak. Dié probleem is egter reeds in 1949 bevredigend opgelos. Die mure en plafon is met asbes bespuit en 'n geskikte klankbord is agter die preekstoel aangebring.³⁷

Die plafon het agt geprofileerde ribbe wat reg oor die sentrum van die kerk in 'n sluitsteen-agtige punt ontmoet. (Sien pl. XXVIII, nr.2) 'n Koperkandelaar wat van dié punt hang en agt kleiner ligte verskaf die elektriese beligting in die kerk.

35. Koorts, J.M.J., Beginnels van Gereformeerde Kerkbou, p.72.

36. Ibid.

37. Ons Gemeentelike Feesalbum, p.44.

Dekorasie

Die hele kerk is binne sowel as buite eenvoudig afgewerk. Die binnemure word elk deur 'n 1,80 meter breë rondeboog= vester deurbreek, waarvan die breë vensterbanke na binne afplat. Die buitekerk is tot onder die venstervlak met sandsteen gebou en die res van die muurvlak is afgewit. Die ingangsportaal en suile van sandsteen is die enigste ander dekoratiewe hulpmiddele.

Estetiese uitsig op die kerk


Die kerk sou heel moontlik goed vertoon het sonder die toring, wat in elk geval eers 60 jaar ná die inwyding bygevoeg is. Die hoë, smal portiek en pediment met hul reguit lyne staan in goeie harmonie tot die hoekige kerkruimte self. Die portiek verleen 'n statigheid en rus aan die kerk wat in 'n mate deur die toring versteur word, daar die oog onwillekeurig na die koepel van die toring getrek word.

Tog pas dié kerk volmaak in sy omgewing, die van die midde= dorp, in.

Colesberg kan ook spog met een van die jongste toevoegings tot die lys van Historiese Gedenkwaardighede. Die ou kerkgebou van die Nederduits-Hervormde gemeente is in Augustus 1977 tot gedenkwaardigheid verklaar.

Volgens 'n koerantartikel in dié verband is dié ou gebou:

Richmond



Grundplan

"in 'n aangepaste neo-Gotiese styl gebou en die hoeksteen is op 15 Maart 1862 gelê. Dit is een van die min oorblywende sandsteengeboue op Colesberg."³⁸

RICHMOND

Dié dorp is in 1843 op die plaas Driefontein aangelê wat vir die grootste gedeelte onder Graaff-Reinet geval het. Die nuwe dorp sou aanvanklik Maitland genoem word na die destydse goewerneur sir Peregrine Maitland, maar hy wou nie sy toestemming daarvoor gee nie.

"Daar is toe verder versoek dat die dorp Richmond mag genoem word tot eer van lady Sarah Maitland se vader. Hierin is toegestem en in die Gazette van 29 November 1844 is kennis gegee dat die naam Driefontein deur Richmond vervang is."³⁹

'n Ou huis het aanvanklik as kerk diens gedoen. Die bou van 'n kerk het stadig gevorder. Die hoeksteen is in Oktober 1844 gelê en die kerk is op 28 Februarie 1847 ingewy, blykbaar 'n jaar voordat dit heeltemal klaar was. Die hernude kerk is in 1909 ingewy.

38. Die Volksblad, 19 Augustus 1977, p.9.

39. Oberholster, J.A.S., Ned.Geref.Gemeente Eeufees Gedenk=boek Richmond, K.P., p.6.

Grondplan van die huidige kerk

Die Griekse kruisplan is hier gebruik. Die liturgiese sentrum is in die boonste punt van die kruis. Die buitemate van die gedeelte tussen die dwarsbeuk en die toringvleuel is sowat 10 meter. Die voorste "dwarsbeuk", met die hoofingang, toring, twee kleiner torings en portale is sowat 3,40 meter breed. Die werklike dwarsbeuk is sowat 8,50 meter breed, met daaragter die konsistorie, wat oor die hele wydte van die hoofskip strek.

Eksterieur (buitekerk)

Soos reeds aangedui, het dié kerk een sentrale toring met twee flankeertorings, wat almal suid front. Die enigste steunbereg in die hele konstruksie is twee wat reghoekig weerskante van die hoofingang geplaas is.

Aldrie die torings is vierkantig, met 'n veelhoekige spits op die hooftoring. Die sytorings is afgewerk met fiale op elke hoek en klein pedimente wat die oorgang van die een fiaal na die ander bewerkstellig. Die deure in die syportale is spitsboogvormig, so ook die galmgate in die toring. Al die vensters in die res van die kerk - twee per muurvlak - is rondeboogvensters, met versiering in die ronding en aan die onderpunt van die ruite.

Interieur (binnekerk)

Die kerk is met 'n gewone plafon afgedek. Die banke vul die hele lengte en breedte van die binneruimte. Die orrelgalery,

reg bokant die hoofingang, strek diep oor die beukruimte. Dit word slegs deur twee staalsuile ondersteun. Dié galery word met 'n houttrap bereik wat in die middel van die voorportaal, reg in die deur van die hoofingang, staan.

Die preekstoel is die grootste aanwinst in die binnekerk, hoewel dit ietwat te veel uittroon in die relatief klein kerkruimte. Die eerste skets vir 'n kansel is in Desember 1848 van 'n sekere I. Pringle ontvang. Volgens sy spesifikasies sou mahoniehout en Europese greinhout die geskikste vir die kansel wees. Dit sou egter L.F. Anhuysen wees - die baas-timmerman wat ook vir die houtwerk aan die Grote Kerk, Kaapstad verantwoordelik was - wat die opdrag sou kry.⁴⁰ Die voetstuk, klankbord en trap sou van greinhout wees, die kas, deur, lyswerk en leuning van die trap van mahonie en die agterstyle wat die klankbord ondersteun, van kiaat.

"Die maak van die preekstoel het langer geneem as die bou van die kerk, maar die kerkraad is beloon vir sy geduld want hulle het 'n pragtige preekstoel vir die kerk gekry."⁴¹

Met dié mening van Oberholster kan volmondig saamgestem word.

Die kansel met sy diep en hoë kuip spog met pragtige houtwerk.⁴² Op elke hoek van die kuip is slanke volute, aan

40. Oberholster, J.A.S., op.cit., p.14.

41. Ibid., p.15.

42. Volgens Ons Gemeentelike Feesalbum, p.56, was die Kaapse beeldhouer Anton Anreith vir dié kansel verantwoordelik, en dus nie die genoemde L.F. Anhuysen nie.

die basis verbind met blaarmotiewe. Die gedekoreerde volute loop ook teen die kuip op tot by die rand, waar dit in 'n blommotief eindig. Voor die kansel is 'n diep kateder met direk daarvoor weer die silwer doopvont en Nagmaalsbeker en -bord. Laasgenoemde word op 'n smal tafeltjie uitgestal. Al dié elemente vorm 'n mooi fokuspunt op die liturgiese sentrum.

'n Interessante aspek aangaande die kerkbanke is die deurtjies waarmee elke ry afgesluit word. Die vloer onder die banke is ook effens hoër as die paadjies. Die voorste banke is met houttraliwerk in Gotiese ontwerp afgewerk.

Dekorasie

Aan die eksterieur verleen die afwerking van die torings en die pleisterwerk, met sy geometriese patrone, tussen die vensters die nodige dekoratiewe elemente. Die strakheid en eenvoud van die buitemure word ook hierdeur versag. Aan die interieur is eintlik net die preekstoel die vernaamste dekoratiewe element.

Estetiese uitsig

Die frontaansig van 'n kerk is sekerlik altyd die belangrikste. Hier moet orde en ritme in die onderlinge verhoudings van venster- en deuropeninge wees. Uiteraars steurend by Richmond is die variasie in die vorms van die verskillende openinge. Dit wissel van spitsboogvormig tot langwerpig en staan nie in harmonie met die rondeboogvensters van die beukene.

Jansenville



**1. Vooraansig met groot roosvenster
bo die hoofingang**



**2. 'n Getraseerde venster
aan die dwarsbeuk**

'n Ritme is egter wel in die topafwerking van die flankeer=
torings te bespeur. 'n Kroonlys verbind dié torings met die
hooftoring. Die herhaling van die fiale van die hooftering
in die kleiner torings verhoog ook hierdie indruk van eenheid.

JANSENVILLE

Dié dorp is in 1855 gestig en na generaal Janssens, die laas=
te Hollandse goewerneur in Suid-Afrika (1803-1806), vernoem.⁴³
Dit is van die uitgestrekte gemeente van Uitenhage, waar
ds. Alexander Smith die predikant was, afgestig. Die Ring
van Graaff-Reinet het al op 'n vergadering in 1848 toestem=
ming tot die afstigting verleen.

Dit is nie duidelik wanneer die eerste kerkgebou opgerig is
nie. In Februarie 1862 is daar sprake van reparasies wat
gedoen is.

Die huidige kerk

Dié kerk is gebou volgens 'n plan wat deur Hager, 'n vername
argitek van gereformeerde kerkbou in daardie tyd, voorgelê

-
43. "Die eintlike stigter en vader van die gemeente was ds.
Alexander Smith van Uitenhage en was dit nie dat daar in
1848 op Humansdorp 'n gemeente gestig was wat eers Alex=
ander, na die voornaam van ds. Smith genoem was nie, dan
sou dié nuwe gemeente in die Swart Ruggens, wat eers 'n
deel van Uitenhage uitgemaak het en deur die agtenswaar=
dige predikant so getrou bearbei was ewegoed en met nog
meer reg ... gemelde naam kon ontvang het," aldus Dreyer,
A., Gedenkboek van Jansenville, inleiding.

is. Dit sou uit die staanspoor geen toring hê nie.

Die planne is in ongeveer 1882 deurgevoer, sodat die hoeksteen op 16 Augustus 1884 gelê kon word. Die kerk is op 20 Junie 1885 ingewy.

Hierdie nuwe kerk word volgens Dreyer⁴⁴ in De Kerkbode van 20 Junie 1885 beskryf as: "een sieraad voor het dorp, eene eer voor de gemeente."

Tydens 1889 en 1905 is die eerste veranderinge aangebring. Uit dié jare dateer die twee galerye in die transep. Die preekstoel is ook in dié tyd hoër gemaak. Verdere reparering en vernuwing is vir Junie 1923 beplan, maar daarvan het niks gekom nie. Die depressie van 1930 het enige verdere planne ook in die wiele gery. Eers in 1934 kon weer aandag aan sulke sake gegee word.

Grondplan

Dit lyk of die kerk oorspronklik as T-vormig beplan is, as die laer en smaller aanbouing van die konsistorie aan die agterkant (oos) in berekening gebring word. Die agtergewel is op die hoeke op dieselfde wyse afgewerk as wat dit by die ander gewels die geval is, naamlik met smal steunbere wat in fiale eindig.

44. Dreyer, A., op.cit., p.46.

As die interne afmetings in berekening gebring word, het ons egter hier met 'n Latynse kruisplan te doen.

Eksterieur (buitekerk)

Bokant die hoofingang is 'n pragtige voorbeeld van 'n tipe roosvenster, iets unieks in dié gebied onder bespreking.⁴⁵ Weerskante van die hoofingang is lang lansetvensters. Dié tipe venster word op elke sy van die kerk herhaal, twee aan elke kant van die hoofbeuk en een aan elke kant van die sybeuke. Aan die sygewels is groot Gotiese spitsboogvensters, deur roeie in drie ligte verdeel, met 'n herhaling van die ontwerp van die ronde vensters op die voorgewel in die maaswerk van 'n spitsbogige boogveld. 'n Breë druplys bekroon elke venster.

Op die hoeke van elke gewel is dubbele steunbere, waarvan telkens een steunbeer in 'n fiaal eindig.

Die wit pleisterwerk om die vensters, gewelrande en aan die steunbere staan in sterk kontras met die klipmure. Dit, en die ingewikkelde trasering van die "roosvenster", verleen 'n hoë graad van dekorasie aan die eksterieur.

Interieur (binnekerk)

In vergelyking met die eksterieur is die interieur baie eenvoudiger. Die dakstoele is oop en die balke is afwisselend

45. Sirkelvormige vensters met dié tipe trasering is reeds sedert ca. 1320 in die Engelse Gotiek aangetref.

oorkruisende trekbalke en 'n boogvormige balk, wat almal op kraagstene rus. Die balke oor die viering ontmoet in 'n klein knobbel. Die ruimtes tussen die spanwydtes van die balke is met houtsnywerk versier.

Die hoofingang en orrelgalery is aan die westelike kant van die langskip en die konsistorie en kansel direk hierteenoor aan die oostekant. Die banke is op die lengte-as en oor die hele breedte van die sybeuke gerangskik.


Die orrel en preekstoel is albei eenvoudig afgewerk. Laasgenoemde het 'n veelhoekige kuip en 'n driehoekige nis agter met hout uitgevoer en wat terselfdertyd ook die klankbord is.

Estetiese uitsig

Omdat dié kerk nie teen die hoofpad lê nie, kan dit onopsigtelik verbygegaan word. Deur egter 'n oomblik daar te vertoef, kom 'n mens onder die indruk van die eenvoud, maar tegelyk ook die grootsheid daarvan. Dit kan moontlik die pragtige getraseerde "roosvenster" by die hoofingang wees wat dié gevoel wek, of die harmonie van die onderdele tot die geheel.

Kritiek kan egter teen die afwerking van die steunbere ingebring word. Dié aan die frontaansig is te sterk beklemtoon deur middel van die wit pleisterwerk, want hierdeur word die oog eerder na die hoeke van die kerk as na die sentrum, die hoofingang met daarbo die ronde venster, getrek.

Hanover



Grondplan

HANOVER

"Presies halfpad tussen Kaapstad en Johannesburg op die nasionale pad, lê die skilderagtige Karoodorpie Hanover."⁴⁶

Dié dorp en gemeente is in 1856 gestig en is dus heelwat ouer as die kerkgebou, wat eers in 1907 opgerig is.

Die kerk staan op 'n groot omheinde terrein, met die gebou verder hierbinne nog eens met traliwerk enkele meter van die mure af, afgesluit. Die hele tuinuitleg is sō ontwerp dat alle lyne konvergerend op die kerk afstuur.

Grondplan

Die gesentraliseerde grondplan het hier voorkeur geniet en wel in die vorm van die Griekse kruis met arms wat ewe lank is. 'n Aanbouing aan die konsistoriekant en die skuins geplaaste toring laat die plan ietwat kompleks vertoon.

(Vergelyk die plandiagram) Die toring is in die dwarste tussen die twee "bene" van die kruis geplaas en het twee half-sirkelvormige uitbouings weerskante.

Eksterieur (buitekerk)

'n Kombinasie van klip en pleisterwerk kom aan die afwerking van die eksterieur voor. Die hoë toring is op die hoeke met klip afgewerk, terwyl die ingangsportaal met sy twee proto-Ioniese suile afgepleister is.

46. Ons Gemeentelike Feesalbum, p.83.

Aan die voorkant van die kerk is ook baie meer van dekoratiewe elemente gebruik gemaak as aan die agterkant.

Die toring is vir drie registers vierkantig, waarna 'n oktagonale register met die horlosie en die spits volg. Fiale begelei 'n tydjie die horlosie-geleding en is deur kort lugbogies met die korps van die toring verbind.

Reg bokant die effens teruggeplaaste hoofdeure is 'n ronde boogveld met die woorde "GAAN TOT ZYN POORTE IN MET LOF" daarop aangebring en die embleem van die Nederduits-Gereformeerde Kerk daaronder.

Al die vensters is in twee registers om die kerk gerangskik. Dié in die onderste register is rondeboogvensters, asook dié in die halfsirkelvormige uitbouings weerskante van die toring. Hierdie vensters het klein pilasters tussen die openinge. Die gewels het reghoekige vensters naby die top met 'n byekorragtige rangskikking van die verskillende ligte.


Interieur (binnekerk)

Opvallend aan die interieur is die ooreenkoms met Laingsburgse kerk. Die oop dakstoele konvergeer ook hier agter die nis waarin die kansel geplaas is. Ook die oorhoekse plasing van dié nis is opvallend eenders, selfs die bewoording op die boog bokant die kansel: "HET EVANGELIE DER GENADE GODS". By Hanover is dié nis egter net hoër as wat dit by Laingsburg

Steytlerville



1. Die Moederkerk vóór restourasie



2. Ná restourasie in 1976

die geval is. Dit is nie duidelik of dié ooreenkomste so beplan is, of bloot net toevallig is nie.

Estetiese uitsig

Die kombinasie van vertikale en diagonale lyne, soos onderskeidelik in die toring en die gewels, en die ronde lyne wat die twee uitbouings weerskante van die toring vorm, is steurend. Hierby word die hoeke van die gewels en die toring te sterk beklemtoon deur die skerp kontras wat die klipafwerking daaraan gee.

'n Driekwartaansig van die kerk (sien pl. XXXII) toon geen deurlopende ritme in die onderdele nie, want te veel vlakke en lyne onderbreek só 'n moontlike ritme, soos byvoorbeeld die verskillende lyne waarop reeds gewys is.

STEYTLERVILLE

Die stigter van dié gemeente was ds. A.I. Steytler, na wie die dorp ook vernoem is. Die dorp se geskiedenis begin met 'n buitekerk vir die gemeente Uitenhage op die regeringsplaas Doorspoort. Dié plaas was aan die Grootriver geleë, binne die driehoek wat deur Uitenhage, Jansenville en Willowmore gevorm is.

"Dié afgeleë kerkplaas was 'n sterk aanspraakmaker om die

uiteindelijke kerkdorp te word,"⁴⁷ wat inderdaad dan ook in Junie 1876 gebeur. Steytlerville, die 81e gemeente van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Kaapland, is op 10 Junie 1876 gestig.

Die huidige kerk

Die hoeksteen van dié kerk is op 5 Mei 1906 gelê en 'n jaar en enkele dae later, op 30 Mei 1907, is dit ingewy.

Dit is 'n groot kruiskerk, gebaseer op die Latynse kruisvorm, met wye beuke. Die toring is aan die sykant van die westelike hoofingang, op die bopunt van die lengte-as, geplaas. Die konsistorie en kerkkantoor is aan die agterkant van die kerk, parallel met die dwarsbeuk. Driehoekige uitbouings, wat diens doen as portale, bewerkstellig die oorgang van die dwarsbeuk na die konsistorie.

Eksterieur (buitekerk)

Wat die plasing van die toring betref, toon Steytlerville se kerk merkwaardige ooreenkoms met sekere kerke in Vlaandere.

Die toring met sy vierkantige onderbou en agthoekige spits, die plasing van die horlosie en die dubbele galmgate op elke sy toon ooreenkomste met die kerk van Lede in Oos-Vlaandere. Die kerk van Lichtervelde in Wes-Vlaandere se toring is ook langs die hoofingang geplaas.

47. Schoonees, L.J., Steytlerville en sy mense, p.20.

In die onderste register van die toring by Steytlerville is 'n ingangsportaal met pilasters weerskante van die deuropeninge. Dié pilasters word in die openinge in die tweede register van die toring, reg bokant die deur, herhaal. Alle openinge - vensters, deure en galmgate - is van die Romaanse rondeboog-tipe. Die groot gewelvensters is bloot deur vertikale roeie in smal ligte verdeel. Nêrens kom enige trasering in die vensters voor nie. Bokant elke venster en portaal is 'n prominente druplys.

Smal, dubbele steunbere wat trapsgewys verjong kom weerskante van die toring en op die hoeke van die gewels voor. Tussen die vensters van die langskip en die konsistoriemuur is ook steunbere.

Interieur (binnekerk)

'n Beskrywing van sowat 70 jaar gelede kan vandag nog byna in sy geheel van toepassing gemaak word:

"De kerk is een der grootste in Zuid Afrika en heeft 1 200 zitplaatsen op den vloer. De banken, ook van eikenhout uit Amerika ontboden... ryzen van voren trapsgewyze naar achteren, zoo= dat de achterste banken drie voeten hooger zyn dan de voorste.

Boven de consistorie, de predikants- en de kinder= kamer, is er een opperzaal 52 voet (16m) lang en 25 voet (7,69m) breed." 48

48. Schoonees, L.J., op.cit., p.73.

Die plafon is redelik hoog en 'n konstruksie van steekbalke is sigbaar. Dié balke rus op kraagstene teen die mure. Dié tipe balke is in die 15e eeu in Engeland ontwikkel om die sywaartse druk op die mure te verminder. By Steytler=ville vervul dit geensins 'n volledige draende funksie nie, want daarvoor is die balke te smal en is die dak ook nie so swaar soos wat dit moontlik in die 15e eeuse kerke die geval sou wees nie. By die hedendaagse gebou kon van heelwat ligter boumateriaal gebruik gemaak word.

'n Orrelgalery kom in die wesparty oor die hele breedte van die kerk voor. Aan die wesparty is die konsistorie, waarna reeds verwys is, en die groot kansel met sy twee trapvleuels. Dié kansel het geen klankbord of houtwerk teen die muur waarteen dit aanleun nie. Wat dié aspek, die ontwerp van die voetstuk en die kuip betref, herinner dit aan die kansel van Graaff-Reinet se Groot Kerk. By laasgenoemde is die trappe egter parallel met die kuip geplaas.

Dekorasie

Aan die buitekerk is die belangrikste dekoratiewe element in die kontras tussen die afwerking en beskildering van die druplyste, vensterrame, en die mure geleë. Die groot vensters met hul gekleurde glaspatrone, wat veral van die binnekerk af duideliker vertoon, dra verder by tot die dekorasie.

Estetiese uitsig

Wanneer 'n mens esteties oor 'n kerk besin, kan die plek daarvan binne die dorpsbeeld nie oor die hoof gesien word nie. Dit is temeer nog op Steytlerville die geval. Schoonees beskryf die dorp soos volg:

"Dit is 'n lang dorp met opvallend breë strate. Van Suikerkop af byvoorbeeld is die geheelindruk rustig deurdat die onderskeie groot woonblokke geometries beplan is. En dis haas onmoontlik om die kerk in die middeldorp met sy 177 voet (54,46m) hoë toring nie raak te sien nie."⁴⁹

Sedert die restourasie van dié kerk in 1976 is dit 'n nog groter aanwinst vir die dorp. Hier is 'n knap stuk werk gedoen. Voorheen was die kerk 'n rooibaksteengebou wat - veral in die hete somersdae - 'n indruk van verlatenheid op sy groot terrein geskep het. Nōu vertoon dit pragtig en kan dié uitsonderlike groot kerkgebou opreg waardeer word. Die loodgrys teëldak, roomkleurige mure en wit beskilderde druplyste, gewelrande en vensters laat die kerk koel en rustig vertoon.

Die toring se blinde hangende booglynsies waarvan die staandertjies op kraagsteentjies rus vertoon druipevormig en aldus dekoratief.⁵⁰ Klein fiale staan ook nou duidelik uit.

49. Schoonees, L.J., op.cit., p.96.

50. Soortgelyke dekoratiewe elemente kom ook voor aan torings in die Nederlande byvoorbeeld Wommelgem.

Voor die restourasie was dit alles onopvallend.

Die moeite wat met die opknapping van dié kerk gedoen is, moet nie net as voorbeeld vir ander gemeentes dien nie, maar ook as inspirasie. Hoewel die getal lidmate van dié gemeente van 1 026 in 1918 tot 410 in 1975 gedaal het, het die kerkraad dit nie maar net as onnodige uitgawes beskou om die kerk vir so 'n klein aantal lidmate op te knap nie. Vir die Steytlervillers was dít sekerlik 'n uitnemende voorreg en eer, sodat die kerk ook tydens die eeufeesviering van die dorp in 1976 in sy nuwe gewaad in die feesviering kon deel.

HOOFSTUK 9BESLUIT

Die mens se godsdiens was van oudsher af 'n bepalende faktor in sy doen en late. Hieruit vloei outomaties voort die mens se behoefte na geboue waarin hy sy godsdiens kon bedryf. Daarom is religieuse boukuns, hetsy pagaan of christelik, deur die eeue heen nog altyd so 'n belangrike boukunstige uiting.

Style het gekom en gegaan en weer hul verskyning in herlewingstyle gemaak. So het in die Middeleeue die Romaanse en Gotiese style uitgekristalliseer, met daarna die Renaissance, Barok en Rokoko en uiteindelik kom die 19e eeu met sy herlewingstyle.

Wat ookal die styl, vir die Christen moes die kerkgebou egter altyd simbool wees van die ewige en goddelike boodskap wat daar verkondig is. Die styl wat daarom seker deur die eeue heen hom as die geskikste vir die uitdra van dié boodskap bewys het, is die Gotiek, hoewel dit deur verskeie kritici as barbaars en onprakties afgemaak is. Dié styl, wat die hoogtepunt en tegelyk die eindpunt van die Middeleeuse style was, sou nooit werklik in die argitektuurgeskiedenis uitsterf nie. Dit sou in die 19e eeu herleef as die neo-Gotiek en dan veral in die kerkargitektuur groot veld wen.

In hierdie herlewing het Suid-Afrika ook 'n aandeel geneem. Die neo-Klassisisme het ook 'n goeie aanhang onder die argitekte in Suid-Afrika gehad.

Die Karookerke is by uitstek verteenwoordigers van dié neo-style, veral dan die neo-Gotiek soos ons dit vind in Graaff-Reinet se Grootkerk in sy geheel, of in kleiner bouelemente soos vensters, goed verteenwoordig in Beaufort-Wes se kerk. Cradock se Nederduits-Gereformeerde kerk is op sy beurt weer 'n waardige verteenwoordiger van die neo-Klassieke styl.

Dit is nie vreemd dat juis die herlewingstyl van die Gotiek, die neo-Gotiek, die kerkboustyl van die Protestantse kerke in Europa, maar ook hier te lande sou word nie. Dit moet as 'n logiese uitvloeisel van ons erfenis beskou word. Bierman¹ wys byvoorbeeld daarop dat die Gotiese gees in ons stamland, Nederland, nooit eintlik in kerkbou uitgesterf het nie. "Deur al die eeue sedert die intrede van die klassisisme is kerke ontwerp wat - hul ontwerpers ten spyt - nog 'n klap van die Gotiese weg het."

Die belangrikste bouelemente van die Karookerke toon dan juis herkoms uit die Nederlandse en Engelse Gotiek, met hier en daar Duitse trekke.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die plattelandse Gotiek in Nederland egter baie eenvoudiger is as die plattelandse Protestantse Gotiek in Suid-Afrika. In 'n kort

1. Bierman, B.E., Boukuns in Suid-Afrika, p.72.

opsomming van die verskillende bouelemente sal kortliks daarop gewys word.

Die eerste en wel ooglopende ooreenkoms wat die Karookerk met die Middeleeuse kerk toon, is ten opsigte van die situering. Die kerke is byna deurgaans op 'n groot kerkplein geplaas, langs die hoofstraat, soos byvoorbeeld in die geval van Beaufort-Wes, Laingsburg en Prins Albert; op 'n sentrale plein, soos ons dit in Aberdeen en Hanover aantref; of aan die bopunt van die hoofstraat, soos op Colesberg. Altyd oorheers die kerk egter die dorpsoneel.

Sprekend van byna al die kerke is die hoë torings, reeds van ver buite die dorpe sigbaar. Dit is dan ook juis dié torings wat die meeste Europese elemente vertoon, soos steunbore (Nederlands van oorsprong), kantele (van Engeland) en ander versieringselemente soos fiale, spuwars en hogels.

Naas die torings is die Gotiese spitsboogvensters dié kerke se grootste bate. Vele Groot-Karookerke spog met pragtige getraseerde vensters met tipiese Engelse drie- en vierpasindelings, soos by Beaufort-Wes en Graaff-Reinet. Ander kerke, soos dié van Steytlerville, Merweville en Prins Albert het weer goeie voorbeelde van die meer sobere oorsnydende trasering wat in die 14e eeu in Engeland ontstaan het.

Wat die grondplanne betref, is die meeste kerke volgens die Latynse of Griekse grondplantipes gebou. In al die gevalle

bestaan die koorgedeelte uit die konsistorie, met direk daarvoor die kansel. Die liturgiese sentrum vul gewoonlik die hele boonste gedeelte van die kruis. 'n Voorbeeld van 'n ander variasie van gesentraliseerde bou, die oktagonale plan, kom by Colesberg se Nederduits-Gereformeerde kerk voor.

In die interieur is die meeste kerke eenvoudig afgedek. In enkele gevalle komoop dakstoele voor, soos by Beaufort-Wes, Graaff-Reinet en Merweville. By eersgenoemde twee kerke loop die hoofbalke saam in 'n knobbel, wat 'n replika is van die "boss" van die Engels-Gotiese Perpendicular Style. Die meeste ander kerke is met plafonne - in sommige gevalle staalplafonne, soos Aberdeen - afgedek.

Die beukruimtes word hoofsaaklik deur die banke in beslag geneem. Dit is simmetries gerangskik of, soos in die geval by die gesentraliseerde grondplantipes, simmetries na agter en waaivormig voor die preekstoel. By Cradock se kerk, waar lengtebou gevolg is, kry ons 'n kombinasie van die bankrangskikking waar dit vir meer as twee-derdes langs die lengte-as gerangskik is en halfsirkelvormig voor die kansel.

Die tradisionele orrelgalery kom by elke kerk voor, gewoonlik in die toringvleuel. In sommige gevalle is daar ook ekstra galerye aan die teenoorgestelde kant (agter die kansel) of in die sybeuke, maar nooit in die lengte-as soos by die Middeleeuse Europese kerke nie.

In afwerking en dekorasie is die meeste kerke baie sober benader. In die interieur kom enkele gevalle van dekorasie aan die orrelpype voor, soos by Graaff-Reinet, Murraysburg en Prins Albert. Dié dekorasie gaan gewoonlik gepaard met baniere waarop 'n teks aangebring is.

Die kansel is ook 'n groot dekoratiewe element in die kerke. Pragtige voorbeelde van tribune of dubbele kansels, soms terug in nisse geplaas, kom onder meer by Aberdeen en Laingsburg voor. Prins Albert het weer 'n besondere voorbeeld van 'n kelkvormige kansel, 'n vorm wat tipies vir die kerke van Oos-Engeland is.

Aan die eksterieur is dit net die afwisseling van pleister en klipwerk, of in enkele gevalle patroonwerk aan die pleistering, soos by Aberdeen en Richmond, wat as dekoratiewe elemente dien. Dié gewitte mure is tipies, nie net van die Suid-Afrikaanse boukuns in die algemeen nie, maar in die besonder van die 19e eeuse kerkargitektuur. In die Karoo veral vorm die afgepleisterde en afgewitte kerke 'n skerp kontras met die omgewing. Voorbeelde van afgewitte baksteengeboue kom selde in die stamlande voor, veral in die kerkargitektuur.

In die geheel beskou dien die Nederduits-Gereformeerde kerke van die Karoo as waardevolle bronne van die suksesvolle

toepassing van Europees-historiese vormtaalelemente. Die verskillende elemente is in die meeste gevalle suksesvol in die geheelstruktuur van die kerk geïnkorporeer.

Maar ook op kultuurhistoriese gebied het dié kerke en ander in die binneland 'n belangrike rol vertolk. Hulle is naamlik die bakens van die uitbreiding van die Kerk na die binne-land, die ligpunte van die beskawing.

BIBLIOGRAFIE

1. AALDERS, W.J. De Kerk: Bijbelsch-Kerkelijk woordenboek. - Groningen: Bij J.B. Wolters' U.M., 1919.
2. ARGIEFJAARBOEK vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1938, Deel II. - Kaapstad: Argiewe van die Unie van Suid-Afrika, 1938.
3. ARGIEFJAARBOEK vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1965, Deel II. - 28e jaargang - Kaapstad: Kantoor van die Direkteur van Argiewe, Publikasie Afdeling, 1965.
4. ARGIEFJAARBOEK vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1967, Deel I. - 30e jaargang - Johannesburg: Kantoor van die Direkteur van Argiewe, Publikasie Afdeling, 1967.
5. BARNARD, W.S. et al. Suid-Afrika: die land en sy streke. - Kaapstad: Nasou, 1972.
6. BATSFORD, H. and Fry, C. The cathedrals of England. - 4th. ed. - London: B.T. Batsford, 1938.
7. BAUMGART, F. A history of architectural styles. - London: Pall Mall Press, 1970.
8. BEAUFORT-WES: [Nederduits-Gereformeerde Kerk] : Inkomende briewe, 1818 - 1843, A-O en R-W; 1844 - 1936. - Kaapstad: Argief van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Kaapprovinsie. - (G.12, 3/1 - 3/3).
9. BIERMAN, B.E. Boukuns in Suid-Afrika: 'n beknopte oorsig van ons boustyle en bouwyse. - Kaapstad: A.A. Balkema, 1955.
10. BOND, F. Gothic architecture in England: an analysis of the origin and development of English church architecture from the Norman Conquest to the dissolution of the monasteries. - London: B.T. Batsford, 1906.

11. BROWN, E. Historical profile of the Nederduitse Gereformeerde Kerk (Dutch Reformed Church) in South Africa. - University of Zululand, 1973.
12. BRIGGS, M.S. Christopher Wren. - London: Falcon Educational Books, 1951.
13. CALTEX-OLIE (SA) BPK. Bewaring van ons erfenis, Deel 1: bewaring van ou geboue en historiese oorblyfsels. - Kaapstad: Die Maatskappy, 1966. - (Diens vir gemeenskapsontwikkeling).
14. COPE, G. ed. Christianity and the visual arts: studies in the art and architecture of the church. - London: Faith Press, 1964.
15. CRADOCK: [Korrespondensie van die Boukommissie van die Nederduits-Gereformeerde Kerk met die argitekte] : 6 Julie 1867 en 2 Augustus 1876. - Kaapstad: Argief van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Kaaprovinsie.
16. CRONJE, G. red. Die Westerse kultuur in Suid-Afrika. - Pretoria: J.L. van Schaik, 1963. - (Universiteit van Pretoria. Navorsings- en Publikasiekomitee).
17. DEHIO, G. en Bezold, G. Die Kirchliche Baukunst des Abendlandes, Zweiter Band. - Hildesheim: Georg Olms Verlagsbuchhandlung, 1969.
18. DE SEYN, E. Geschied- en aardrijkskundig woordenboek der Belgische gemeenten, Eerste Deel. - Turnhout: Uitgaven Brepols, [s.a.] .
19. ERASMUS, M.F. Halfeeufesgedenkboek Ned. Geref. gemeente Merweville, K.P. 1904 - 1954: oorsig van die geskiedenis van die gemeente. - Merweville: Kerkraad, [1954] .

20. FIDDES, V. The architectural requirements of Protestant worship. - Toronto: The Ryerson Press, 1961.
21. FLEMING, J. et al. The Penguin dictionary of architecture. - 2nd. ed. - Harmondsworth: Penguin Books, 1972.
22. FRANSEN, H. red. Gids vir die museums van Suider-Afrika. - Kaapstad: S.A. Museumvereniging, 1969.
23. GEDENKBOEK van die Nederduitse Gereformeerde gemeente te Prins Albert: 'n geskiedkundige oorsig van sy honderdjarige bestaan 1842 - 1942. - Kaapstad: Nasionale Pers, [s.a.] .
24. GRAAFF-REINET: [Nederduits-Gereformeerde Kerk] : Inkomende briewe, 1808 - 1925. - Kaapstad: Argief van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Kaap=provinsie. - (G.6, 2/3).
25. GREIG, D. A guide to architecture in South Africa. - Cape Town : Howard Timmins, 1971.
26. HATTERSLEY, A.F. An illustrated social history of South Africa. - Cape Town: A.A. Balkema, 1973.
27. HOPKINS, H.C. Die Ned. Geref. Kerk Cradock 1818 - 1968. - Observatory: Pro Ecclesia Drukkery, [s.a.] .
28. HOPKINS, H.C. Eeufeesgedenkboek van die Ned. Geref. Kerk Sutherland 1855 - 1955. - Sutherland: Kerkraad, [s.a.] .
29. HOWARD, F.E. and Crossley, F.H. English church woodwork: a study of craftsmanship during the Mediaeval Period A.D. 1250 - 1550. - London: B.T. Batsford, c. 1917.

30. JANSE, H. Stads- en dorpskerken in Noord-Holland. - Zaltbommel: Europese Bibliotheek, 1969. - (Cultuurge=schiedenis der Lage Landen; Deel III).
31. JORDAN, R.F. A concise history of Western architecture. - London: Thames and Hudson, 1971.
32. KIDSON, P.M.P. and Thompson, P. A history of English architecture. - Harmondsworth: Penguin Books, 1969.
33. KING, L.C. South African scenery: a textbook of geomorphology. - Edinburgh: Oliver and Boyd Ltd., 1942.
34. KLOPPERS, M.H.O. en Wassenaar, G.M.C., opstellers Eeufees N.G. gemeente Aberdeen 1855 - 1955. - Aberdeen: Kerkraad, [1956] .
35. KOORTS, J.M.J. Beginnels van Gereformeerde kerkbou. - Bloemfontein: Sacum Beperk, 1974.
36. KOTZÉ, D.A. Die gemeente Fraserburg: 'n eeufesgedenkboek (1851 - 1951). - Fraserburg: Kerkraad, [s.a.] .
37. KRIEL, L.M. en Gerdener, G.B.A. Kerkgeskiedenis vir ons volk. - Kaapstad: S.A. Bybelvereniging, 1924.
38. KRITZINGER, M.O. Driekwarteeufesgedenkboek van die Ned. Geref. Kerk Laingsburg 1882 - 1957. - Laingsburg: [Kerkraad] , [1957] .
39. KULTUURGESKIEDENIS van die Afrikaner: Die eerste beskrywing van die Boere-volkslewe in al sy vertakkinge, Deel I. - Kaapstad: Nasionale Pers, 1945.

40. KULTUURGESKIEDENIS van die Afrikaner: Die eerste beskrywing van die Boere-volkslewe in al sy vertakkinge, Deel II. - Kaapstad: Nasionale Pers, 1947.
41. KULTUURGESKIEDENIS van die Afrikaner: Die eerste beskrywing van die Boere-volkslewe in al sy vertakkinge, Deel III. - Kaapstad: Nasionale Pers, 1947.
42. LEWCOCK, R. Early nineteenth century architecture in South Africa: a study of the interaction of two cultures 1795 - 1837. - Cape Town: A.A. Balkema, 1963.
43. LUIKS, A.G. Wij bouwen kerken voor God en mensen. - Franeker: T. Wever, [voorw. 1961].
44. MÖNNICH, C.W. red. Encyclopedie van het Christendom, Protestants Deel: met medewerking van oud-Katholieken. - Amsterdam: Elsevier, 1955.
45. MOORREES, A. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652 - 1873. - Kaapstad: S.A. Bybelvereniging, 1937.
46. MURRAYSBURG: [Nederduits-Gereformeerde Kerk] : Kerkraadsnotule 28 April 1856. - Kaapstad: Argief van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Kaapprovinsie. - (G.38,1/1).
47. NEEDHAM, A. How to study an old church. - London: B.T. Batsford, 1944.
48. NIENABER, P.J. Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek, Deel I. - Kaapstad: Suid-Afrikaanse Boeksentrum, 1963.
49. NORBERG-SCHULZ, C. Meaning in Western architecture. - New York: Praeger Publishers, 1975.

50. OBERHOLSTER, J.A.S. Murraysburg honderd jaar oud 1855 - 1955. - Murraysburg: Kerkraad, 1956.
51. OBERHOLSTER, J.A.S. Nederduitse Gereformeerde gemeente eeufees-gedenkboek Richmond, K.P.: 'n oorsig van die geskiedenis van die gemeente, 1843 tot 1943. - [Richmond] : Kerkraad, [s.a.] .
52. O'CONNELL, J.B. Church building and furnishing: the Church's way: a study in liturgical law. - Indiana: University of Notre Dame Press, 1955.
53. OLIVIER, P.L. red. Ons gemeentelike feesalbum: 'n oorsig van die ontstaan en die groei van die Gefed. Ned. Geref. Kerke met geleentheid van die Van Riebeeck-fees 1952. - Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers van S.A., [1952] .
54. ONS KERK ALBUM van Hollandsche kerken en leeraren. - [s.l.] : [s.n.] , 1916.
55. PALMES, J.C., ed. Sir Banister Fletcher's a history of architecture. - 18th ed. - London: The Athlone Press, 1975.
56. PRETORIUS, J.C. Die aandeel van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika aan die kerbou: 'n kultuurhistoriese benadering. - Pretoria: Die Universiteit, 1969. - [ongepubliseerde M.A.-verhandeling] .
57. PRINS ALBERT: [Nederduits-Gereformeerde Kerk] : Kerkraadsnotules 1843 - 1882. - Kaapstad: Argief van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Kaap=provinsie. - (G.64, 1/1).
58. RAPER, P.E. Streekname in Suid-Afrika en Suidwes. - Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 1972. - (Naamkundereeks nr. 1).

59. RICHMOND: [Nederduits-Gereformeerde Kerk] : Inkomende briewe 1844 - 1918. - Kaapstad: Argief van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Kaapprovinsie. - (G. 26, 3/1, 3/2).
60. SCHOONEES, L.J. Steytlerville en sy mense: eeufesgedenboek 1876 - 1976. - Elsie'srivier: Nasionale Boekdrukkery, 1976.
61. SUID-AFRIKAANSE Uitsaaikorporasie Televisie. Herlewingstyle in die Victoriaanse styl. - Maart 1976. - (Ons Argitektoniese erfenis; 10).
62. SMIT, A.P. Gedenkboek van die Nederduits-Geref. gemeente Beaufort-Wes 1820 - 1948. - Kaapstad: Kerkraad, [s.a.]
63. SMITH, E. English parish churches. - London: Thames and Hudson, c. 1976.
64. SPOELSTRA, C. Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, Deel I: Brieven van die Kaapsche Kerken aan de Classis Amsterdam 1655 - 1804. - Amsterdam: Hollandsch-Afrikaansche uitgevers-maatskappij, 1906.
65. STICHTING Oude Groninger Kerken, 1. - Groningen: Die Stigting, 1972.
66. SWAAN, W. The Gothic cathedral: the cathedral in Medieval society. - London: Elek, c. 1969.
67. THERON, D. Ons argitektoniese erfenis, in S.A.U.K. Bulletin, vol. 18, no. 23, 6 November 1972, - p.40.
68. THERON, D. Ons Karoo-erfenis in gevaar, in Lantern, vol. XXIII no. 1, September 1973, - p.4.

69. VAN DER SCHYFF, P. Hy wil die Karoo in elke huis bring, in Die Rapport, 26 Junie 1975, p.6.
70. VAN DER WATT, P.B. Gedagtes rondom 'n kontemporêre kerk=geskiedenis, met besondere verwysings na die Ned. Geref. Kerk. - Pretoria: Die Universiteit, 1975. -(Publikasies van die Universiteit van Pretoria, nuwe reeks no. 92).
71. VAN GELDER, H.E. et al. Gids voor de Nederlandsche kunst. - Utrecht: Prisma Boeken, 1964.
72. VAN JAARSVELD, F.A. red. Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648 - 1961. - Kaapstad: Nasou, c. 1971.
73. VERMEULEN, F.A.J. Handboek tot de geschiedenis der Nederlandsche bouwkunst. - 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff, 1928 - 1941. - [Teks: 3 dele, plate: 3 dele].
74. VIVIER, W.G.H. en S. Hart van die Groot-Karoo: 'n kerkgeskiedenis van Beaufort-Wes en omstreke. - Beaufort-Wes: [Die skrywer], 1975.
75. VORSTER, J.D. Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652 - 1795. - Potchefstroom: Pro Rege, 1956. - [Gepubliseerde proefskrif].
76. WALTON, J. Homesteads and villages of South Africa. - Pretoria: J.L. van Schaik, 1952.
77. WEYRES, W. en Bartning, O. Kirchen: Handbuch für den Kirchenbau. - München: Verlag Georg D.W. Callwey, 1959.
78. WITSEN ELIAS, J.S. Koorbanken, koorhekke en kansels. - Amsterdam: Uitgeverij Contact, 1948. - (De schoonheid van ons land: beeldhouwkunst).
79. YARWOOD, D. The architecture of England: from prehistoric times to the present day. - London: B.T. Batsford, 1963.

OPSOMMING

In die ondersoek na die Europees-historiese vormtaalelemente in die Nederduits-Gereformeerde kerke van die Groot-Karoo en omgewing is bevind dat dié kerke veral deel het aan die herlewingstyle wat in die 19e eeu in Europa ontstaan het.

Dit was veral die neo-Gotiek, gebaseer op die hoogtepunt van die Middeleeuse style, en die neo-Klassieke styl wat in die Karookerke neerslag gevind het. Die voedingsbron van die Suid-Afrikaanse variasies is hoofsaaklik die Dietse stamlande en Engeland. Seker die volmaakste voorbeeld van die Engelse Gotiek is die Grootkerk van Graaff-Reinet, gebaseer op die katedraal van Salisbury in Engeland. Die Nederduits-Gereformeerde kerk op Cradock is op sy beurt weer 'n variasie van die neo-Klassieke St. Martin-in-the-Fields op Trafalgar Square, Londen. In albei dié kerke is die onderskeie style se vormtaalelemente gevarieer, met in eersgenoemde geval 'n minder suksesvolle toepassing. Die oorvloedige gebruik van sekere Gotiese elemente en detail soos fiale, sterk geprofielde kroon- en druplyste en beeldhoukunstige dekorasie skep byvoorbeeld aan die symure 'n bont effek. By Cradock se kerk is die toepassing van neo-Klassisistiese elemente - 'n diep portiek, groot pediment en Toskaanse suile - wat met 'n Gotiese toring gekombineer word, baie geslaagd.

Wat 'n algemene beskouing van al die Karookerke wat besoek is betref, was dit opvallend dat dié kerke in hulle situering ook 'n Middeleeuse tendens vertoon.

Die kerk is op 'n groot plein geleë, direk langs die hoofstraat (Beaufort-Wes, Prins Albert, Murraysburg en Laingsburg), of vorm 'n "eiland", sentraal in die dorp (Aberdeen en Hanover). In ander gevalle loop die hoofstraat teen die kerk dood (Merweville en Colesberg). Verskeie graftombes kom dikwels binne die kerkterrein voor, wat heenwys na die oud-Europese "kerkhof- rond- die - kerk"-idee.

Sprekend van bykans al die kerke is die hoë torings, reeds ver buite die dorpe sigbaar. Dit is dan ook juis dié torings wat die meeste Europese elemente vertoon, soos steunbere (Nederland), kantele (Engeland) en ander versieringselemente soos fiale, spuwars en hogels wat by die meeste Europees-Gotiese katedrale aangetref word.

Naas die torings is die Gotiese spitsboogvensters dié kerke se grootste bate. Vele Karookerke spog met pragtige getra-seerde vensters met byvoorbeeld tipiese Engelse drie- en vierpasindelings, soos by Graaff-Reinet en Beaufort-Wes. Ander kerke, byvoorbeeld dié op Steytlerville, Merweville en Prins Albert, het weer goeie voorbeelde van oorsnydende trasering.

Die meeste kerke is volgens die Latynse en Griekse grondplan-tipes gebou. 'n Voorbeeld van 'n oktagonale plan kom in die Bo-Karoo by Colesberg voor.

Oordekking vandie kerkruimte geskied deur die algemene hanebalk- en stutbalkstelsels, wat veral tipies is van houtgewelwe in die Engelse Gotiek. Kruisgewelfstelsels in hout, geïnspireer deur onder meer die Engelse Perpendicular Style, waarin die knobbel prominent oor die viering figureer, kom by onder meer Beaufort-Wes en Graaff-Reinet voor. Die meeste ander kerke het nie oop dakstoele nie, maar is deur plafonne afgedek.

Die tradisionele Europese ruimte-indeling van die interieur in hoofbeuk, sybeuke, transep en koor word nie volledig in die Karookerke gevolg nie. Veral die koorgedeelte of sanctuarium van die Rooms-Katolieke kerk, ontbreek en word bloot deur die konsistorieruimte vervang. In sommige kerke (Murraysburg, Merweville, Aberdeen en Steytlerville) neem groot dubbele kansels, soms terug in nisse geplaas, ook 'n groot ruimte direk voor die konsistorie in beslag.

Die kansels wissel dikwels in vorm en grootte. Behalwe die tribune-tipe, kom ook 'n goeie voorbeeld van 'n tipiese Oos-Engelse kelkvormige kansel op Prins Albert voor. Beaufort-Wes se kerk het op sy beurt 'n pragtige agthoekige kansel op 'n hoë voetstuk. Die kansels het gewoonlik ryklik versierde klankborde waarin een of ander Gotiese motief wat in die interne dekorاسie gebruik is, herhaal word.

In afwerking en dekorاسie sowel aan die interieur as eksterieur

is die oorgrote meerderheid van die Karookerke wat besoek is, baie eenvoudig. Die trasering van die vensters, pleister- en klipwerk verskaf die nodige dekorasie.

Hoewel dié kerke tog, afgesien van gemelde feite, weelderiger as die plattelandse Protestantse kerke van Nederland vertoon, bly hulle in die geheel gesien sober in benadering.

Die gebed van Jan van Riebeeck met sy landing aan
Kaap die Goeie Hoop, 6 April 1652

O Barmhertige Goedertieren Godt ende Hemelsche Vader,
 Nadien het uwe Goddelijcke Maijesteijt geliefft heeft ons
 te beroepen over 't bestier der saacken van de Generale
 Vereenighde Nederlantse g'octroijeerde Oost Indische Compe.
 alhier aen Cabo de Boa Esperance ende wij ten dien eijnde
 met onsen bijhebbenden Raedt in uwe H. name vergadert zijn:
 omme met advijs van deselve sodanige besluijten te maecken,
 waermede den meesten dienst van de opgemelte Compe. gevoirdert,
 de Justitie gehanthaefft, ende onder dese wilde brutale menschen
 (mogelijck sijnde) uwe ware gereformeerde Christelijcke Leere
 mettertijt mochte voortgeplant ende verbreyt worden, tot uwes
 H. Naemens loff ende Eere, ende welstant onser Hren. Principalen,
 waertoe wij sonder dijne genadige hulpe 't alderminste en vermogen.
 Soo bidden wij U derhalven O aldergenadighste Vader, dat gij ons
 met uwe Vaderlijcke wijsheijt wilt bijwoonen, ende in dese onse
 vergaderinge presiderende, onse herten sulx verlichten dat alle
 verkeerde passien, misverstande ende andere diergelijcke ge=
 breecken van ons mogen geweert) blijven, ten eijnde onse
 herten van alle menschelijcke affecten reijn, ende onse gemoederen
 soo gestelt sijnde wij in onse raedtslagen niet anders voornemen
 nochte besluijten, als 't gene mach strecken tot grootmaeckin(ge)
 ende loff van uwen alderheijlighsten naeme, ende den meesten dienst
 van onse Heeren ende Meesters sonder in eeniger maten op eijgen
 baet off particulier proffijt acht te nemen, hetwelcke ende wes
 meer ons tot uijtvoer(in)ge onser bevolen dienste ende zaligheijt
 nodigh sij. Wy bidden ende begeeren in den naeme uwes Wel lieven
 Zoons onsen Heijl(ant) ende Zaligmaker Jesu Christij, die ons
 heeft leeren bidden
 Onse Vader &a.

Uit: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap no.1


A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad,
 1651-1669, deel I p.1
 Pretoria, Staatsdrukker, 1957.


Die Groot-Karoo het 'n bekoring van sy eie

Uittreksel uit 'n Artikel deur die Nasionale Toeristeburo, soos opgeneem in Die Oosterlig, Woensdag 15 Junie 1977, bylae p.1.

"Die Groot Karoo dek 'n uitgestrekte gebied van Touwsrivier en Prins Albert in die suide tot by Cradock in die ooste en noordwaarts oor Colesberg en De Aar in die weste oor Carnarvon en Williston.

"Die Hottentotnaam van die gebied beteken droog, skraal en hard en dit is inderdaad 'n landskap wat op die oog af kaal en soms vaal daar uitsien. Die dorpe lê ver van mekaar, stil en wit in die wasige hitte van die somer, en in die winter steek klippe en rantjies bibberend bokant die kaal vlakke uit. Beskou ons die gebied egter van nader, dan vind ons 'n gebied met 'n bekoring van sy eie....."





... denote the top of the
 X to the church tower
 tower to be placed 8 ft. from railway
 required about 1/40 of the tower
 " 3. 1/40 of the tower
 along the tower towards the
 church, a new ledge.

